# HOOFSTUK IV

## DIE ONTWIKKELING EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE PROVINSIES VAN SUID-AFRIKA VAN 1916 TOT 1924

## A. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS

### 1. Beleid van die ontwikkeling

#### Inleiding

Soos die konferensie van 1911 die rigting vir die ontwikkeling van tegnies en beroepsonderwys aangedui het, het die heelwat kleiner en geringer konferensie van 1916[1)] in Bloemfontein getrag om aanvullende koerse aan te dui. Hierdie verteenwoordigers was praktiese manne[2)] wat binne die beroep gestaan het en het dan ook veeleer die vinger op die pols gehad sodat die aanbevelings van prakties uitvoerbare aard was.

#### (a) Bloemfonteinse Konferensie oor Industriële onderwys

Nadat die onderwysmanne twee dae beraadslaag het, het hulle aanbevelings gedoen oor "Schooluren van het Normale Kind," "Huishoudwerk en Vrouwewerk", "Biezondere Klassen van Kinderen", "Verplicht Schoolbezoek", "Industriële Scholen", "Landbouwonderricht," "Latere Zorg voor Leerlingen" en "Registratie voor Arbeidsverstrekking" en "Taalmoeilikheden". Die 23 aanbevelings dui daarop dat al die volgende wesentlike vraagstukke in die ontwikkeling van die tegniese en beroepsonderwys onder die oë gesien is.

#### (I) Beroepsonderwys in die gewone provinsiale skole

Die eerste aanbevelinge dek die beroepsgerigte onderrig in die gewone skool waar die leerling in n sekere mate voorberei word vir die toekomstige handearbeidsrigting. Nie net moet die praktiese vakke gegee word nie, maar die vakkeuse moet ook by die kursus inpas en dit moet Rekene, Tekene en Natuurkennis behels. Die handearbeid in die gewone skool moet verder in die leerling ontwikkel:

---

1. Die Konferensie het op 6 en 7 September 1916 beraadslaag.
2. Behalwe die Ondersekretaris van Onderwys en die twee lede van n "Regeringskomitee van Onderzoek oor Industriële Onderwys" het hoofde van bestaande Tegniese en Beroepskole bygewoon.

(i) "De macht om de kennis van gewone schoolonderwerpen op de gewone wijze verkregen in de schoolzaal, toe te passen;

(ii) Behendigheid en een nuttige bruikbare kennis van gereedschappen en materialen;

(iii) Het kunstgevoel en het gevoel van evenredigheid of geschiktheid van zaken met betrekking tot andere zaken, zonder daardoor in te grote mate een van deze eisen op te offeren ten gunste van een andere."[1]

(II) Huishoudskole

Waar gepleit is dat alle dogters die een of ander soort huiswerkvak moet neem, is besef dat sekere vakopleiding dogters goed te pas kan kom en is ook vakopleiding soos Kleremakery, Tikskrif ensomeer aanbeveel. Daar is ook gepleit dat "Biezondere Klassen" vir behoeftige leerlinge wat onder artikel 34 van Wet nr. 25 van 1913 kan val, gestig moet word, sodat genoegsaam ruimte vir al diesulkes beskikbaar kan wees. Verder moet gewone industriële skole ook bereid wees om gesertifiseerde leerlinge op te neem. Die konferensie beklemtoon die feit dat skoolrade en skoolkomitees leerlinge wat binne die jurisdiksie van die "Wet op Verwaarloosde Kinders"[2] val, aan inrigtings moet oordra wat spesiaal vir hulle in die lewe geroep is. Ongelukkig sou sulke leerlinge dan buite die bestek van die Provinsiale beheer val en hier sou die verdeelde beheer weer nadelig op die opvoeding en onderrig van die leerling inwerk.[3]

(III) Industriële skole

Wat die Industriële skole betref, het die konferensie drie aanbevelings gedoen wat saaklik daarop neerkom dat die skole leerlinge in sowel die klaskamer as in die werkwinkel gedurende die dag moet oplei en dat die leerplanne gedetailleerd moet wees om stelselmatig tot die "Voorbereidende Tegniese Sertifikaat" of die "Huisvrou Sertifikaat" van die Nasionale Raad vir Tegniese Onderwys te lei. Verder moet leerlinge tussen 13 en 16 jaar met 'n mediese sertifikaat van liggaamlike

---

1. U.G. 9 - 1917, 28.
2. Wet nr. 25 van 1913.
3. Kaapland stel sy "Een-onderwyser Behoeftige Leerlinge" Ordonnansie van 1917 in om kinders te behou.

geskiktheid toegelaat word onder kontrak dat hulle tot hul 18de jaar ingeskryf bly, maar net nie langer as vyf jaar nie.[1]

(IV) Landbou-opleiding

Landbou-opleiding beskou die konferensie net so belangrik as handearbeid op die skool en daar word sterk daarop aangedring dat die plattelandse skole in die leerplan daarvoor voorsiening moet maak en dat vanaf st. 4 rondreisende onderwysers leerlinge in die beginsels en praktyk moet oplei totdat genoeg behoorlik opgeleide leerkragte vir die skole beskikbaar is. Ter wille van die groot behoefte aan plaasopsigters moet bestaande Industriële skoolboerderye deur gulhartige bydraes aansienlik uitgebrei word. Albei tale moet in die inrigtings wat tegniese en beroepsonderwys voorsien, gebruik word, aangesien die meeste leerlinge Afrikaanssprekend is, en sommige inrigtings net deur medium Engels onderrig gee.[2]

Verskeie van hierdie aanbevelings is deur die provinsiale owerhede aangedurf, maar in die geheel is daar maar baie min tot in 1924 verrig.

(b) Komitee van ondersoek oor Industriële onderwys in 1916

As gevolg van die "Gekose Komitee van Volksraad omtrent Droogte Noodleniging(Maart 1916)" se aanbeveling dat

> "een grondige onderzoek worde ingestelt door een of meet personen omtrent de bestaande nijverheidscholen met het oog op de toekomstige uitbreiding en de voorwaarden waarop zodanige uitbreiding behoort plaats te vinden"

i.v.m. die heersende armoede op die platteland en in 'n poging om dit te verlig, is Coleman en Luckhoff aangestel om verslag te doen. Hierdie komitee het eerstens te doen gekry met die vraagstuk wat nou eintlik nywerheidsonderwys is en verklaar:

> "dat in het verleden belangrijke verschille bestaan hebben omtrent de gezichtspunt in dit land genomen aangaande de betekenis van Industrieel Onderwijs."[3]

---

1. U.G. 9 - 1917, 30.
2. Ibid., Aanhangsel 4 art. 23.
3. Ibid., 1.

Hoewel die komitee ŉ baie nou verband gevind het tussen armoede en die industriële opleidingskole waardeur die openbare mening teen die soort onderwys geraak het, is aanbeveel dat industriële onderwys eintlik moet wees

> "onderwijs als voorbereiding tot de nijverheid en bestemd voor degenen die waarschijnlik hun levensonderhoud zullen moeten verdienen door handearbeid."[1]

Aan die hand is gedoen dat die stigma van armoede aan die soort skole so gou doenlik verwyder moet word en dat die skole voortaan so na moontlik aan tegniese of ambagskole verwant moet wees. Dis nie die wet van die Mede en Perse dat behoeftiges tegniese onderwys moet ontvang nie en waar die owerheid in loco parentis optree, moet die onderhoud en onderrig geskei word, sodat die armoede nie aan die onderrig as ŉ stigma bly kleef nie.[2] Leerlinge wat gewoonweg vorder, moet in gewone skole opgelei word sover as wat aanleg dit moontlik maak, terwyl dit vasstaan dat

> "het kind waarvoor zij speciale voorziening moet maken, zal ongetwijfeld een zwaardere taak hebben dan anderen, om van zijn leven een sukses te maken."

Niks behoort in die weg van diegene te staan om verdere vooruitgang te maak nie.[3]

(I) <u>Aanbevelings van komitee</u>

Voorts stel die komitee hom ten doel om die opleidingsgeleenthede van diegene wat in die nywerhede hul toekoms wens te soek vanuit ŉ drieërlei oogpunt te benader. Wat die werkgewer betref, beveel die komitee aan dat laer beroepsonderwys nie nodig is nie, maar wel opleiding in die werkwinkels van die nywerheid self. Hierdie opleiding moet dan gedurende die dag geskied met enkele ure se opleiding in die tegniese vakke, i.v.m. die nywerheid waarin die seun wens te kwalifiseer. Hierteenoor stel die komitee die standpunt van die staat wat nie genoeë neem met sulke swak toegeruste werkers en goedkoop arbeid nie. Op die een of ander tyd sal hulle staatslastiges word en daarom is st. 4 geensins ŉ voldoende peil vir skoolplig nie, maar wel st. 6 of 16 jaar.

---

1. U.G. 9 - 1917, par. 1.
2. Ibid., par. 6.
3. Ibid., par. 36 - 54.

Veel meer is egter nog nodig. Die leerling wat in ꞌn nywerheidsrigting wil gaan, behoort deur die laerskool in ꞌn voorgeskrewe kursus voorberei te word sodat die Voorbereidende Tegniese Sertifikaat behaal kan word. Diesulkes behoort dan verder behalwe in die praktyk ook nog deeltydse klasse by te woon ten einde die Nasionale Tegniese Sertifikaat te behaal. Sowel teorie as praktyk is vir die sertifikaat noodsaaklik en na nog twee jaar kan die Senior Tegniese Sertifikaat behaal word wat gelyk staan aan die matriekstandaard. Hoewel die seun deur kortsigtigheid van ouers so vroeg moontlik in die een of ander werk geplaas word om self te verdien, moet die staat toesien dat hy goeie algemene onderrig geniet en dat hy hom vir vyf jaar vas teken in die ambag waarvoor hy aanleg het as hy sy voorgeskrewe proeftyd met sukses deurstaan het. Die werkgewer moet dus ook verpligtinge teenoor sy werknemer hê. Dit kan op verskillende maniere gedoen word. So moet die vakleerling in die werkplek onder toesig van ꞌn gekwalifiseerde vakman staan en indien deeltydse klasse in die een of ander beroepskool bygewoon word, behoort die leerling ondersteuning te ontvang.

> "School bezoek en vooruitgang in de techniese inrichting moeten worden erkend en er moet op worden aangedrongen."[1]

Behalwe dat die komitee sterk staan ten opsigte van die verandering van nywerheidskole om tot die status van ambagskole verhoog te word, beveel hulle ook nog aan dat

> "een centraal komitee behoort te worden samengesteld om het werk van Plaasselike Raden voor Jeugdigen en Toezicht Komitees in de rechte richting te sturen en te rangschikken."[2]

Die Jeugrade en Toesigkomitees kan dan die doodloopberoepe bestudeer en leerlinge in ander betrekkinge plaas. Dat hierdie komitee die vraagstuk van sowel die behoeftige leerlinge as die opleiding van bedrewe vakmanne raakgesien en met besliste aanbevelings wou opgelos het, sal blyk uit die verdere pogings van die staat om toestande vir die werkgewer, die vakleerling en die owerheid te begunstig.

---

1. U.G. 9 - 1917, art. XI.

2. Ibid., art. IX.

## 2. ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE KAAP-PROVINSIE VAN 1916 TOT 1924

### (a) Tegniese en beroepsvakke in gewone skole

#### Inleiding

Aangesien die bepaling van vyf jaar deur die Zuid-Afrika-wet verstreke is en die Unieregering nog nie die onderwys oorgeneem het waarop hy geregtig is ooreenkomstig die bepalings van die grondwet nie, sal die volgende fase in die ontwikkeling van die tegniese en beroepsonderwys nagegaan word. Veral sal die klem laat val word op die uiteendrywing van die stelsel in teenstelling met die begeerte van die Sentrale Owerheid dat dit 'n hegte eenheid moet vorm, ter wille van die nasionale idee waarvan so vuriglik op die Nasionale Konvensie getuig is.

#### (I) Vordering in die handwerkvakke

Soos in die vorige hoofstuk het die tegniese en beroepsonderwys nog steeds bestaan uit die aanbieding van vakke soos, Kartonwerk, Tekene, Houtwerk, Naaldwerk, Kookkuns, Huishoudkunde, Boekhou en Handelsrekene, Snelskrif en Tikskrif waarvan die handelsvakke nou meer prominent die aandag van die skole geniet. In die opleidingskollege te Kaapstad is baie aandag deur die instrukteurs en instruktrises aan die studente gewy wat die kursusse geloop het. Alle kwekelinge moes dan ook 'n volle jaar aan die opleidingskollege deurbring sodat hulle beter toegerus kan wees vir hul beroep in die verafgeleë distrikskole. Inspekteur Scott verklaar in sy jaarrapport oor die opleidingskollege

> "Er zijn verscheidene kersverse onderwijzers die met genoegen gedurende de twee jaar in plaats van één van de door een erkend opleidingsentrum aangeboden voordelen zouden hebben genoten."[1]

Nog steeds is daar 'n skamele vordering in Houtwerk en Kookkuns omdat die aanvangsuitgawes vir geboue en uitrusting so hoog is. Ook Natuurkennis het die omvang bereik wat in die vooruitsig gestel is nie omdat daar te min opgeleide personeel was en omdat die uiteindelike Tuinwerk as praktiese aanvulling by Natuurkennis vir die plattelandse skole skipbreuk gely het vanweë die swak klipperige soort grond

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1916, 6.

"ongeschikt voor bewerking en zonder watertoevoer."[1] Aanplanting van bome het egter oor die hele Kaapland in die smaak van die onderwysers en kinders geval, sodat die wenslikheid by die provinsiale outoriteite bepleit is dat Landbou en veral Bosbou ook aan die provinsiale skole afgestaan moet word.[2] In 1916 het die kwekelinge in opleidingskole van wie verwag is om in die een of ander beroepsvak te slaag 2,326 beloop. So besluit die S.G.O. sy jaarrapport in 1916 met die woorde:

> "In de meeste opzichten zal gevonden worden dat de vooruitgang niet opzienbarend, doch geregeld geweest is."[3]

In 1917 het die geleidelike vordering voortgeduur selfs in die houtwerkafdeling wat weens skaarste aan materiaal baie min vordering gemaak het en ook in Kookkuns waarvoor 'n ontoereikende aantal opgeleide leerkragte bestaan het. Met uitsondering van twee het al die hoërskole in die provinsie Kookkuns onderrig.[4]

(II) <u>Handwerkvakke in die nuwe skoolkursusse</u>

Na oorlegpleging in 1918 is deur die Departement van Onderwys in Kaapland besluit om die skoolkursusse as volg in te deel: Primêre skole sal tot st. 6 gaan en die middelbare skole sal st. 7 insluit terwyl die hoërskole st. 9 en 10 insluit. Die leergange is insgevolge ook gewysig om meer by die praktiese lewe aan te pas sodat hoofde van die plattelandse skole vrygelaat is om 'n leerplan vir elke vak uit te werk in ooreenstemming met die plaaslike vereistes van die lewe. Eenmanskole moes net tot st. 4 gaan en die leerplan moes slegs die essensiële in elke vak aangee. So is in die sekondêre skole ook aanwysings t.o.v. die leerplanne en veral die handelsvakke ingevoer benewens 'n grondige algemene onderwys. Die differensiasie vir die skole kon wees in ooreenstemming met die doelstellings van die leerlinge en het die volgende rigtings ingeslaan:

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1916, 7.
2. Ibid., 1922, 24.
3. Ibid., 1916, 11.
4. Ibid., 1917, 6.

(a) ŉ Kursus vir seuns;
(b) ŉ Kursus vir dogters;
(c) ŉ Kursus in handelsrigtings vir seuns en dogters;
(d) ŉ Plattelandse kursus (seuns en dogters);
(e) ŉ Akademiese kursus vir seuns en dogters.[1]

Die basiese vakke vir elke kursus was albei amptelike tale, Aardrykskunde en Geskiedenis, Wetenskap en Matesis plus een of meer van die volgende vakke: Latyn en Grieks, ŉ moderne taal en ŉ Naturelletaal, Handelsvakke, Handwerkvakke, Huishoudkunde, Tekene, Musiek en Kuns.[2]

Hiermee het die Onderwysdepartement die skole gehelp om in hul opleiding binne in die lewe van die omgewing te staan en terselfdertyd ŉ waarskuwing gerig dat ondersoeke aan die lig gebring het

> "that considerable caution must be exercised before large schemes in the direction of specialised technical education and definite vocational training are undertaken."[3]

ŉ Baie doeltreffender en veiliger soort kursus vir hoërskoolopleiding is geleë in die landbouvakkundige rigting en die Superintendent-generaal van Onderwys vestig die aandag van sekere skoolhoofde daarop dat hul skole gunstig geleë is en dat die omgewings landbouvakskole dringend noodsaaklik maak.

> "It is hoped that circumstances will permit an experimental school of this type to be established in the near future at some suitable centre."[4]

In 1919 kon die S.G.O. daarop wys dat verskeie sekondêre skole hulle losgeruk het van die idee dat alle skoolwerk op Matriek moet uitloop en dat hulle probeer aanpas by die praktiese behoeftes van die land asook die eise van die lewe vir ŉ groot meerderheid van leerlinge wat nooit na ŉ universiteit sal gaan nie. Die skole wat hulle ten doel stel om Matrikulante vir die universiteite voor te berei, sal uiteindelik slegs tot die gewone hoërskoolstelsel beperk wees. Die ge-

---

1. S.G.O.: Jaarrapport, 1918, 9.
2. Onderwys Gazette 10 Februarie 1919.
3. S.G.O.: Jaarrapport, 1918, 10.
4. Ibid., 10.

wone middelbare skool sal ŉ vierjarige kursus dek wat sal uitloop op ŉ eksamen onder toesig van die Departement van Onderwys en min of meer gelyke vlak met die Matrikulasie van die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad. Die kursus sou dan nuttigheidsvakke insluit veral in die rigting van landbou en handel.[1)]

So het die handwerkvakke in die skole waar dit feitlik eers aangeplak is, geleidelik die sentrale middelbare skool bepaal waar leerlinge nie net algemeen onderlê is nie, maar vir die een of ander beroep, veral staatsdiens, besighede en die landbou voorberei is.[2)] Om in die behoeftes van die omgewings te voorsien, sou skole in die nabye toekoms opgerig word te King Williams Town, Oos-London, Middelburg, Beaufort-wes, George, Uitenhage, Ceres, Caledon en Montagu,

> "terwijl de bestaande schoolgebouwen in al deze centra uitsluitend gebruik zullen worden voor lagere scholen."[3)]

Die laerskoolkursus tot by st. 6 is daarop gemik om die leerlinge in staat te stel om nog twee jaar sekondêre onderwys te ontvang en is kwekelingsonderwysers se toelatingsvereistes met ŉ jaar verhoog. Die kursus is egter nog van ŉ algomene aard, maar leerlinge is ook deur die handwerkvakke in die oog-hand-verstand-kombinasies onderlê.[4)] Al die reorganisasie wat in die vooruitsig gestel is, het egter ten nouste saamgeval met die voorbereiding van behoorlik toegeruste onderwysers om in dorp- en distrikskole die onderrig in die volle leergang te voorsien.

> "The influence of handwork on the mental, physical and moral development of the child has become an educational truism."[5)]

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1919, 24.
2. Ibid., 1918, 9.
3. Ibid., 1919, 12.
4. Die Onderwysers-salaris Ordonnansie het aan leerkragte wat in handwerkvakke onderlê is, salariskerwe toegeken. So het die (a)-kategorie op die (c)-skaal te staan gekom. Sien S.G.O. Jaarrapport 1924, 31.
5. S.G.O.: Jaarrapport 1923 - 1924, 31.

Bewus van die feit dat die Unie-Onderwysdepartement die tegniese en industriële skole gaan oorneem, het die S.G.O. weer eens op die belangrikheid van die handwerkvakke in die gewone skoolleergang gewys en verklaar dat die gewone skool nooit van die praktiese vakke kan afstand doen sonder om die leerling te veronreg nie. In die huishouding van die gewone ouers is daar nie meer die nodige opleiding in die praktiese rigting nie en daarom moet daarvoor in die skool voorsiening gemaak word.

> "Now either these faculties must suffer neglect, and consequently the whole uniform development to the child be adversely affected, or else some form of training must be substituted."[1])

### (III) Belangrike plek van handwerkvakke in gewone skole teen 1924

Die S.G.O. het 'n lansie gebreek vir die handwerkvakke in die gewone skool en verklaar dat die beskimpinge van die akademici, die onverskilligheid van die leerkrag wat dit as vermorsing van kosbare tyd beskou het en die kritiek van die ambagsman wat die tegniese prestasies van die leerlinge verkleineer het, allengs verdwyn het en dat die prestasies die skoolwese tot eer strek. Die leerplan in handwerk vir seuns het begin met spelrealiteite in die grade en is opgevolg met illustrasies d.m.v. tekene en die vervaardiging van modelle met papier en later met hout en laastens met metale.

> "In the secondary standards (VII, VIII, IX and X) the work done may be termed semi-vocational."[2])

Die tegniese afdeling was meer die teoretiese opleiding soos eenvoudige masjienkonstruksie.

Die volgende tabel toon die aantal leerlinge aan wat die handwerkvakke vir seuns in die 67 laerskole en in 121 sekondêre skole geneem het.

Tabel nr. 6

| | |
|---|---|
| Aantal leerlinge in st. 4 | 3,464 |
| Aantal leerlinge in st. 5 | 3,767 |
| Aantal leerlinge in st. 6 | 3,561 |
| Aantal leerlinge in st. 7 | 492 |
| Aantal leerlinge in st. 8 | 250 |
| Aantal leerlinge in st. 9 | 20 |
| Aantal leerlinge in st. 10 | 8 |

1. S.G.O.: Jaarrapport 1923 - 1924, 32.
2. Ibid.

Ongeveer 150 onderwysers voorsien handwerkvakke aan die leerlinge en slegs 20 van hulle is voltydse instrukteurs terwyl twee voltydse opsieners (instrukteurs) oor Houtwerk in die skole toesig hou.[1]

Aangesien primêre en sekondêre onderwys nog in die hande van die Provinsiale Rade gebly het en die Durbanse ooreenkoms tussen die Unieminister en die Uitvoerende Rade van die provinsies nie die handwerkvakke in die gewone skoolkursus aangeroer het nie, het die S.G.O. in sy jaarrapport dit sterk beklemtoon dat soos gewone handwerkvakke in die skool ongestoord mee aangegaan moet word, ook Landbou as skoolvak in al sy vertakkinge toegepas kan word.[2] Landbou moet soos Houtwerk en Metaalwerk vir seuns gegee word naas Kookkuns en Naaldwerk vir dogters. Op die kleiner skole moet dit die vorm van tuinwerk aanneem en in groter omgewings die huisprojekplan en in koshuise die groentetuine en buiteskoolaktiwiteite. Die Departement sal die gereedskap en ander apparaat beskikbaar stel en die doserende personeel kan selfs met tydelike leerkragte aangevul word. Dit spreek vanself dat direkte beroepskole na 1924 alleen in die kraam van die Unie-Onderwysdepartement gepas het.

### (IV) Handelsopleiding

In Kaapland was daar slegs een privaatskool in Kaapstad wat handelsonderrig aan jong tiksters en klerke voorsien het. Handelsvakke is egter in die gewone sekondêre en hoërskole onderrig aan die leerlinge wat dit spesiaal geneem het. Hoewel die S.G.O. in 1918 met sy nuwe kurrikulum-skole die reg gegee het om handelskursusse vir seuns en dogters in te stel, is daar geen merkbare toename in die getalle leerlinge wat die vakke geneem het nie.

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1923 - 1924, 34.
2. Ibid., 30.

Tabel nr. 7 toon die ontwikkeling van 1915 af aan:

| Jare | Aantal skole | | | Aantal leerlinge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Boekhou | Snelskrif | Tikskrif | Boekhou | Snelskrif | Tikskrif |
| 1915 | 28 | 12 | 9 | 462 | 276 | 81 |
| 1916 | 28 | 14 | 7 | 636 | 337 | 101 |
| 1917 | 21 | 17 | 7 | 553 | 414 | 116 |
| 1918 | 34 | 21 | 14 | 835 | 455 | 192 |
| 1919 | 27 | 17 | 9 | 726 | 408 | 130 |
| 1920 | 29 | 15 | 10 | 727 | 301 | 146 [1] |

(b) Ontwikkeling van Industriële skole van 1916 tot 1924

(I) Industriële skole vir seuns en dogters

In 1916 het die aantal Industriële skole vir seuns met een vermeerder, naamlik die Edinburgse Industriële skool in Knysna wat deur die Departement van Onderwys self geopen en in stand gehou is. Al 26 leerlinge het hul primêre skoolvakke aan die plaaslike skole bygewoon en verder die timmermanskursus in die Industriële Skool gevolg. Die Industriële skole vir dogters het nog drie getel en die aantal leerlinge wat die kursusse in die een of ander beroepsrigting gevolg het, het van 503 tot 577 in 1916 gestyg.[2]

Kakamas se Industriële Skool het in 1917 begin met ses seuns op die register, terwyl Riebeek-Wes met 54 dogters waarvan 24 in Kleremakery gespesialiseer het, in dieselfde jaar ontstaan het. Die totale aantal seuns en dogters het nou 692 beloop, insluitende die spesiale Industriële Skool verbonde aan een gewone skool in Kaapstad met 'n inskrywing van 18 wat almal Skoenmakery by die gewone skoolvakke geneem het.[3]

Gedurende die volgende jaar het daar slegs Industriële skole vir dogters bygekom en wel te Kakamas, George en Adelaide waar reeds 'n seunsafdeling bestaan. Eersgenoemde skool het Kleremakery aan 20 leerlinge voorsien terwyl Adelaide 19 leerlinge en George 16 ingeskryf het

1. Vir verdere jare is statistieke nie verkrygbaar nie.
2. S.G.O.: Jaarrapport 1916, 15 a.
3. Ibid., 1917, 15 a.

vir Kookkuns, Huishoudkunde, Wassery en Kleremakery.[1]

In 1919 was daar geen verdere toename in die aantal skole nie, hoewel Kakamas tot niet gegaan het omdat daar nie 'n leerkrag vir die skool gevind kon word nie.[2]

Die skool te Knysna is in 1920 tot "ambagskool" verander en het die aantal seuns van 27 tot 58 vermeerder. Almal het in Timmermanswerk gespesialiseer. In Ugie is nog 'n Industriële skool vir seuns in die lewe geroep met 10 leerlinge op die register in die timmermansafdeling. Verder het daar 'n tweede Industriële afdeling aan 'n gewone skool tot stand gekom met 51 leerlinge wat in allerlei verskillende soorte beroepe onderrig ontvang het.[3]

Slegs die Industriële skool vir meisies op Ugie het in 1921 bygekom en het 11 leerlinge op die register gehad vir Kookkuns, Huishouding, Wasserywerk en Kleremakery.[4]

Vanweë finansiële druk was daar egter geen verdere toename in die soort skool vir die volgende drie jaar nie. Daar het egter 'n nuwe soort "Een-onderwyser Industriële skool" na 1919 ontstaan wat verdere bespreking nodig maak.

(II) Een-onderwyser Industriële skole

Sedert die inwerkstelling van die "Behoeftige Kinders Koshuis-ordonnansie" van 1917[5] het die Departement van Onderwys daarin geslaag om talle behoeftige leerlinge van die platteland wat buite die driemylgrens val, in koshuise saam te trek waar die leerlinge gewone primêre skoolvakke aan skole in die onmiddellike nabyheid neem. In 1919 het die S.G.O. besluit om ook Een-onderwyser Industriële skole kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1919 in die lewe te roep. In hierdie skole wat onontbeerlik geword het, aangesien baie seuns en dogters hul primêre

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1918, 15 a.
2. Jaarverslag van instruktrise Currey vir 1921.
3. S.G.O.: Ibid., 1921, 129 - 130.
4. Ibid., 130.
5. Ordonnansie II van 1917, skoolrade en skoolkomitees mag nie sulke koshuise gestig het nie; net kerke en aanverwante liggame.

skoolkursus voltooi voordat hulle die verpligte skoolverlatingsouderdom bereik het, moes spesiale beroepsvakke aan albei geslagte aangebied word.[1)]

Teen die einde van 1920 was daar om en by 5000 behoeftige leerlinge in ongeveer 100 van die soort koshuise en skole saamgetrek en geleidelik moes die "Een-onderwyser Industriële Skole" gestig word. In ŉ spesiale verslag van die organiseerder van Industriële skole is in 1920 vermeld

> "op het ogenblik zijn er reeds een paar honderd kinderen, die hun standaard 6 door zijn, en voor wie nu de industriële departementen moeten worden gesticht in termen van Ordonnantie No. 5 van 1919."[2)]

Waar daar oor die hele Suid-Afrika ŉ tekort aan opgeleide leerkragte in die ambagsvakke bestaan het, daar het ds. J.H. van Wyk aan die hand gedoen dat twee Industriële skole in Kaapland gebruik moet word om vir die nuwe soort skool spesiale onderwysers op te lei.

Ook is aanbeveel dat Kaapland in Industriële skooldistrikte opgedeel word omdat dit haas onmoontlik is om aan elke koshuis ŉ industriële skool te verbind. Verder is aanbeveel dat deur wetgewing die terreine van die verskillende soorte Industriële skole afgebaken moet word sodat die een nie die ander een benadeel nie en laastens dat die staatstoelaes heelwat verhoog moet word om

> "reddingswerk van deze aard"

op die gesonde beginsel moet staan dat elke kind ŉ bate vir die staat is.[3)]

In 1921 het die aantal koshuise tot 144 gestyg en het talle leerlinge hul hoop gevestig op die belofte om ŉ beroep te leer. Ongelukkig was daar weens die depressie geen fondse vir die oprigting van die industrieskole beskikbaar nie en moes die leerlinge vervoer- en losiesbeurse by gewone middelbare skole ontvang. Die skole wat tog in die

---

1. Die kerk het twee leraars Albertyn en Van Huyssteen gebruik om te help met die stigting en ongeveer ½ miljoen pond aan die onderneming spandeer.
2. Verslag van ds. Van Wyk, inspekterende Kommissaris in 1920.
3. Spesiale verslag van inspekteur ds. J.H. van Wyk vir 1920.

lewe geroep is, was so geleë dat daar nie 'n ander uitweg was nie. Daar was in 1921 drie sulke "Een-onderwyser Industriële Skole" naamlik een op Montagu en twee op Ugie[1]) terwyl een in 1922 op Willowmore opgerig is.

Baie bekommerd oor die toestand, het ds. Van Wyk, wat die soort skool propageer het, in 1922 aan die hand gedoen dat aangesien die Departement tog vervoer- of losiesbeurse aan die behoeftige leerlinge toestaan, hulle na die bestaande Industriële skole oorgeplaas kan word. Daar sou hulle in die beroepe opleiding kan ontvang teen baie laer uitgawes as om nuwe "Een-onderwyser Industriële Skole" te stig en in stand te hou op die voorgeskrewe voorwaardes.

> "Indien de Administratie volhardt in de stichten van industrie-afdelingen zullen de bestaande industrie-scholen leeg lopen..."[2])

Die aantal koshuise vir behoeftige leerlinge het in 1922 tot 165 gestyg met 6,697 inwonende seuns en dogters. Aan Uitenhage en Adelaide se Industriële skole is 50 studente wat as instrukteurs en instruktrises voorberei word vir die "Een-onderwyser Industriële Skole." Hulle moes 'n nuwe spesiale leerplan wat deur die Departement van Onderwys voorgeskryf is, deurloop. In 1923 was daar slegs 5 "Een-onderwyser Industriële Skole", terwyl daar altesaam 188 koshuise vir behoeftiges met 'n totaal van ongeveer 7,500 inwonende leerlinge was.

Teen hierdie tyd het daar heelwat besware teen koshuise vir die behoeftige leerlinge ingekom omdat die huisvaders of bestuurders op eie risiko die koshuise beheer en nie ag gee op seksie 275 van Wet nr. 5 van 1921 nie, waarin die stigters verantwoordelik bly vir die goeie bestuur en opvoedkundige beheer van elke deur die Kerk of aanverwante liggaam gestigte koshuis. Misbruike soos die opsetlike verskuiwing van arm gesinne buite die driemylgrens en die swak toesig oor die skoolbesoek van behoeftige leerling is deur die Inspekteur-kommissaris in

---

1. Inspekteur Van Wyk: Jaarverslag vir 1921.

2. Ibid., afd. 2.

3. Jaarverslag van die Inspekteur-kommissaris vir 1923 - 1924.

sy jaarverslag van 1924 aan die kaak gestel.[1]

Hierdie soort opheffingswerk het teen 1924 van die N.G. Kerk ongeveer R600,000.00 geverg en deur die depressie en die gevolglike stremming van die skema het dit blyke gegee van 'n moontlike mislukking en daarom het die Departement twee inspekteurs aangestel om die aangeleentheid van Industriële onderwys en sy geheel te ondersoek en aanbevelings aan die hand te doen.[2]

### (III) Bevindinge en aanbevelings van Kommissie oor Industriële onderwys

Nadat die Kommissie Kaapland deurreis en al die Industriële inrigtings besoek het, is hul bevindinge en aanbevelings aan die Administrateur in 'n "Speciaal Rapport omtrent Industriescholen en Industriedepartementen in die Kaap Provincie" bekend gestel.

Uit die bevindinge het dit openbaar geword dat daar 9 verskillende soorte inrigtings vir Industriële onderwys in Kaapland bestaan. Elke inrigting word langs sekere patrone beheer en hulle het die een of ander soort onderwysplan waarvolgens getrag is om die armblankevraagstuk op te los. Die toelae vir onderhoud en onderrig het van soort tot soort skool verskil hoewel dieselfde soort leerlinge vir dieselfde soort toekoms voorberei is. Die toelatingsouderdom het van inrigting tot inrigting en die duur van die kursus het van skool tot skool verskil na gelang die soort bestuursliggaam wat dit in die lewe geroep het.[3]

Die aanbevelings van die Kommissie kom kortlik hierop neer dat skole onder die A.C.V.V. te George en Wellington volle Industriële skole gemaak moet word; dat al die soort skole wat tot opheffing van die armes streef

---

1. Daar was egter inrigtings wat baie goeie werk gedoen het en die toelaes net vir opvoedkundige doeleindes gebruik het.
2. Die Kommissie het bestaan uit ds. J.H. van Wyk en A. Burns.
3. Spesiale verslag van Kommissie vir Industriële skole, 1922. (Die beheerstelsel is in par. C.2 van hoofstuk 2 behandel).

> "op gelyke grondslag behandeld behoort te worden m.b.t. onderhoud, personeel, salarissen, uitrusting, huur of interest, termen van toelating, tydperking van onderwys enz; dat "Een-onderwyser Industriële skole"

vir elke gestigte koshuis vir behoeftige leerlinge onuitvoerbaar is weens geldelike nood en dat in die grotere sentra vir elke industriële area in die gebied koshuise opgerig word sodat die leerlinge hul onderwys verder kan voortsit in die beroepe wat hulle wil volg. Dit sal dan meebring dat die een Industriële skool nie die ander een se terrein kan betree nie en dat die handelsaspek van die beheerliggame sal verdwyn.[1)]

Ten besluite versoek die Kommissie dat

> "beroepsopleiding door de een of ander genoemde Staatsdepartementen behoort ondernomen te worden; dat al de bestaande werklike industriescholen Staats-scholen behoren te worden, en dat de gebouwen en de uitrusting van alle ondersteunde scholen overgenomen konden worden tegen een cyfer dat door de voorstanders en de betrokken Staatsdepartementen kon worden overeengekomen."[2)]

(IV) Kurrikulum van Industriële skole

Tot 1917 het die onderstaande skole in Kaapland bestaan en is die volgende vakke voorsien: Smidswerk, Boekbindery, Timmermanswerk, Tuinbou, Messelwerk, Lettersettery, Skoenmakery, Snyerswerk en Wamakery. Vir dogters is die volgende vakke aangebied: Kookkuns, Huishouding, Was-en-Stryk, en allerlei.

Die volgende tabel toon die aantal leerlinge in die Industriële skole aan:

---

1. Spesiale verslag van Kommissie vir Industriële Skole, 1922 Deel 4.
2. Ibid., Deel 4 (2).

Tabel nr. 8

LEERLINGE IN BEROEPSKOLE

(a) Seuns

| SKOLE | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1924 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Adelaide | 52 | 68 | 74 | 69 | 83 | 87 | 73 | | |
| Kaapstad | 110 | 112 | 116 | 115 | 113 | 117 | 108 | | |
| Kakamas | - | - | 6 | 8 | 11 | 8 | 5 | | |
| Knysna | - | 26 | 28 | 25 | 25 | 27 | 58 | | |
| Montagu | - | - | - | - | - | 14 | 14 | | |
| Oudtshoorn | 42 | 46 | 48 | 42 | 41 | 39 | 47 | | |
| Ugie | - | - | - | - | - | 10 | 13 | | |
| Uitenhage | 74 | 104 | 104 | 103 | 101 | 104 | 84 | | |
| Worcester | 57 | 73 | 83 | 80 | 70 | 80 | 80 | | |
| Industrie | - | - | 18 | 18 | 18 | 18 | 18 | | |
| Afdelings 2 | - | - | - | - | - | 50 | 51 | | |
| TOTAAL | 335 | 429 | 477 | 460 | 462 | 554 | 551 | | |

(b) Dogters

| SKOLE | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1924 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Adelaide | - | - | - | 19 | 19 | 37 | 33 | | |
| George | - | - | - | 16 | 32 | 45 | 47 | | |
| Graaff-Reinet | 76 | 67 | 72 | 66 | 74 | 82 | 104 | | |
| Riebeeck-Wes | - | - | 54 | 54 | 53 | 37 | 54 | | |
| Tulbach | 41 | 42 | 41 | 42 | 42 | 42 | 36 | | |
| Ugie | - | - | - | - | - | - | 11 | | |
| Wellington | 51 | 39 | 48 | 40 | 35 | 31 | 38 | | |
| Kakamas | - | - | - | 20 | - | - | - | | |
| TOTAAL | 168 | 148 | 215 | 257 | 255 | 274 | 323 | | |
| GROOT TOTAAL | 503 | 577 | 692 | 717 | 717 | 828 | 874 | 608 | 716 |

(o) Tegniese en Kunsskole

Die Kaapse Tegniese Kollege, wat uit die aandklasse van die spoorweë en die Kamer van Koophandel ontstaan het, het maar stadig gevorder, nieteenstaande dit onder die beheer van die Kaapse skoolraad en sodoende onder die Onderwysdepartement van Kaapland gestaan het. In 1914 was daar net die permanent aangestelde hoof wat saam met professore en lektore van die Suid-Afrikaanse Kollege (wat in deeltydse hoedanigheid gehelp het in vakke soos Skeikunde, Dierkunde, Boukonstruksie, Elektrotegniese ingenieurswese, Wiskunde en Loodgietersweerk) die Kollege laat funksioneer het. In 1915 was die aantal studente op die register slegs 311 en in 1917 toe 'n permanente Raad deur die Uitv. Komitee[1] benoem is om die plek van die skoolraad te vul, was die inskrywing 464. Deur mildelike bydraes van die Kaapstadse stadsraad wat die terrein beskikbaar gestel het en die Provinsiale Administrasie wat 'n bedrag van R80,000.00[2] vir die gebou bewillig het, is die Kollege ontwikkel tot 'n volle inrigting. In 1922 is dit saam met die Durbanse Tegniese Kollege op aanbeveling van die Finansiële Verhoudingskommissie deur die Unie Onderwysdepartement as 'n "verklaarde" inrigting oorgeneem.

Die ontwikkeling van die Tegniese Kollege kan met die volgende tabel aangedui word:

Tabel nr. 9

| Jaar | Inskrywing | Vaste personeel |
|---|---|---|
| 1919 | 597 | 2 |
| 1921 | 645 | 3 |
| 1923 | 1600 | 15 |
| 1924 | 2500 | 28 [3] |

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 364.
2. U.G. 65/1948: Verslag van die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, 7 - 8.
3. Orr: Technical Education and Training, 54.

Die snelle toename na 1922 is aan die toepassing van die "Vakleerlingen Wet" toe te skrywe wat vakleerlinge verplig het om aandklasse en selfs deeltydse dagklasse by te woon. Sowel Durban as Kaapstad se Tegniese Kollege het ook saam met die plaaslike universiteite hoër onderwys voorsien[1] en is hulle verklaar as inrigtings wat hoër onderwys verskaf in ooreenstemming met die Zuid-Afrika-wet.

Die vier aandskole wat tegniese onderwys in Kaapland voorsien het, was geleë in Kimberley by die De Beersmyne, Soutrivier, Oos-London, en Uitenhage en by oorname van die inrigtings deur die Unieregering was die inskrywing onderskeidelik 158, 375, 146 en 54 studente.[2]

Die Port Elizabethse Tegniese Instituut wat ook uit aandklasse ontstaan het, het in 1924 soveel as 425 studente gehad wat veral kunsklasse bygewoon het met die oog op konstruksietekene en skilderwerk. Slegs 35 studente het voltydse klasse bygewoon en was besig met ingenieurswerk.[3]

(d) Landbouvakskoolopleiding

Behalwe Grootfontein en Elsenburg wat nie onder die provinsiale beheer gestaan het nie, was daar in 1920 een gewone skool naamlik die te Worcester wat ook 'n landbou-opleiding aan die leerlinge voorsien het.[4]

Die S.G.O. verklaar in sy rapport van 1921 dat die

> "Departement overweegt de oprichting van een of meer landboukundige middelbare scholen"

wat nie met die bestaande staatslandbouskole sal bots nie, aangesien die toelatingsouderdom sowel as die toelatingstanderd met minstens twee jaar verskil. Die te stigte landbou middelbare skole sal seuns en meisies van st. 6 oplei in 'n tweejarige kursus wat die praktiese landbou vooraf kan gaan.

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 433.
2. Offisiële Jaarboek 1920, 278.
3. Ibid., 1926, 162.
4. Spesiale verslag van Van Wyk oor Industriële skole in 1920.

Op aanbeveling van ꞌn spesiale kommissie waarvan die S.G.O. van Kaapland voorsitter was, wat landbou-onderwys in Suid-Afrika ondersoek het, moes die Minister van Landbou groter koördinasie bewerk tussen die opleiding van die proefplase en die universiteite in hul onmiddellike omgewings. Ook moes leerkragte met landbougrade vir die Middelbare onderwys voorberei word en kon gewone leerkragte na voltooiing van ꞌn diplomakursus onderrig gee in gewone middelbare en laerskole waar Landbou as vak voorsien word.

> "Het is duidelik dat er nog nooit zoveel aandacht is geschonken aan landbouwonderwijs. Men verwacht, dat een volledig stelsel zal worden opgebouwd, dat zich zal uitstrekken van de lagere school tot de universiteit."[1)]

Aan de Grootfonteinse Landbouskool is ꞌn eenjarige diplomakursus vir onderwysers in 1922 ingestel en is ook kortkursusse gereël vir leerkragte aan die Elsenburgse en Grootfonteinse landbouskole terwyl aan die opleidingskollege in Kaapstad daar spesiale aandag geskenk is aan leerkragte wat op die platteland wil gaan skoolhou. ꞌn Landboukursus is in 1920 ingestel en sou twee jaar in beslag neem en sou in gewone skole met middelbare afdelings aangebied kon word, maar is weens finansiële redes nog nie in werking nie. Die S.G.O. spreek dit as sy sienswyse uit dat hy liefs die landboukursus ingevoer wil sien as om spesiale landbouvakskole in die provinsie te stig omdat dit goedkoper sal werk.[2)]

Die S.G.O. was oortuig daarvan dat ꞌn paar spesiale middelbare skole uitgesoek behoort te word om stelselmatig van die gewone na ꞌn landbouvakskool oor te gaan. Eers moes net die een of ander landbouvak voorsien word en nog later ꞌn kursus wat min of meer as volg daar uit sou sien: Engels, Afrikaans, Rekene en Boekhou, Geskiedenis of Aardrykskunde, Wetenskap (Biologie en Natuurkunde), Handearbeid, Tuinbou en Beginsels van Landbou.

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1921, 27.
2. Ibid., 1922, 52 - 53.

Na enige jare van proefneming kan die skole wat dit regverdig, dan oorgaan om die volgende landboukursus aan te bied: behalwe die Tale en Rekene ook nog Boekhou, Landboukundige Biologie, Akkerbou, Veeteelt en Tuinbou. Om die plan ten uitvoer te bring en dus gehoor te gee aan punte 22, 23 en 24 van die aanbevelings van die verslag van die Kommissie oor Landbouonderwys van 1921, sou 'n geskatte uitgawe R21,000.00 beloop het waarvan R11,000.00 'n jaarlikse las sou word.[1)]

In September 1924 is in Kaapstad 'n samespreking gehou met inspekteurs en hoofonderwysers om aan die landboudele van die land 'n leerplan aan te bied wat sal aanpas by die omgewing en om die bestaande skole voor te lig hoe om 'n begin te maak, toe die uitslag van die Durbanse Konvensie tussen die Minister van Onderwys en die vier Administrateurs sowel as die Uitvoerende Komitees oor die voortbestaan van tegniese en beroepsonderwys bekend geword het. Die S.G.O. het dit egter gerade geag om Landbou as 'n gewone wetenskaplike vak in die skole in te voer omdat, soos dit gestel is,

> "nothing in the Durban agreement precludes the Department from conducting courses of general education with a vocational bias."[2)]

(e) Huishoudskole

In 1916 het daar drie huishoudskole bestaan in Kaapland en wel te Graaff-Reinet met 'n inskrywing van 67 dogters, te Tulbach met 42 dogters en Wellington met 39 dogters.[3)] In Kaapstad was daar egter 'n privaatinrigting wat Huishoudkunde aan aspirantonderwyseresse en vakkundiges voorsien het. Hierdie onderrig was dus van 'n meer tegniese aard.[4)] In 1917 het Riebeek-wes bygekom en was 54 leerlinge aan hierdie skool verbonde. Behalwe dat Riebeek-wes en Tulbach nie Kleremakery voorsien het nie, het al die skole Kookkuns, Huishouding, Wasserywerk en Kleremakery in hul kursus aangebied. 'n Besondere stadige

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1922, 54.
2. Ibid., 1924, 29.
3. Ibid., 1916, 15 a.
4. Jaarverslag van Opsienster van Huishoudkinde, MacIver, 1919.

toename in die getalle is 'n kenmerk van die skole in Kaapland, en om die toestand die hoof te bied, het die S.G.O. in sy jaarverslag van 1918 nuwe middelbare leergange in die vooruitsig gestel waarin 'n groter aantal leerlinge voordeel van die praktiese vakke kan trek.[1]
Die uitgawes vir die Industriële skole (seuns en dogters) het in 1918 van R32,726.00 tot R37,430.00 gestyg, nieteenstaande die dringende beroep vir besparing op onderwysgebied.[2]

(i) Tekort aan Huishoudkunde-onderwyseresse

Waar die aantal skole vir dogters in die ambagsrigting in 1918 met nog drie uitgebrei het, te wete, Adelaide (waar 'n meisieafdeling by die bestaande Industriële Skool toegevoeg is), George en Kakamas met onderskeidelik 19, 16 en 20 leerlinge op die register, is die leergang in ooreenstemming met die reeds bestaande skole gebring. Kakamas se skool wat slegs Kleremakery aangebied het, het reeds die volgende jaar weer verdwyn, nieteenstaande die wettiging van die "Eenonderwyser Industriële Skole".[3]

'n Tekort aan leerkragte vir die soort van onderwys het hierna diep spore in die Kaaplandse onderwysgeskiedenis nagelaat en is die pleidooi van Mac Iver in haar jaarrapport vir meer leerkragte ter harte geneem. Behalwe die hoër onderwys van die Kaapstadse Huishoudkundesentrum wat van 1911 af toe dit tot stand gekom het, 56 studente opgelei het waarvan slegs 26 in diens van die Departement is, is ook opleiding voorsien aan studente wat in Adelaide se Industriële Skool vir die onderwysberoep in Huishoudkunde bekwaam is. So groot was die behoefte en so dringend dat Mac Iver egter by die Departement aanbeveel het:

(a) "Dat nieuwe centra zullen geopen worden in andere delen van de provincie.

(b) Dat de opleiding op dezelfde beginselen zal gegrond zijn als in de andere huishoudkunde scholen in de Unie en in Britze scholen.

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1918, 19.

2. Ibid., 16.

3. Ordonnansie nr. 5 van 1919.

(c) Dat er zullen bestaan:

(i) Een verenigd diploma voor kookkunst, wassen en strijken en huishouden, en

(ii) een vol naaldwerkdiploma voor eenvoudige naaldwerk, kostuumnaaien, hoedemaken en stoffeerderij."[1]

Mej. Cairncross verklaar in haar rapport dat daar 'n groot gebrek aan onderwyseresse is en beveel aan dat die opleidingskollege veel meer aandag moet gee aan praktiese opleiding van die studente en die kwekeling-onderwyseresse. Wat die Huishoudskool vir hoër onderwys in Kaapstad betref, verklaar sy dat die ruimte te beperk is en dat slegs 3 onderwyseresse in 1918 afgestudeer het terwyl 7 in 1919 klaar sal maak, met 'n moontlike klas van 8 vir 1920. Origens kritiseer sy die kursus wat aan Huishoudskole vir dogters in Naaldwerk aangebied word.

> "Het word noodzakelik geacht, dat meisjes, die in deze inrichtingen worden opgeleid, onderricht zullen ontvangen in de verschillende trappen van eenvoudige naaldwerk..."

Die neiging het bestaan om die dogters verkoopsartikels te laat maak om die fondse te styf.[2]

(ii) <u>Planne om meer onderwyseresse te kry</u>

Nieteenstaande die aanbevelings moes die toestand in 1920 as hoogs onbevredigend beskryf word. Waar daar 22 skole opgeleide huishoudkundiges benodig het, was daar slegs 7 wat behoorlik toegerus is. Uit die 36 onderwyseresse in die rigting het slegs 8 volle sertifikate gehad en 28 kon net in Kookkuns onderrig gee. Die aanbevelings[3] van die vorige jaar is gesistematiseer en is in die vooruitsig gestel dat opleidingskole te Kimberley, Wellington, Uitenhage, Stellenbosch, en Oos-London waar behoorlik gekwalifiseerde huishoudkundiges werksaam is, 'n volle diplomakursus sal aanbied. Tog word gevoel dat spesiale toelaes aan ten volle gekwalifiseerde huishoudkundiges die begeerte sal laat ontstaan by deels opgeleide leerkragte, om die volle kursus

---

1. Rapport van Mac Iver vir 1919.

2. Jaarverslag van Opsiener van Westelike distrikte Cairncross, 1919.

3. Sien 1 hierbo.

te bemeester.

> "De aanvraag voor gekwalifiseerde onderwijzeressen overtreft verreweg het beschikbare aantal."[1]

In 1921 moes mej. Cairncross weer eens daarvan melding maak dat die "opleidingscentrum voor Huishoudelike Wetenskap" te Kaapstad deeglike werk verrig en dat slegs ses studente met deeglike agtergrond en bekwaamheid afgestudeer het. Nog is dit vir ŉ groot aantal leerkragte onmoontlik om by die kursus te baat omdat die sentrum geen staatstoelae ontvang nie en elke student haar volle fooie self moet betaal, sonder enige emolumente.[2]

W.M. Currey wat Mac Iver opgevolg het nadat sy van 1904 af verantwoordelik was vir die Huishoudkunde-onderrig in Kaapland,[3] verklaar in haar eerste verslag in 1921 dat

> "door de schaarste van onderwijzeressen, kon men geen onderwijzeres krijgen voor de meisjes industrieschool te Adelaide, en kon dus geen bepaalde kursus van huishoudelik wetenschap aldaar begonnen worden."[4]

In 1922 is mej. R. Fouché in die Westelike distrikte aangestel en Currey na die Oostelike distrikte en in die naturellegebiede oorgeplaas.[5]

### (iii) Huishoudkundige opleiding aan Rhodes en in Adelaide

In 1922 is daarin geslaag om aan die Rhodes Universiteitskollege en die Hugenote Universiteitskollege huishoudkundiges vir die spesiale skole te laat oplei. Die betrokke onderwyseresse moes in praktiese vakke van huishoudkunde soos Kookkuns, Naaldwerk, Wasserywerk ensomeer onderrig word en die tweede tipe kursus sou uit natuurkundige vakke bestaan soos Biologie, Fisiologie, Gesondheidsleer, Skeikunde, ensomeer. Geen onderwyseres mag ŉ gemengde kursus van die twee tipes volg nie.

---

1. Jaarverslag van Mac Iver vir 1920.
2. Jaarverslag van Cairncross vir 1921.
3. S.G.O.: Jaarrapport 1921, 5.
4. Jaarrapport van mej. Currey Huishoudkundige Opsienster, 1921.
5. S.G.O.: Jaarrapport 1922, 3.

Aangesien die opleidingsentrum in Kaapstad die praktiese kursus in die Huishoudkundige Wetenskappe aangebied het, is dit gerade geag dat die universiteite die ander alternatief kies.[1]

In 1922 is egter in Adelaide weer 'n opgeleide dame aangestel, sodat die voorbereiding van onderwyseresse in die spesiale Huishoudkunderigting weer kon voortgaan. Tog merk Currey op

> "andere industriescholen worden belemmerd door gebrek aan goed onderlegde onderwijzeressen."[2]

Die onderwyseresse wat in Adelaide opgelei word, was alleenlik beskikbaar vir "Een-onderwyser Industriële Skole" verbonde aan koshuise vir behoeftige leerlinge.

(f) Samevatting

Die gewone skole is toegelaat om hulle kursusse so te wysig deur die insluiting van nuttigheidsvakke wat aan die vereistes van die toenmalige gemeenskap sou voorsien. Middelbare skole het kursusse ingestel wat kandidate vir die staatsdiens, die sakewêreld en vir die landbou voorberei.

Die Durbanse konferensie vir die oorname van tegniese en beroepsonderwys het nie handwerkvakke in gewone skole getref nie en is Landbou tot die kursus in gewone skole toegevoeg. Dat Landbou so 'n pertinente rol in Kaapland gespeel het, kan verstaan word, aangesien die Duitse stelsel wat op die Ryksonderwyskonferensie in London bespreek is, so 'n diep indruk op die Kaapse Superintendent-generaal gemaak het.

Handelsonderwys is ook in die gewone skole voorsien en tog het daar nie 'n wesenlike toename na 1918 gevolg toe die skole 'n nuwe kurrikulum met 'n handelstendens ontvang het nie.

Sedert 1916 het die Industriële skole geleidelik in getalle toegeneem en het veral tot doel gehad die opheffing van die armblankedom. Die een of ander beroep is in die skole geleer en eers in 1920 het 'n ambagskool te Knysna ontstaan waar die seuns 'n kursus in Hout- en Tim-

---

1. Jaarrapport van Huishoudkundige Opsienster 1922.

2. Ibid.

mermanswerk gevolg het. Die Industriële skole was gewoonlik in die onmiddellike omgewing van 'n groot gewone skool en het 'n sekere klas swak kind direk vir 'n lewensberoep voorberei. So het die Een-man Industriële skole weer in die onmiddellike omgewing van behoeftige kinderkoshuise tot stand gekom presies vir dieselfde doel. Die vernaamste stigters van die soort skole het van plek tot plek en van skool tot skool verskil wat kursusse en opleiding betref. Ook was die omvang van die onderrig beperk en ondoeltreffend. Die beheer en selfs toelae het van skool tot skool verskil en geen uniformiteit was onder daardie toestande moontlik nie en daarom het 'n kommissie van ondersoek aanbeveel dat een of ander staatsdepartement al die soorte skole moet oorneem en die meeste beheerkomitees het hulle ten gunste van so 'n oorname aan die Kommissie uitgespreek. Ook wat die Kaapstadse Tegniese Kollege betref, was daar versoeke aan die Minister van Onderwys om oorgeneem te word, bes moontlik vanweë die onvermoë van die provinsiale outoriteite om die nodige fondse te voorsien en ook die wetlike implikasies, omdat ook hoër onderwys op universiteitsvlak in sommige vakke aangebied is.

Deurgaans was die grootste probleem in verband met die onderhoud en instelling van beroepsonderwys die tekort aan behoorlik opgeleide leerkragte en is die uitbreiding hierdeur aansienlik gestrem. Daar was dus nie genoeg fasiliteite in die provinsie vir die opleiding van onderwysers en onderwyseresse vir hierdie soort onderrig nie.

## 3. ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN TRANSVAAL VAN 1916 TOT 1924

### Inleiding

In 1916 het die Departement van Onderwys die beginsel vasgelê dat skole ooreenkomstig die getal leerlinge en die soort onderrig gegradeer moet word. So is die beroepskole dan as Klas 2 of Klas 1 skole gegradeer. Die soorte skole wat in daardie jaar bestaan het, kan geklassifiseer word as Ambagskole wat net in Transvaal bestaan het;[1] Handelskole in Johannesburg en Pretoria, ꞌn Tegniese Skool in Johannesburg;[2] Industriële skole; Die Huishoudskool en Handwerk-afdelings aan gewone laer- en hoërskole t.w. Karton- Hout-, en Metaalwerk vir seuns en Naald-, Karton- en Huiswerk asook Kookkuns vir dogters. Al hierdie skole het onder die jurisdiksie van die Provinsiale Onderwysdepartement gestaan en is deur die departement regstreeks of onregstreeks deur rade of komitees beheer.[3]

Nadat deur die Onderwyskommissie van 1917 sowel as deur die "Rapport van het Komitee over Industrieel Onderwys" van 1916 op sekere tekortkominge in die onderwysstelsels gewys is, het landbou-onderrig die aandag van die owerheid begin geniet as ꞌn teenvoeter vir die armoede op die platteland en as middel om die trek na die stede te stuit. Dit het egter nie veel vermag nie soos uit die verdere beskrywings in hierdie werk sal blyk. Die Departement het egter veel meer aandag gegee aan handwerkopleiding vir seuns en dogters op die platteland, maar ook hier was die omvang van die poging heel ondoeltreffend. In die stede was die bewoners ryp vir die instelling van deeglike stelsels van beroepsgerigte skole en waar die ruimte te beperk was, is ꞌn omvangryke stelsel van voortsettingsonderwys in die lewe geroep.[4] ꞌn Verdere kenmerk van die onderwysstelsel is die nasorgwerk vir leerlinge wat die

---

1. U.G. 19 - 1924 par. 148.
2. Die skool was eers tydelik gevestig op die Uniegronde en in Turffontein in ꞌn permanente gebou. Sien T.O.D.: Jaarrapport 1919, 89.
3. T.P. 1 van 1920, Onderwyskommissierapport, par. 419 - 439.
4. Ordonnansie 16 van 1916, Seksie 6 en 7.

skoolplig nagekom het en nog moes wag om in werk geplaas te word. Sowel die Jeugrade as die Vakleerlingwet van 1922 het die jeugdiges wat die skool verlaat het in diens geplaas en hulle verplig om verdere beroepsonderrig te ontvang.[1)]

(a) <u>Handwerkvakke in gewone laerskole</u>

In 1916 het sowel die konferensie oor Tegniese onderwys wat in Bloemfontein saamgekom het as die rapport van die komitee oor Industriële onderwys van 1916 die aanbeveling van die 1911-konferensie oor Industriële onderwys herbevestig dat elke leerling in die gewone skole die een of ander soort van handwerkopleiding moet ontvang.[2)] Ook is herbeklemtoon dat die een of ander soort landbou-onderrig aan die plattelandse kind voorsien moet word sodat die handwerk aanvullend tot die boerderyonderneming kan geskied.[3)]

Ten einde aan die leerlinge wel die een of ander handwerkvak aan te bied, het die leerplan vir die Transvaalse skole voorsiening gemaak vir Kartonwerk in die laagste twee standerds, Houtwerk in st. 4, 5 en 6 en Metaalwerk tot st. 8. Dis vanselfsprekend dat al die skole nie gelyktydig van alle fasiliteite voorsien kon word nie, want aan die dogters sou Kartonwerk, Naaldwerk en Kookkuns in die laer afdelings voorsien word. Geleidelik is die nodige geriewe aangeskaf en kan uit die volgende gegewens vasgestel word hoe die handwerkvakke in die gewone skole tot in 1924 gevorder het.

Aan die Witwatersrand en Pretoria was daar in Desember 1916 alleen 37 sentra waarin die seuns Karton-, Hout- en Metaalwerk kon neem terwyl

---

1. U.G. 9 - 1917 par. 109 - 118.
2. Aanbeveling nr. 2 van die Bloemfonteinse Konferensie oor Industriële onderwys: "Aangesien onderricht in handearbeid noodsaaklik is voordat getracht wordt met het bepaalde onderricht in beroepscholen te beginnen behoort het ingesloten te worden als een <u>belangerik</u> onderwerp in het leerplan van alle lagere scholen waarin leerlingen hun algemeen onderwijs genieten".
3. U.G. 9 - 1917, 30.

op die platteland ook 13 sentra in werking was. In 1915 was daar egter 54 sentra teenoor die 50 van 1916, maar die aantal leerlinge het in 1916 van 5,791 tot 6,645 gestyg.[1] Die volgende tabel toon die syfers vir die ooreenkomstige jare aan:

Tabel nr. 10

HANDWERKSENTRA IN GEWONE SKOLE

| Jaar | Aantal sentra vir seuns | Aantal seuns | Aantal sentra vir dogters | Aantal dogters | Totaal leerlinge |
|---|---|---|---|---|---|
| 1916 | 50 | 6645 | 26 | 3060 | 9705 |
| 1917 | 58 | 7114 | 28 | 3261 | 10315 |
| 1918 | 66 | 7769 | 29 | 2817 | 10586 |
| 1919 | 72 | 8923 | 30 | 3860 | 12783 |
| 1920 | 79 | 10661 | 33 | 4244 | 14905 |
| 1921 | 95 | 11367 | 30 | 5103 | 16470 |
| 1922 | 96 | 12975 | 34 | 5811 | 18786 |
| 1923 | 101 | 11878 | 35 | 5643 | 17521 |
| 1924 | 105 | 13924 | 39 | 6772 | 20696 |

Op die platteland het die aantal sentra geleidelik toegeneem sodat daar in 1924 reeds 49 sentra vir seuns en slegs 6 vir die dogters was teenoor 14 vir seuns en 2 vir dogters in Pretoria en 42 vir seuns en 31 vir dogters op die Witwatersrand. Op die platteland het rondreisende instrukteurs die klasse waargeneem waar die diensdoende gewone personeel nie daartoe in staat was nie, terwyl op die Witwatersrand en Pretoria 'n paneel instrukteurs onder 'n spesiale hoof vir elk van die omgewings Wesrand, Sentraal-Rand en Oosrand asook Pretoria die opleiding voorsien het.[2]

As in aanmerking geneem word dat die aantal skole in Transvaal 1,232 en die totale inskrywing aan skoliere 132,521 in 1924 beloop het, kan die opmerkings van inspekteurs wat veral die platteland bedien het,

---

1. Sien Afd. 11 van die statistieke in Jaarrapporte.

2. T.O.D.: Jaarrapport vir Direkteur van Onderwys 1924, 270 - 274.

beter verstaan word.[1] Dit wil voorkom dat slegs 1 uit elke ses leerlinge handwerkonderrig ontvang het en dat 1 uit elke 8 skole van fasiliteite voorsien is. Slegs enkele skole het as plaasvervanger van handwerkvakke Tuinwerk aangebied.

(b) <u>Tegniese en Beroepsonderwys in die sekondêre skole</u>

Pas na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die Direkteur van Onderwys in Transvaal diep ontsteld verklaar:

> "National life and national function will in all probability be shaped and organized in a far more definite and purposive fashion then heretofore. Training and discipline were lacking bacause foresight and purpose were lacking."[2]

Die Direkteur het die naprimêre onderwys beskou as die voorbereidingsfase van elke man en vrou vir die een of ander diens aan volk en vaderland en sy skoolstelsel as volg omlyn:

> "the first problem of organization will be to fix tye types of secondary education."

Daar het reeds die gewone middelbare of hoërskool wat tot die matrikulasie-eksamen lei, bestaan, sowel as die skole wat voorberei vir die ambagte of die kommersiële lewe die huishoudskole wat voorberei vir deeglike huishouding.

> "There should be three others. One in the school farm which should train the country boy for the occupations of the farm... We need also two types of technical character, but less markedly vocational in the narrow sense than either the trades school or the school-farm."[3]

Die uitgangspunt van die twee soort skole is die wetenskap met direkte wiskundige verband en 'n verdere uitgeboude kurrikulum met vakke soos Letterkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Kuns en handwerkberoepe. Die een soort tegniese skool sal in die behoeftes vir die plattelandse gemeenskap voorsien veral met die oog op die boerdery en die ander in die behoeftes van die stedelike gemeenskappe met die oog op die nywerhede.[4] Hiermee sal daar dan in die Transvaal die volgende soorte

---

1. Sien inspekteur Botha se verslag 1923; inspekteur Linney se rapport 1923 en P.I. Hoogenhout se verslag 1923.
2. T.O.D.: Jaarrapport van die D.v.O. 1916, 6.
3. Ibid., 13.
4. Ibid.

kursusse bestaan om aan die leerlinge die beste geleenthede te bied:

(i) Gewone algemene hoërskoolkursusse wat tot Matriek en die universiteite lei;

(ii) Huishoudkundekursusse vir dogters;

(iii) Handelskursusse;

(iv) Skoolplaaskursusse;

(v) Ambagskoolkursusse;

(vi) Stedelike tegniese kursusse;

(vii) Plattelandse tegniese kursusse.

Die kursusse behoort minstens twee jaar te duur en in sommige gevalle minstens drie jaar al na gelang van die eise van die werkgewers.[1)]

(i) <u>Huishoudkundekursusse</u>

Die voorgestelde kursusse is sover moontlik prakties in werking gestel en het tot in 1924 bestaan.

In die provinsie het daar in 1916 reeds ŉ Huishoudskool in Johannesburg bestaan wat benewens die enkel-vakopleiding ŉ volledige kursus aangebied het wat selfs studente as opgeleide leerkragte toegerus het. Ter wille van laasgenoemde kursus is die skool in 1916 as ŉ Klas II-skool gegradeer. Die eerste groep onderwyseresse wat afgestudeer het, het in Junie die skool verlaat en die volgende groep is in Januarie 1917 tot die onderwyskursus toegelaat.[2)]

ŉ Skool vir huishoudkundige opleiding is in 1916 in Pretoria gereedgestel. Die gebou is voorsien, maar die uitrusting moes die volgende jaar beskikbaar gestel word sodat die eerste klasse kon begin.[3)] Daar was in die twee skole in die begin van 1917 gesamentlik 154 studente waarvan party slegs enkele vakke gevolg het en andere volledige kursusse.[4)]

Behalwe dat die gewone leerlinge hul kursusse aan die Huishoudskool as leerkragte in die kookkunssentrum van die Departement voltooi deur te help met laerskoolleerlinge wat ook klasse in die skool bywoon, het verskeie volwasse dames kortkursusse in die een of ander huisvlyt-

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1916, 13 en 14.

2. Ibid., 53.

3. Ibid., 16.

4. Satistieke II 1916, 81.

rigting bygewoon. Die skoolleerlinge wat klasse bygewoon het, is onderrig om die "Huisvrousertifikaat" van die Nasionale Adviesraad vir Tegniese en Beroepsonderwys te verwerf. Die Huishoudskool te Johannesburg het in 1917 ses studente gehad om voorberei te word as onderwyseresse in die praktyk en teorie van Kookkuns en aanverwante vakke soos Stryk-en-Was, Naaldwerk, Huisbestuur en Fisiologie asook Gesondheidsleer. Origens woon die studente kursusse in onderwysmetodes en Sielkunde op die Onderwyskollege by. Vir die "Huisvrousertifikaat" was daar in 1917 28 leerlinge wat 'n minimum van 600 uur skoolbesoek moet hê voordat die eksamen afgelê kan word. Aan ongeveer 100 leerlinge van st. 4 en 5 is weekliks klasse gegee in die gewone kookkunskema van die laerskool terwyl 10 studente in 1917 vir enige weke 'n kort kursus in die voorbereiding van suiwelprodukte gevolg het.[1)]

Die skool wat in 1916 in Pretoria begin is, is dadelik oorgeplaas en is die kursus vir die "Huisvrousertifikaat" aan die Meisieshoërskool van Pretoria aangebied. Die voorneme was om hierdie geleenthede vir meisies so uit te brei dat elke plattelandse skool hierdie nuttige kursusse kan aanbied hoewel

> "de uitbreiding van deze nuttigste vorm van opleiding voor meisjes slechts een kwestie van tijd en middelen is."[2)]

Al die goeie bedoelings van die Direkteur van Onderwys i.v.m. huishoudkundige opleiding deur opgeleide persone in behoorlik uitgeruste skole het min tereg gekom as gevolg van 'n tekort aan die nodige personeel en die tekort aan die nodige middele.

Onderstaande tabel dui die ontwikkeling van die Johannesburgse Huishoudskool aan:

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1917, 70.

2. Ibid., 72.

Tabel nr. 11 Huishoudskool Johannesburg

| Jaar | Aantal gewone leerlinge | Aantal studente | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1916 | - | - | 154 |
| 1917 | 91 | 43 | 134 |
| 1918 | 128 | 29 | 157 |
| 1919 | 128 | 13 | 141 |
| 1920 | 185 | 11 | 196 |
| 1921 | 93 | 16 | 109 |
| 1922 | 260 | 18 | 278 |
| 1923 | 316 | 71 | 387 |
| 1924 | 180 | 83 | 263 |

(II) Handelskole

Behalwe dat daar in Johannesburg in Acklandpark ꞑ Handelskool in 1916 bestaan het met 375 leerlinge op die register, was daar in Pretoria en in Boksburg sekondêre handelsafdelings aan laerskole verbonde. Orals waar voortsettingsklasse en aandklasse gereël is, is ook voorsiening vir ꞑ handelsopleiding gemaak wat egter in ꞑ aparte paragraaf bespreek word.[1)]

Gelukkig was daar in Johannesburg ꞑ groot toename in die aantal leerlinge sodat in 1916 voorkeur gegee is aan leerlinge wat die volle kursus wou neem. Indien daar plek was, is klasse vir enkele vakke ingestel. Die eksamensresultate vir 1916 was egter baie bevredigend en ꞑ geleidelike keuring van leerlinge kon geskied.

(i) Die Johannesburge Handelskool het vir die eerste drie jaar van sy bestaan van die ou gebou van die stadsraad op "Plein Square" gebruik moes maak. Die ventilasie, verwarming en beligting was egter ondoeltreffend en tog is die gebou in 1918 deur die Raad van die Skool vir Mynwese en Tegnologie gedeeltelik onttrek sodat van sinkgeboutjies op die "Uniegrond" vir die helfte van die klasse gebruik gemaak is. Die hoop het egter nie beskaam nie en in 1919 was die skool

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1916, 40.

in sy permanente gebou gevestig hoewel die westelike vleuel en die vergadersaal nog voltooi moes word. In die gebou is voorsettingsklasse gegee sodat dit smôrens, smiddae en saans benut is.[1)]

In 1917 het die skool 510 ingeskrewe leerlinge gehad waarvan omtrent een derde die gewone Matrikulasievakke van die gewone hoërskool gevolg het, terwyl die orige leerlinge handelsvakke gevolg het wat behalwe die praktiese werk (t.w. Stenografie, Tikskrif, Snelskrif en Boekhou asook Besigheidsmetodes) nog Tale, Wiskunde, Geskiedenis en Aardrykskunde uit 'n handel- en ekonomiese standpunt beskou, ingesluit het. Die hoof het egter in 1917 verklaar:

> "De tweezijdige organisatie van de school werkt goed en aangenaam. Mijns insiens is die goed voor onderwijzers sowel as leerlingen."[2)]

(ii) <u>Die Handelskool te Pretoria</u> verskil van diè van Johannesburg daarin dat dit 'n hoër afdeling is wat tot 'n laerskool bygevoeg is. So is ook die skool te Boksburg wat die hoër afdeling van die Boksburg Central School gevorm het die derde Handelskool. Van 1 April 1918 het die Provinsiale Raad se besluit om middelbare skole waarvan die totale inskrywing bokant st. 5 75 en meer beloop, tien skole se status tot hoërskole verhoog. Die handelsafdeling van die skool in Pretoria is egter voorlopig nog nie tot 'n aparte skool verhef nie, omdat daar nog nie genoegsame ruimte elders voorsien kon word nie. Die hoof het beide die hoër en laer afdelings beheer. In 1919 het die skole te Pretoria en Boksburg hul leerlingtal in die handelsafdeling aanmerklik sien toeneem. Pretoria se handelsafdeling kon op eie voete gestaan het as die eis van die Uitvoerende Komitee nie was dat die afstigting na 'n hoër afdeling alleen kan geskied nie as die nodige gebou voor hande is, aangesien dit reeds aan die ander vereistes voldoen, naamlik 100 leerlinge in die hoër afdeling. Ook Boksburg het in 1920 die honderdtal bereik en kon afgestig het as die akkommodasie verkrygbaar was.[3)]

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1919, 26 - 27.
2. Ibid., 1917, 68 - 69.
3. Ibid., 1919, 26 - 27.

(iii) Handelskursse

In 1919 is gepoog om 'n kursus op te stel bestaande uit tegniese kunste, t.w. Tik- en Snelskrif, die noodsaaklikhede vir die handel t.w. Boekhou en Handelsrekene, humaniteitsvakke soos Geskiedenis en Aardrykskunde asook kulturele vakke soos Tale en Wetenskappe.

> "The problem is to weave these elements into a coherent whole which is on the same level both of culture and utility as other matriculation courses."[1]

In 1920 erken die Staatsdienskommissie die Tegniese Dagskool Sertifikaateksamens as gelykstaande aan die Junior Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika vir benoeming in die Staatsdiens. Om die Tegniese Sertifikaat te behaal, moet 'n leerling 'n driejarige kursus na st. 6 in die handelsrigting volg. Die wat wil verder gaan, kan matrikuleer na slegs 'n vierjarige kursus in die volgende vakke: Engels, Afrikaans, Frans, Wiskunde, Natuurwetenskap vir seuns of Plantkunde vir dogters met Boekhou en Handelsrekene.[2]

Namate die universiteite vir die handelswetenskappe en die staatshuishoudkunde voorsiening maak het die kursus in die handelskole in populariteit toegeneem. Bostaande kursus het in Johannesburg 400 leerlinge getrek en 'n ander 200 was op die register van Pretoria en Boksburg. In 1923 maak die Direkteur van Onderwys in sy verslag melding van drie hoër handelskole in Johannesburg, Pretoria en Boksburg "en handelsafdelings in 'n paar van die hoërskole in die kleiner stede."[3] Die twee sertifikate wat in hierdie rigting behaal kan word, het nog dieselfde gebly, hoewel die kursus groter getalle getrek het en die Kamer van Koophandel die breë kursus in 1924 verwelkom het deur te verklaar:

> "Daar word gevoel dat hierdie addisionele onderrig veel daartoe bydra om die algemene peil van die onderwysers onder die seuns en dogters wat op Handelskantore in diens kom, te verbeter."[4]

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1919, 27.
2. Ibid., 1920, 58.
3. Ibid., 1923, 18.
4. Ibid., 1924, 18 - 19.

(c) Voortsettingsonderwys

Waar daar wel 'n behoefte aan voortsettingsonderwys in die groter sentra van die provinsie bestaan het, het afleidings soos bioskoop, danspartye en die geringe aanmoediging van werkgewers die bywoning sterk benadeel.[1] In 1916 is die bywoning van die klasse egter verpligtend gemaak deur Ordonnansie nr. 16 waarvan seksie 6 en 7 bepaal het dat rade en komitees in hul eie omgewings jurisdiksie het oor bywoningsmaatreëls. Bywoning van klasse was verpligtend vir twee jaar of tot die agttiende lewensjaar en boetes kan gehef word vir nalatige bywoning.[2]

Die wetgewing het aan privaatskole tot die helfte van die salarisse van die leerkragte van staatsweë gewaarborg mits die kursusse wat aangebied word, deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur is en onderhewig was aan departementsinspeksie.[3]

In 1918 het ses skoolrade, t.w. drie op die Witwatersrand en drie op die platteland, verpligte bywoning van voortsettingsonderwys van die Uitvoerende Komitee gevra.[4] Die jaar daarop het sowel die Skoolraad van Pretoria as die Beheerkomitee van die Pretoriase Ambagskool daarom aansoek gedoen. Hierdie stap het die voortsettingsklasse 'n groot stoot gegee want die skoolverlatingsouderdom was nou sestien jaar of st. 6.[5]

H.C. Green het John Robinson in 1918 as Organiseerder van voortsettingsonderwys op die Rand opgevolg en hy het daarna gestreef om die diensdoende onderwysers by die aandklasse uit te skakel en het ook beskou dat R1.25 voldoende was vir laerskoolvakke en R1.50 vir hoërskoolvakke.[6]

(i) Probleme i.v.m. voortsettingsonderwys

In 1921 het daar 'n staking van werksaamhede plaasgevind omdat die leerkragte geweier het om teen die verlaagde tariewe onderwys te gee en die toename op die register te groot was.[7]

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1916, 36.
2. Ibid., 37.
3. Ord. nr. 16 van 1916, art. 9.
4. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1918, 27.
5. Ibid., 1919, 20.
6. Jaarrapport van inspekteur Green vir 1920.
7. Ibid., 1921.

Verder was daar 'n groot tekort aan die nodige akkommodasie en waar dagklasse vir posbodes, spoorwegamptenare en mynvakleerlinge eers in die Hoër Handelskool van Johannesburg plaasgevind het terwyl gewone klasse aan die gang was, het dit steurend gewerk op die organisasie. Gedurende die dag was die personeel ook moeilik te bekom en moes partykeer van swak leerkragte gebruik gemaak word.[1]

Van die "huiswerk-klas-idee" is gebruik gemaak om die seuns en dogters in die een of ander lokaal vir seuns of dogters saam te trek en dan is onderrig deur een instrukteur in die humaniteitsvakke aangebied wat net so in die smaak geval het as die direkte beroepsvakke.[2] In 1922 het die Vakleerlingwet bywoning van voortsettingsonderwys vir diensdoende seuns en dogters verpligtend gemaak en het die gebrek aan die nodige akkommodasie in die dagklasse groot vraagstukke geskep.

(ii) <u>Omvang van die kursusse vir voortsettingsonderwys</u>

In die ruimere sin van die woord is voortsettingsonderwys utilitaristies van aard en voorsien dus in die onmiddellike behoeftes van die leerlinge; dit het dus direk of indirek met die werking te doen. Die kursusse het egter op die st. 6 Skooleindsertifikaat, die Voorlopige Tegniese Sertifikaat of die Huisvrousertifikaat uitgeloop. Verder was daar kursusse vir jongvroue in 'n vakkundige rigting asook vir jong klerke wat selfs tot Matriek gestudeer het.

In 1923 was die gemiddelde inskrywing 4,766 en daarvan was 1,217 dogters. Meer as 90% van die diensdoende leerkragte is op die vaste personeel van die Onderwysdepartement van Transvaal.

> "Die vlyt wat byna sonder uitsondering getoon word in klasse vir vakonderrig van verskillende tipes, ambagsklasse, metaalbewerking, tik, boekhou, kleremakery en naaldwerk, is 'n baie bevredigende kenmerk. 'n Aantal van die klasse was gevul 'n paar uur nadat die inskrywing begin het."[4]

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1921, 26.
2. Jaarrapport van inspekteur Green vir 1921, par. D.3.
3. Ibid., 1922.
4. Ibid., 1924.

Onderstaande tabel toon die ontwikkeling aan van die inskrywings vir voortsettingsonderwys van 1916 tot 1924.

Tabel nr. 12

| Jaar | Aantal klasse | Inskrywing | Gemiddeld per sentrum |
|---|---|---|---|
| 1916 | 31 | 1518 | 49 |
| 1917 | 37 | 2065 | 66 |
| 1918 | 48 | 2582 | 54 |
| 1919 | 44 | 2373 | 54 |
| 1920 | 48 | 2727 | 57 |
| 1921 | 61 | 2892 | 47 |
| 1922 | 63 | 3382 | 54 |
| 1923 | 40 | 4766 | 111 |
| 1924 | 43 | 4435 | 103 |

Weens finansiële druk kon geen verdere sentra vir voortsettingsonderwys in 1923 en 1924 toegestaan word nie en daarom het die getalle per klas so gestyg.

(d) Ambagskoolkursusse

In 1916 het nog steeds net die Ambagskool te Pretoria en die een te Johannesburg bestaan. Eersgenoemde het 69 inskrywings op die register gehad in die vierde kwartaal en laasgenoemde 97. Hierdie getalle sluit natuurlik nie die leerlinge in wat saans klasse in voortsettingsonderwys bywoon nie, want in Pretoria waar tegnologiese, ambags-, handels- en literêre vakke aangebied word, het die inskrywing gedurende die vierde kwartaal van 1916 soveel as 356 beloop, terwyl in Johannesburg waar daar slegs ambagsteorie en tekene gegee word, 269 op die register was.[1)]

Die besluit van die Kamer van Mynwese in 1916 om voorkeur by indiensneming te gee aan ambagskooleerlinge wat hul kursusse deurloop het, het die twee skole 'n groot stoot vorentoe gegee. Die leerlingtal in die dagklasse het in Pretoria in 1917 tot 90 gestyg en in Johannesburg

1. Jaarrapport van die Inspekteur van Tegniese Onderwys, 1916.

tot 190 en meteens het die vraagstuk na meer akkommodasie na vore getree. Sowel die werkswinkels as die losieshuise het by albei skole te klein geword. Johannesburg wat die hele Rand bedien, het 29 kosgangers gehad en Pretoria wat die res van die Transvaal bedien, het 32 gehad en vir nie een van die twee skole is daar losieshuise opgerig nie.

Omdat die skoolure in ambagskole baie langer is as in gewone skole en omdat onderwysers in Wiskunde en Wetenskappe nie maklik by die toegepaste metodes inskakel nie en praktiese ambagslui met goeie kwalifikasies vir instrukteursposte gewerf moet word wanneer 'n groot toename van leerlinge plaasvind, is alle assistentposte laagstens graad B met 'n salarisskaal van R560.00 - R20.00 - R640.00 en 'n paar B.H. met 'n salarisskaal van R700.00 - R30.00 - R870.00 gegradeer.

Die onderwysposte is ook hergradeer om gelyk te staan met hoër-skoolposte of graad A in sekere gevalle. Die toelatingsouderdomme van leerlinge is dan ook in 1919 tot st. 6 verhoog in die geval van Johannesburg en st. 5 in die geval van Pretoria waar die kursus nog oor 3½ jaar strek teenoor twee jaar in Johannesburg.[1)]

Reeds in 1919 moes te Germiston 'n voorlopige skoollokaal in gebruik geneem word vir die groter aanvraag vir toelating sodat die skool te Boksburg voorberei kon word as die derde ambagskool in Transvaal. Hierdie Ambagskool is in 1920 in gebruik geneem met 'n gemiddelde inskrywing van 109 leerlinge en daardeur het Johannesburg se getalle met 24% op die vorige jaar gedaal. Die ou gebou van die Cynderella Goudmyn is vir die doel gebruik en mnr. Wheeler, hoof van die Handwerkafdelings van die Oosrand, het die hoof geword. By die ingebruikneming van die gebou het dit reeds geblyk dat verdere akkommodasie benodig word en daarom het die "General Mining and Finance Corporation" hand bygesit en sowel die geboue as elektrise masjiene en masjiengereedskap is voorsien waarmee die lokale ingerig is om aan die eise van die leerkragte en instrukteurs te voldoen.[2)]

---

1. Jaarrapport van Inspekteur van Tegniese Onderwys 1919.

2. Jaarrapport van Horne vir 1920.

Nadat die nodige akkommodasie aan die Johannesburgse skool in 1920 voorsien is, het die hoof en die personeel die nodige veranderings aangebring en is ook die afdelings Houtwerk, Loodgieters en Blikslaers ingeruim en onder behoorlike dak geplaas. Gedurende 1921 het die hoofskap van die skool onopgevul gebly en moes die Inspekteur van Tegniese Onderwys die pos vul.[1]

Waar die Ambagskool in Pretoria sy voorraadkamers en pakkamers moes leegmaak en inruim om as werkwinkel vir ambagte te dien, het daar sedert 1921 geen verdere verligting gekom t.o.v. die nypende tekort aan akkommodasie nie en is dit aan die groot geldskaarste van 1922 en daarna te wyte.[2]

(I) Die kurrikula in die Ambagskole

Die eerste eksamengerigte kursus in die ambagskole vereis nie net die praktiese vervaardiging van die een of ander model uit hout of metaal nie, maar ʼn kennis van vyf verskillende onderwerpe wat behoorlik as ʼn jaarkursus geskematiseer is. Hierdie vyf vakke waarin die kandidaat moet slaag, is: Burgerkunde, ʼn offisiële taal, Wiskunde, Tegniese Tekene en opleiding in Praktiese Wetenskap of Praktiese Hout- of Naaldwerk. As leerlinge in st. 6 geslaag het, kan hulle miskien na die eerste jaar die eksamen slaag, maar dit duur gewoonlik twee jaar vir seuns met st. 5.[3] Ten einde die werklike vereistes vir die sertifikaat skerper te omlyn, word die volle skema vir die Voorbereidende Tegniese Sertifikaat van die Nasionale Adviesraad vir Tegniese Onderwys hier aangedui:

(i) Burgerkunde: Die pligte en regte van die burgers in die stad, die provinsie, die Unie, die Britse Ryk. Die vernaamste gebeurtenisse in die ontwikkeling van die regeringsvorm in Suid-Afrika.

(ii) Taal: Een voorgeskrewe boek uit ʼn lys van voorgeskrewe werke, ʼn brief of ʼn opstel.

---

1. T.O.D.: Jaarrapport 1921, 24.
2. Jaarrapport van Horne vir 1923.
3. U.G. 9 - 1917, 26.

(iii) Wiskunde: Tiendelige en gewone breuke, magte en wortels d.m.v. faktore, die Metrieke Stelsel, die eenheidsmetode, persentberekeninge, substitusie van formules, die vier hoofbewerkings in stelkunde, enkelvoudige en gelykkluidende vergelykinge van die eerste graad, grafiese voorstellings en hul toepassings op statistieke en die oplossing van vergelykinge, eenvoudige eienskappe van driehoeke, parallellogramme en sirkels, berekening van oppervlaktes of inhoud uit gegewens of eie meting, toepassing van alle bogenoemde gevalle op praktiese vraagstukke.

(iv) Tegniese Tekene: Die gebruik van die vensteren kruishaak, passer, verdeelpasser, liniale in duime en sentimeters, gradeboog. Eenvoudige konstruksies en tekeninge van gegewens of volgens eie metings, sketse, gebruik van grafiese papier, en eenvoudige konstruksie van ontwerpe en vertikale projeksies.

(v) Dan as vyfde vak is die praktiese werk gedoen.[1)]

Aan hierdie sertifikaat het die Mynwese voorkeur gegee wanneer aansoeke vir werk oorweeg word.

Die volgende rigtings is deur die drie ambagskole t.o.v. die praktiese vakke ingeslaan: Skrynwerkers, Voertuigbouers, Elektrisiëns, Werktuigkundiges, Smede en Loodgieters.

Vir elke beroep is ᾽n behoorlike skema van werk voorgeskryf sodat daar nie eintlik kans is vir reparasie- of konstruksie- of die fabriekswerk van een spesifieke artikel nie. Die hele skema moet deurgegaan word en hierin het die Ambagskole van die Industriële skole verskil.

Ten einde die toeloop van leerlinge in die werktuigkundige en elektrisiënswerk teen te gaan, is daar verskeie ander beroepe beskikbaar gestel. So is die vakopleiding in Johannesburg ook in die drukkerswese (masjien- en handset) voorsien, en ketel- en vormmakers opleiding het in Pretoria ᾽n groot sukses geblyk. Ook is ᾽n kursus ingestel vir tekenaars sodat leerlinge wat drie jaar studie voltooi het, as te-

---

1. U.G. 9 - 1917, aanhangsel 111.

kenaars by openbare liggame die beroep kan beoefen. Telkens is in die rapport van die Inspekteur van Tegniese Onderwys leedwese uitgespreek dat finansiële beperkinge die ondernemingsgees van die ambagskole so gedemp het.[1]

Die volgende tabel toon die ontwikkeling van die ambagskole in Transvaal aan:

Tabel nr. 13 - Leerlinge in Ambagskole

| Jaar | Pretoria | Johannesburg | Boksburg | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1916 | 61 | 97 | - | 158 |
| 1917 | 101 | 169 | - | 270 |
| 1918 | 124 | 136 | - | 260 |
| 1919 | 118 | 192 | - | 310 |
| 1920 | 143 | 174 | 109 | 426 |
| 1921 | 154 | 301 | 180 | 635 |
| 1922 | 150 | 329 | 151 | 630 |
| 1923 | 168 | 336 | 123 | 627 |
| 1924 | - | - | - | 617 [2] |

(c) Industriële onderwys

Die Potchefstroomse skole, een vir seuns en een vir dogters, was in 1916 eintlik die enigste Industriële skole in Transvaal, aangesien die bydrae aan Langlaagte slegs vir die oprigting van 'n handwerksentrum in Hout- en Metaalwerk was en onder daardie afdeling van die opleiding geressorteer het.[3]

Behalwe die weeskinders van die N.G. Kerk wat in hierdie koshuise en skool toegelaat is, is ook kinders wat aan verwaarlosing blootgestel was en onder Kinderbeskermingswet van 1913 geval het as gekommitteerde kinders opgeneem. Selfs gewone leerlinge wat die vakkundige opleiding wou geniet, kon die skool bywoon, mits die losiesgelde betaal is.[4]

1. Jaarrapport van Inspekteur van Tegniese onderwys 1923.
2. Slegs die totaal vir die drie ambagskole is vir 1924 voorsien.
3. U.G. 9 - 1917, par. 28.
4. Ibid.

In 1916 word melding gemaak van die Industriële skool in Fordsburg, Johannesburg, wat in ooreenstemming met aanbeveling nr. 6 van die Bloemfonteinse Konferensie oor Industriële onderwys gestig is. Die laerskool het aan sy gewone skoolvakke 'n tegniese inslag gegee vir al die seuns in die "vocational top".

> "It was originally intended that backward and retarded boys should attend the school and especially those who were not likely to reach standard 6 and the Primary School Certificate."[1]

Hierdie leerlinge het egter nie die skool wou bywoon nie en gevolglik is die "vocational top" vir die gewone leerlinge gegee wie se ouers daarom aansoek gedoen het. Geleidelik het die skool egter die werk van 'n gewone Industriële skool gedoen wat aspirant-vakleerlinge sowel behendigheid met gereedskap as insig in die toepassing van wetenskaplike wiskundige feite in die praktiese lewe gegee het.

> "A similar institution for the Northern Transvaal was established at Pietersburg as an industrial woodworking school, chiefly for furniture making."

Hierdie skool het egter gekwyn want waar dit ruimte gehad het vir twintig tot vyf en twintig leerlinge, het dit nooit meer as ses leerlinge gehad nie en in 1916 was daar slegs 1.

> "The parents did not take the long view; the pupils were withdrawn to take up such non-educational employment as telegraph messenger boys, or to hang round the railway station as odd porters."[2]

Die skool is dan op 31 Desember 1916 gesluit.

In 1917 is egter 'n soortgelyke skool te Belfast in die Lydenburgse skoolraadsafdeling in die lewe geroep.[3] Terselfdertyd is om 'n soortgelyke skool te De Lagersdrift aansoek gedoen.[4] Geen instrukteur kon vir De Lagersdrift gevind word nie en eers in 1919 is die nodige materiaal en gereedskap uit Durban en Kaapstad bestel. Belfast se industriële afdeling het egter uit die handwerksentrum aan die mid-

---

1. Jaarrapport van die Inspekteur van Tegniese Onderwys 1916, 91.
2. Jaarrapport van inspekteur Horne vir 1916.
3. Ibid.
4. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1917, 66.

delbare skool uitgegroei. Behalwe dat die gewone laerskoolleerlinge die handwerksentra bygewoon het vir twee uur een dag in die week, het die groter seuns wat die laerskoolkursus voltooi het, die industriële kursus vir agt uur per dag van Maandag tot Saterdagmiddag gevolg.[1)]

In 1920 was die Inspekteur van Tegniese Onderwys meer tevrede met Belfast se Industriële afdeling en het hy gepleit dat dit van die gewone skool moet afstig ten einde landbouvakke ook by die onderrig te voeg. Verder skryf hy:

> "Dit is te betreur dat 'n instrukteur vir die De Lagersdrift Industriële Handearbeid Sentrum nog nie gevind is nie."[2)]

Die ondoeltreffende werk van gewone ambagslui as leerkragte word net so sterk afgekeur as onderwysers sonder die nodige tegniese kennis van die ambagte.

In 1922 verklaar die Direkteur van Onderwys dat die De Lagersdrift se Industriële Skool gedeeltelik funksioneer. "'n plaaslike boumeester en aannemer is benoem" om onderrig in Messel- en Timmermanswerk te onderrig maar nog is behalwe die handwerksentrum geen vaste instrukteur benoem om die naprimêre leerlinge te onderrig nie.[3)]

(I) Werkskemas van Industriële skole

In die Potchefstroomse Industriële skole het die seuns hulle veral besig gehou met primêre skoolvakke en handwerkvakke soos Smedery, Looiery, Wamakery, Timmermanswerk en Messelwerk. Verskeie bestellings deur die publiek vir waens, karre en ander nuttige artikels is uitgevoer, maar die teorie van die handwerkvakke is nie soos in die ambagskole bestudeer nie. Die dogters is opgelei in huishouding, was-en-stryk en indien die fondse gevind kan word, sou in 1922 "opleiding in die maak van lekkers bygevoeg word."[4)]

---

1. Jaarrapport van inspekteur Horne vir 1919.
2. Ibid. Sien ook "Geskiedkundige oorsig" van C.J. de Jager 20 Oktober 1958.
3. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1921, 25.
4. Ibid., 1919, 27.

> "Die Industriële Sentrum vir Handearbeid kom ooreen met die Intermediêre Skool, maar die leerplan is laer. Die te Belfast en De Lagersdrift behoort ontwikkel te word om onderrig in die werklike bouvak deur messel in te sluit sodat dit nog nuttiger vir die leerling van die platteland kan wees."[1]

Verder het die Inspekteur van Tegniese Onderwys aan die hand gedoen dat ŉ tweeledige rigting gevolg moet word naamlik Messelwerk en die bewerking van hout en metaal. Eersgenoemde handvaardigheid kan geleer word deur oprigting van werkswinkels en selfs klaskamers op die terreine.

In Fordsburg is behalwe die handearbeidsentrum ook nog aandag aan skooltuine en blomkwekery gegee. Te Cotteslo waar die nuwe skool staanopgerig te word, sou aktiwiteite vir seuns buitenshuis en vir dogters binnenshuis voorsien word. Vir die houtbewerking is meestal Suid-Afrikaanse hout gebruik, hoewel dit nog maar baie gebreke gehad het.[2]

(f) <u>Tegniese Hoërskool te Johannesburg</u>

In 1916 het die Direkteur van Onderwys vir Transvaal in die vooruitsig gestel dat benewens die bestaande sekondêre skole nog twee tipes bygevoeg moet word.

> "We need two types of a technical character, but less markedly vocational in the narrow sense than either the trades school or the school farm."[3]

Die grondslag van die skole behoort Wetenskap en Wiskunde vir stedelike en vir die plattelandse behoeftes te wees. Die kurrikulum behoort verder te bestaan uit Letterkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Kuns en handwerkberoepe.[4]

So ŉ skool is in 1919 in Johannesburg in die lewe geroep maar is eers in tydelike geboue op die "Uniegrond" gevestig. Dit het dadelik in die smaak geval en talle seuns het hulle vir inskrywing aangemeld. In 1918 is reeds met die bouwerk van die nuwe Tegniese Hoërskool ŉ begin gemaak en wel in Turffontein.[5]

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1921, 25.
2. Jaarrapport van Inspekteur van Tegniese Onderwys 1923.
3. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1916, 13.
4. Ibid., 13.
5. Ibid., 1918, 23.

In 1919 is die skool vir 450 leerlinge voltooi, toegerus met 'n handwerksentrum vir Hout- en Metaalwerk.

> "The primary object of the manual training as a subject in the school curriculum is to facilitate the acquirements of as many of the remaining subjects as possible. This means correlation between those subjects and manual training."[1]

Leerlinge van hierdie skool kon later in die onderwyskolleges as instrukteurs van handwerksentrums voorberei word.[2]

In die Inspekteursrapport van 1923 word van die goeie werk van hierdie Tegniese Skool melding gemaak en daar is bygevoeg:

> "Die Turffontein Sentrum het 'n uitstekende groep modelle in die Akademiese Tentoonstelling in 1923 vertoon."[3]

Vir die platteland is egter nie so 'n tegniese hoërskool opgerig nie en het die Inspekteur van Tegniese Onderwys 'n ander gedagte vir die platteland gelug wat in die volgende diagram voorgestel word, maar waarvan ook niks gekom het nie.

Handwerkopleidingsentrum

- Vir Vakopleiding
  - Hout
  - Metaal
  - Klip
  - Ander metale
  - Rekene
- Korreleer met laerskool
  - Meetkunde
  - Aardrykskunde
  - Wetenskap
- Vir skolastiese studie
  - Korreleer met hoërskool
    - Toegepaste Wetenskappe
    - Matesis

(g) Beroepsopleiding in onderwyskolleges

Behalwe dat die studente aan die Pretoriase Onderwyskollege in die beginstadium klasse soos Kartonwerk, Houtwerk en Metaalwerk asook Naald-

---

1. Jaarrapport van Inspekteur van Tegniese Onderwys, 1919.
2. Ibid.
3. Jaarrapport van Inspekteurs van Rand Sentraal, 1923.

werk in die Ambagskool geneem het, is ook klasse in Landbou op die Landbouskool, Potchefstroom en digby Pretoria by die Honingneskrans bygewoon.[1] Hierdie skool het voldoende grond gehad sodat klein proefpersele uitgemeet is vir die nodige opleiding van leerkragte. Studente moes dan eers sowel op hierdie skool ervaring in praktiese onderrig as by die Pretoriase Handelskool gaan opdoen.[2]

In 1920 is deur die Administrateur stappe gedoen om die nypende tekort aan opgeleide leerkragte vir die handwerksentra van die provinsie die hoof te bied.[3] Milton is as dosent in handwerkvakke aangestel en sou aan die twee kolleges te Pretoria en Johannesburg klasse waarneem waardeur Derde- of Tweedeklassertifikate verwerf kon word. Na ŉ tweejarige opleiding in die handwerkvakke en ŉ derde jaar in onderwyspraktyk kan die leerkragte in die handwerkafdelings as aflosinstrukteurs aangestel word. Sowel in die teorie as in die praktyk moes geslaag word.[4]

(h) Samevatting

Met die doelstelling voor oë wat deur die Bloemfonteinse Konferensie oor Tegniese Onderwys aan die Onderwysdepartemente voorgehou is, het die Transvaalse Direkteur hom deeglik vergewis van die omvang van die voorgestelde skemas. In 1916 het hy in sy jaarrapport die hele skema omlyn en al die aandag aan die belangrike aspekte van die meer praktiese neigings in die onderwysleerplan gewy. Waar die platteland veronderstel was om deur landbou in die vorm van tuinwerk by die skool praktiese kennis op te doen vir die oog-hand-kombinasie en die stedeling deur middel van handearbeid, daar moes laasgenoemde instelling ook geleidelik oor die platteland uitbrei. Die handwerksentrum het eintlik as ŉ behoefte van die platteland gekom en nie soseer as ŉ oplossing van die armblankevraagstuk soos in die Kaapprovinsie nie. Van landbou-

1. Jaarverslag van Inspekteur van Tegniese Onderwys, 1920.
2. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1919, 26.
3. Administrateurskennisgewing nr. 370 van 1926.
4. Jaarverslag van Inspekteur van Tegniese Onderwys, 1920.

vakopleiding het tot in 1924 feitlik niks tereg gekom nie. Die Industriële skool op Potchefstroom het so 'n bietjie daaraan aandag geskenk, feitlik in aanvulling tot die koshuis se onderhoud. Vir De Lagersdrift is dit in 1924 in die vooruitsig gestel.

Die soort ambagsopleiding, (sowel teorie as handvaardigheid vir sekere beroepe, hoewel dit in die beginstadium 'n slakkegang gegaan het) het later so in die smaak geval, dat die getalle aansoeke te groot was vir die beskikbare ruimte, en is daar derhalwe 'n derde Ambagskool vir die Oosrand op Boksburg in die lewe geroep. Wat die soort onderwys die meeste gekwel het, is die tekort aan fondse, en hoewel die "Onderwys Administrasie -Kommissie" van 1923 die kostes te hoog beskryf het en dit met die Industriële Skool te Uitenhage vergelyk het, was die vergelyking nie op regverdige basis nie. Slegs Transvaal het wettige Ambagskole besit en is dit vanweë die duur gereedskap en materiaal 'n soort opleiding wat vanselfsprekend hoë koste meebring.

Drie direkte handelskole het bestaan en origens is handelsvakke vir twee jaar in hoërskole aangebied en later selfs tot by die Transvaalse Middelbare Skooleindsertifikaat. Origens is die kursus aangebied wat op die Handelsertifikaat van die Kamer van Koophandel of die Pitmans se Handelsertifikaat uitgeloop het.

Voortsettingsonderwys het sedert 1916 so 'n groot omvang in die stede van die Witwatersrand en selfs in Pretoria gehad dat behalwe in Pretoria slegs aandklasse aangebied kon word ter wille van die tekort aan ruimte. Op die platteland is die voortsettingsklasse onder beheer van die skoolrade en beheerrade van hoërskole geplaas. Dit is verblydend om te kan konstateer dat sulke ontwikkeling gemaak is, nieteenstaande die finansiële besnoeiing in 1922. Die klasse in 1923 het uit 104 bestaan wat laerskoolonderrig verskaf het, 113 vir handelsonderrig, 124 vir middelbare onderrig, en 97 vir handwerkvakke.

Die idee van die tegniese hoërskool vir die stedelike en die plattelandse behoeftes sou sekerlik op opvoedkundige gebied 'n nuwe ontwikkeling gewees het en dit is nogal jammer dat die goue middeweg tussen

die te formalistiese en te praktiese leerplanne nie behoorlik op sowel die platteland as in die stedelike omgewings gefunksioneer het nie. Die Tegniese Hoërskool sou aan hierdie vereistes beantwoord het sodat die leerling deur die aanbieding van die stof tot aktiwiteite kon oorgaan wat hom in staat gestel het om nuwe patente te ontwerp. Die proses sou dan opvoedkundig beskryf kon word as bevrediging van die skeppingsdrang na sintuiglike waarneming en die innerlike belewing en verwerking daarvan.

## 4. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSKOLE IN DIE O.V.S. VAN 1916 TOT 1924

### Inleiding

Hoewel industriële onderwysinrigtings in die O.V.S. "Ambagskole" genoem word, is die werk en opleiding geheel en al in ooreenstemming met wat in die ander provinsies deur die Industriële skole gedoen is. Die werk in al die "Ambagskole" was in navolging van die fabriekstelsel en behalwe dat die leerlinge onderrig in gewone algemene skoolvakke ontvang het, het hulle net die ambagte deur middel van "sien-doen" geleer.

In Bloemfontein het die Politegniese Kollege wel tegniese sowel as praktiese onderrig verskaf, maar die meeste leerkragte het die kursusse van 1918 af toe die toelatingsvereistes verhoog is, links laat lê. Aambagonderwys waarin die aspirant bedrewe werker sy ambag beoefen met ŉ verstand wat skep, ŉ oog wat sien en ŉ hand wat doen, is in die O.V.S. se skole bloedweinig van gesien. Geen wonder dan ook dat die O.V.S. in 1924 die enigste provinsie was wat oor geen Tegniese kollege beskik het nie.

Daar was nou wel nie baie fabrieke in die O.V.S. nie, maar die boerdery het sy eie eise aan die handewerk gestel. Ook moes die O.V.S. die behoefte aan messelaars en boumeesters bevredig het. Verder het daar ŉ groot behoefte bestaan vir behoorlik opgeleide boere soos sal blyk uit die gehalte werk van Tweefontein en die aanvraag na die seuns en dogters wat daar onderrig ontvang het.

Deurgaans kan die wurggreep van die terugslae in die natuur in die O.V.S. se Administrasie waargeneem word en is dit juis finansiële nood wat die stremmende uitwerking op die ontwikkeling van beroepsopleiding gehad het. Besuiniging was dan ook aan die orde van die dag en elke skool het probeer om te spaar waar dit kon en deur terugbetalings die Departement verbly.

#### (a) Tegniese en beroepsopleiding in gewone skole

In 1917 was daar in die O.V.S. 51 skole wat toegerus was met houtwerksentrums en waar die vak die nodige aandag geniet het, terwyl daar in

18 sentra Huishoudkunde en in 17 handelsvakke onderrig is.[1] Hierdie fasiliteite is slegs aan gevorderde laerskole of aan sekondêre skole verskaf waar die getalle leerlinge die koste regverdig het. Soos blyk uit die rapporte van die Inspekteurs van Onderwys was daar in die O.V.S. 'n groot tekort aan behoorlik opgeleide onderwysers in die praktiese vakke, hoewel die Politegniese Kollege aan die Normaalkollege verbonde is. Die salarisse van die klas onderwyser was te laag om die regte leerkragte te trek en daarom sê inspekteur Noaks:

> "I would point out the difficulty experienced by School Boards in getting suitable men for this work owing to the small salary attached to the position."[2]

Aangesien die Departement nie die instelling van 'n tiende Inspekteur van Onderwys kon bekostig nie,[3] is Burt van die Houtwerksentrum van die Normaalkollege gevra om in sy vrye tyd inspeksiewerk in die praktiese vakke te doen. In sy rapport vir 1917 verklaar hy o.m.:

> "Over het algemeen is het werk in 'n zeer onbevredigende toestand, met een of twee merkwaardige uitzonderingen. De onderwijzers met deze vakken toevertrouwd, zijn niet ten volle thuis in hun werk, en als 'n onvermijdelike gevolg hebben de vakken aanmerklik geleden."[4]

Nie net was die metodes verward en ondoeltreffend nie, maar verspilling deur onnodige materiaal en gereedskap het op ongeveer R1500.00 te staan gekom. Gelukkig kon deur behoorlike opname van die voorrade die oortollige voorrade aan ander skole voorsien word.[5]

In Julie 1917 is in die Normaalkollege 'n spesiale agttal studente saamgegroepeer om hulle vir die tegniese rigtings te bekwaam. Burt spreek egter bedenkinge uit oor die moontlikheid dat manne ooit diens sal aanvaar teen die geringe salaris en het insgevolge sy versoek om hoër aanpassings vir die spesiale onderwysers herhaal. Die spesiale

---

1. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1917, 11.
2. Rapport van inspekteur Noaks vir 1917.
3. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1916, 7 (Engelse Teks)
4. Rapport van Burt 1917.
5. Ibid.

klas is saamgestel

> "om in die groeiende aanvraag voor hoger opgeleide en gespecialiseerde Techniese onderwijzers te voorsien."[1]

Daar het dan wesenlike behoeftes bestaan vir beter leerkragte, omdat kartonwerk wat ook as voorloper vir die ingewikkelder prosesse met hout en metaal, nie eers behoorlik onderrig is nie. Burt verklaar dan ook:

> "Veel meer moet nog gedaan worden i.v.m. het onderwijs in Kartonwerk ..." terwyl "Tekenen ook gruwelik verwaarloosd is en zeer kostbaar werk in de scholen kon gedaan worden indien ŉ bepaald leerplan voor de onderwijzers geplaatst werd en raad en toelichting verkrijgbaar was."[2]

Die aanstelling van ŉ opsiener in die vakke het haas onontbeerlik geword en tog kon die administrasie nie die geld vir verdere uitbreiding vind nie.

(I) Geleidelike uitbreiding sonder opsieners

In 1918 was Burt weens siekte nie in staat om veel inspeksiewerk te doen nie en herhaal die Direkteur sy versoek van vorige jare vir die aanstelling van opsieners in die handwerk- en huishoudkundevakke.

> "Daar Huishoudkunde, Houtwerk en Handelsvakken nu op de meeste dorpscholen onderwezen worden, is het hoogst wenselik geworden dat er voldoende voorziening gemaakt worde voor inspeksie van het werk dat in deze vakken gedaan worden."[3]

Geleidelike uitbreiding het egter plaasgevind as die rapporte van die gewone inspekteurs geraadpleeg word. So verklaar Noaks in 1918 dat in Kroonstad bykans al die praktiese vakke aangebied word en dat ŉ houtwerksentrum op Edenville gereed is om te begin. Inspekteur Wessels verklaar dat Houtwerk in Winburg, Ventersburg, Senekal en Theunissen voorsien word, terwyl handelsvakke in Winburg en Senekal op die roosters is.

> "Landboukunde, wat m.i. een van die vernaamste vakke is vir die leerlinge in my rondgang, word nog glad nie onderwese in een van die skole in my afdeling."[4]

---

1. Rapport van Burt 1917.
2. Ibid.
3. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1918, 9.
4. Rapport van inspekteur Wessels 1918.

In die Middel-Noordelike rondgang is daar veel meer op die gebied van landbou tot stand gebring. Te Villiers is die nodige gereedskap aangeskaf en te Frankfort is grond beskikbaar gestel vir die skool om Landbou te onderrig. Behalwe in Villiers is Houtwerk in al die skole van die kring as vak in gebruik. In die Middel-Westelike rondgang is Handwerk aan al die skole in die dorpe gegee behalwe in Hertzogville en Hoopstad waar nie 'n houtwerkonderwyser gevind kon word nie. In die afdeling van inspekteur Cillie is egter bloedweinig aan die praktiese vakke gedoen, want hy sê in sy rapport in 1918:

> "hier en daar wordt Naaldwerk onderwezen, doch Natuurkunde, Landbouwkunde, Gezondheidsleer, en Tekenen, Zang en Houtwerk blijven zo te zeggen onaangeroerd."[1]

Dit is dan tewens ook die geval in die meeste buiteskole, maar in die dorpe is die prentjie ietwat anders, want selfs in hierdie kring geniet die vakke nogal redelike aandag en kan Kopjes en Heilbron se versoeke om industriële vakke te begin as 'n verdere uitbreiding beskou word. So is in elke inspeksiekring die een of ander nuwe sentrum bygevoeg sodat inspekteur De Bruyn daarop wys dat Houtwerk en handelsvakke nie meer as spesiale vakke beskou kan word nie, omdat dit haas in elke skool voorsien word, maar dat Landbou en Huishoudkunde nog heelwat agterstaan.

Gedurende die jaar 1919 is deur die Inspekteurs van Onderwys verklaar dat bykans al die dorpskole Houtwerk as vak gee, maar dat die kookkunsafdelings vir dogters baie minder geslaagd is.[2] Die Inspektrise van die Unie-Onderwysdepartement het die kookkuns- en huishoudkunde-afdelings in 1919 besoek en in haar verslag daarop gewys dat

> "er in het onderwijzen van het vak aanzienlike ruimte voor verbetering is."[3]

Die handelsvakke het baie in die smaak van die leerlinge begin val. Daar moes egter dikwels van swak opgeleide persone in die skole gebruik

---

1. Rapporte van Inspekteurs van Onderwys in 1918.

2. Ibid. 1919.

3. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1919, 7.

gemaak word. So verklaar die Inspekteur van die Suidoostelike Kring in 1919:

> "Die aanvraag om onderwijs in handelsvakke word daeliks groter en in vier van die vijf sekundaire skole in die afdeling maak die vakke reeds deel uit van die kurrikulum."[1)]

Inspekteur Wessels wys in sy rapport daarop dat dit jammer is dat die handwerkvakke nie in ŉ direkte koers stuur nie. Dit dek op sigself ŉ kursus maar lei nie tot een of ander moontlikheid vir die seun of dogter se toekoms nie.

> "Gepaard met Houtwerk behoort ontwikkel te word die beginsele in Kon-ijster-werk, soos saag, boor, vijl van ijster vooral met die oog op die toename in die gebruik van masjinerie."[2)]

Behalwe dat die gewone handearbeid in die meeste skole ŉ plek ingeneem het, was die verspreiding van die beroepskole oor die hele O.V.S. ŉ saak wat te wense oorgelaat het. In die Middel-Westelike Kring maak inspekteur Van Schalkwyk daarvan melding dat in sy afdeling daar nie ŉ enkele beroepskool staan nie en vervolg:

> "Dis hoog nodig dat daar in elke rondgang minstens een Industriële, een Landbouw en een Huishoudskool sal wees."[3)]

(II) Die Nuwe Kode

In 1920 is in die nuwe Gekonsolideerde Onderwysordonnansie[4)] bepaal dat die Volkskole,[5)] in ses grade verdeel is ooreenkomstig die leerlingtal en dat dit onderwys sal voorsien tot in st. 6. Behalwe die middelbare skole is ook nog voortsettingskole in die lewe geroep waar "onderwys wordt gegevent tot vier jaren na st. 6". Die skole gaan nie tot Matriek nie, maar "is binnen gemakkelike bereik van die standaard." In al hierdie skole het beroepsopleiding ŉ groot rol gespeel. So kon die skole in verskillende kursusse spesialeseer. Die eksamen wat afgelê word, sal "School Eindeksamen" genoem word en in-

---

1. Inspekteur De Bruyn se rapport vir 1919.
2. Rapport van inspekteur Wessels, 1919.
3. Rapport van inspekteur Van Schalkwyk, 1919.
4. Ordonnansie nr. 9 van 1920.
5. Dit omvat die eertydse laer- of primêre skole.

(I) Industriële Skool te Bloemfontein

Vir die jaar 1916 was die leerlingtal 46 met 'n gemiddelde ouderdom van 16 jaar. Gedurende die jaar is 'n nuwe afdeling tot die kursusse toegevoeg en kon die skool sy eie hemde en oorpakke maak. Die leerlinge probeer so onafhanklik moontlik van die gewone winkels lewe deur hul eie werkwinkels op te rig. In die geheel het die skool goedere vervaardig en verkoop ten bedrae van R6,528.00, wat in die staatskis gestort moes word. Die materiaal, gereedskap en behuising word natuurlik deur die Onderwysdepartement voorsien en die opleiding word gratis verskaf.[1)]

Die skoolrooster het voorsiening gemaak vir 3 uur in die gewone laerskoolvakke en ses uur per dag in die werkwinkels en in 1917 is aan die skoolkomitee gevra om die aantal leerlinge aan die skool tot 60 per jaar te verhoog vanweë die groot aantal aansoeke. Die toestemming het meegebring dat daar toe slegs 20% van die aansoeke opgeneem is.[2)]

Die skool het die volgende kursusse aangebied en seuns vir beroepe in die rigting voorberei: Skrynwerk, Wamakery, Algemene Smidswerk, Hoefsmid, Tuie, Saal-, Skoen- en Kleremakery en twee seuns in Drukkers werk. Verskeie openbare liggame het aan die skool kontrakte vir herstelwerk gegee en so kon die seuns dan deur die werk te doen, hul beroepe beoefen.[3)]

In 1918 pleit die hoof vir ruimer koshuise en groter werkwinkels en voeg daaraan toe

> "vak- en schoolonderwijs mag uitstekende zijn maar mijn beschouwing zal de inrichting in zijn doel niet slagen tenzij een behoorlike, afgeronde opleiding kan worden gegeven."

Die skool het voorsiening gemaak vir 60 leerlinge en daar was deur die jaar 'n gemiddelde van 57. In die geheel is vir hierdie jaar R5,719.34 in die staatskis gestort[4)] en R8,706.05 in 1919, nieteenstaan-

---

1. Rapport van prinsipaal van Bloemfonteinse Industriële skool 1917.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid., 1918.

dien ŉ leerling wil matrikuleer, kon hy net een jaar verder gaan in ŉ middelbare skool wat aan die matrikulasievereistes sal voldoen.[1]

Ooreenkomstig die Nuwe Kode is die onderwys meer prakties gemaak sodat in die meeste groot skole

> "men klassen heefte gevormd voor onderwijs in Handelsvakken, insluitende Machineschrift. Er zijn ook klassen gevormd voor het onderwijs in Koken, Houtwerk, enz. en in de scholen van Nederzettingen en in sommige grote buitescholen heefte men een begin met landbouwonderwijs gemaakt."[2]

Geleidelik het die skole begin spesialiseer wat die voortsettingsonderwys betref in die een of ander beroepsvak,[3] terwyl die gewone handearbeid daaronder gely het.[4]

(b) <u>Industriële Skole</u>

Die volgende Industriële skole het in die O.V.S. in 1916 bestaan: Die Huishoudskool te Bethlehem; die Staatsnywerheidskool te Bloemfontein; die Ficksburgse Nywerheidskool en die Nywerheidskool te Goedemoed, ŉ Arbeidskolonie aan die Oranjerivier.[5] Die skole het egter sonder behoorlike doelstellinge onderrig gegee, want in 1917 het Burt, wat spesiaal gevra is om die praktiese skole te besoek en wenke aan die hand te doen, in sy verslag daarop gewys dat daar

> "een zeer dringende noodzakelikheid voor het optrekken van ŉ definiteiwe praktiese leerplan voor Industriële of Ambachtscholen en hun'voeders' zoals Dealesville, Kopjes, Goedemoed, Jacobsdal en Ficksburg en andere die in de toekomst in de arme centra mogene opgericht worden",

bestaan.[6]

Hierdie skole het hulle veral toegelê op die verwerking van materiaal in nuttige artikels wat in die smaak van die openbare mark val en al die stukke is dan met winste verkoop en sodoende het daar groot voordele vir die provinsie in die soort skole gesteek, want al die gelde moes in die staatskis gestort word.[7]

---

1. Die eksamen is deur die universiteite beheer.
2. Jaarrapporte van inspekteur Bowie 1920.
3. Rapport van inspekteurs Cillie en Craig.
4. Rapporte van inspekteurs Noaks, Van Schalkwyk en Wessels, 1920.
5. U.G. - - 1917, 3 - 4.
6. Verslag van Burt 1917.
7. Verslae van hoofde van Goedemoed, Bloemfontein en Ficksburg 1917.

de die griepepidemie van 1918. Hoewel die gewone algemene vordering in die skool laag was, het

> "zelfs de minst gevorderden na het verlaten van de school hun brood kunnen verdienen."[1]

Hoewel daar met leedwese in 1924 melding gemaak word van die traagheid by die owerheid om te voorsien in die fasiliteite waarvoor daar ɱ dringende behoefte bestaan, t.w. kragmasjiene vir die werkwinkels, ɱ drukkersafdeling sowel as ɱ motor- en loodgietersafdeling, is daar maar min gevorder. Die aantal leerlinge was nog op 60 vasgepen, maar al die toelatings kon alleen geskied na die voltooiing van st. 6 wat die aansoeke nogal nadelig getref het.

> "Seker is dit, as ons nie vir die seuns ɱ kans gee om ɱ ambag of professie te leer nie, die getal armblankes grootliks sal vermeerder en ook die getal verbeteringshuise, en also word ɱ dubbele las op die staat gelê",

- dit was die waarskuwing wat die hoof van die skool in 1924 in sy rapport aan die adres van die Departement gerig het.[2]

(II) Ficksburg se Industriële Skool

Die doel van die skool is om seuns grondig in die een of ander vak te onderwys ter voorbereiding vir die "Voorbereidende Techniese Sertifikaat" en die dogters af te rond in Kookkuns, Huishoudkunde en Naaldwerk ter voorbereiding vir die gesogte "Huisvrousertifikaat".[3]

In 1917 het die skool ɱ selfstandige bestaan gevoer, aangesien dit afgeskei is van die middelbare skool. Die teoretiese werk het ingesluit Tekene, waarvan ses uit die agt in die Elementêre Tekeneksamen van die Skool van Mynwese geslaag het. In die praktiese werk is hier die voorbeeld van die Bloemfonteinse Industriële Skool gevolg deur meubels en ander nuttige artikels vir die openbare lewe te maak.[4]

Die kursus wat aangebied is, het ingesluit Timmerwerk, Skoen- en Kleremakery, Smidswerk, Wamakery en Skilderwork. Die toelatingsvereiste in die skool is tot st. 6 verhoog en daarom vorder die werk ook beter.[5]

---

1. Verslag van hoof van Bloomfonteinse Industriële Skool, 1919.
2. Ibid., 1923
3. Verslag van hoof van die Ficksburgse Industriële Skool, 1917.
4. Ibid., 1918.
5. Ibid., 1923.

Die inkomstes van die skool vir 1923 het R13,183.35 beloop, terwyl die uitgawes, behalwe inwoning, op R13,449.55 te staan gekom het.

> "Dus wys dit dat die skool byna selfbetalend is. Die koste per kind vir Ambagsonderwys vir die jaar is R2.57.[1]

Wanneer inwoning en klere bygereken word, is die gemiddelde uitgawe per kind R63.15 per leerling per jaar, wat besonder laag is vir die soort onderwys.[2]

## (III) Industriële Skool te Heilbron

Sedert 1920 het die skool bestaan as 'n afdeling van die gewone middelbare skool en is op 1 Januarie 1923 afgeskei met waarnemende superintendent, Pels, wat terselfdertyd die Skoolraadsekretaris was.[3]

In 1924 verklaar die Direkteur van Onderwys dat die skool die enigste ongelukkige mislukte uitsondering op al die opgerigte skole was.[4]

## (IV) Industriële Skool te Jacobsdal

Die handwerkafdeling van hierdie skool het ook geleidelik so verstewig dat dit oorgegaan het tot 'n industriële skool in die timmermans- en smidsafdeling. Die 18 leerlinge van 1919 het twee uur lank gewone skoolopleiding geniet en vyf uur werkwinkelpraktyk; Saterdae is ingesluit.[5]

In die smidsafdeling het die publiek onder die indruk verkeer dat alleen reparasiewerk uitgevoer word, maar het weldra uitgevind dat die begeerte bestaan om slegs nuwe artikels te maak.

Hoewel die inskrywing in 1920 slegs 18 leerlinge was, het die skool van die gewone skool afgestig[6] en tot 23 leerlinge in 1923 toegeneem. In die timmermansafdeling is veral nuwe meubels vervaardig.[7] Ongelukkig moes in die smidsafdeling nog heelwat tyd aan reparasies af-

---

1. Verslag van die hoof van die Ficksburgse Industriële Skool, 1923.
2. Sien U.G. 19 - 1923, 30 - 31. (Weston se gemiddelde Uitgawe was R207.21).
3. Verslag Superintendent van Heilbron se Industriële Skool, 1923.
4. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1924, 15.
5. Verslag van die hoof van die Industriële Skool te Jacobsdal, 1919.
6. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1920, 15.
7. Superintendentsverslag vir 1923.

gestaan word, maar die inkomste gedurende die jaar het om en by die R2,000.00 beloop. In 1924 is nuwe werkwinkels vir die smidsafdeling voorsien en nieteenstaande die beperkte getal seuns in die wamakersafdeling het die inkomste in die onderhawige jaar op R3,000.00 te staan gekom.[1]

(V) Industriële Skool te Ladybrand

Vir hierdie skool is in 1916 soveel as R12,000.00 op die begroting geplaas en is dit teen die helfte van 1917 voltooi en wel met 20 morg grond tot beskikking terwyl die landbouafdeling soveel as 160 morge beheer het. Aangesien die kostes gedurende die oorlogsjare baie gestyg het, het die begroting vir die uitrusting bykans R4,000.00 beloop. Die opening van die skool is weens die griepepidemie van 1918 tot 1919 vertraag.[2]

Groot ondernemingsgees is deur die personeel en leerlinge aan die dag gelê sodat die toekoms baie rooskleurig was. Reeds in 1923 is al R2,056.63 in die skatkis van die staat gestort. In 1924 het die skool se inkomste sodanig gestyg dat die Superintendent melding kon maak van groot welslae gedurende die jaar,

> "want nie alleen is alle verwagtings oortref nie, maar ook is getoon dat die skool se toekoms verseker is."[3]

(VI) Industriële Afdeling te Goedemoed

Goedemoedskool het tot st. 7 onderrig in die gewone vakke voorsien maar in die Industriële afdeling is leerlinge slegs in Timmerwerk onderrig. Die getal leerlinge in hierdie afdeling het in 1918 met vyf gedaal tot 4 en eers in 1920 het die inskrywing tot 13 en in 1921 tot 15 gestyg.[4]

Aan die seuns is in 1919 R113.76 aan bonusse uitbetaal, terwyl R287.76 in die skatkis van die staat gestort is.[5] Veral kinders van die armblanke nedersetting van die N.G.-Kerk het die skool besoek.

---

1. Superintendentsverslag vir 1924.
2. Ibid., 1918.
3. Ibid., 1924.
4. Rapport van Besselsen Supt. van Goedemoed in 1918, 1920 en 1921.
5. Ibid., 1919.

### (VII) Industriële Afdeling te Kopjes

Na aanleiding van die voorbeeld wat Goedemoed gestel het, het Kopjes ook ꞌn Industriële afdeling aan sy gewone dagskool gevoeg. In 1920 is die eerste klas van 10 leerlinge in die ambagte voorsien.[1] Na st. 6 het Kopjes die aandag van die seuns by Timmermanswerk bepaal en die dogters het Kookkuns geneem.[2] Daar is in 1923 ꞌn groot terugslag in getalle ondervind, maar die werk het voortgegaan.[3]

### (VIII) Industriële Skool te Kroonstad

"Te Kroonstad is ꞌn nuwe Ambagskool[4] geopen in geboue (skool en kosinrigting) wat vroeër vir gewone skooldoeleindes in gebruik was."[5] Hierdie skool het in 1922 tot stand gekom deur dat nuwe werkwinkels opgerig is. Dit is deur die seuns gedoen met sink en hout wat van "Arbeid Adelt" na Kroonstad oorgeplaas is. Die totale koste in hierdie verband was minder as R300.00 en is afgehandel in November van 1922.[6]

Weens ꞌn nypende skaarste aan gereedskap is daar tog in geslaag om die skool se werksaamhede in 1923 met 26 seuns te begin, wat opleiding in Timmermanswerk sowel as in Wa- en Karmakery ontvang het. Om die werkwinkel ꞌn stoot te gee, het die Departement van Onderwys 12 seuns van ander industriële skole na Kroonstad oorgeplaas. Aan die einde van 1923 het 7 van die twaalf hul driejarige kursus voltooi en in diens getree. Die skool het die jaar meer as R2,000.00 se werkstukke voltooi en dus ꞌn goeie begin gehad.[7]

### (c) Die Huishoudskool te Bethlehem

Die leerlinge is vir die Huisvrousertifikaat van die Unie-Onderwysdepartement voorberei sowel as vir die Junior Handelsertifikaat in vak-

---

1. O.D., O.V.S.: Jaarverslag van D.v.O. 1921, 11.
2. Jaarverslag van inspekteur Cillie vir 1920.
3. Ibid., 1923 en 1924.
4. U.G. 19 - 1924, par. 79. Die soort skool doen die werk van Industriële skole onder die naam "Ambagskool".
5. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1921, 9.
6. Rapport van Supt. Ehlers van Kroonstadse Ambagskool, 1923.
7. Ibid.

ke soos Snelskrif, Tikskrif, Handelsrekene, Boekhou en Tale.[1]

In 1921 verklaar die Direkteur van Onderwys dat die skool baie goeie prestasies behaal het en dat verskeie leerlinge na die Politegniese Kollege in Bloemfontein gaan om as onderwyseresse opgelei te word.[2] Uitbreiding in die rigting van Suiwelboerdery en Tuinbou kon nie geskied nie.[3]

(d) <u>Die Landbou-Ambagskool te Tweespruit</u>

In Desember 1918 het die Superintendent van die skool werksaamhede begin deur uitrusting en plaasdiere uit die toegestane R8,000.00 aan te koop.[4] In 1920 is ook ŉ begin gemaak met die pluimveeafdeling en het die veestapel flink gevorder.[5]

Op ŉ oordeelkundige wyse is met die gesaaides geboer sodat hier ook groot winste afgewerp is, want die gesaaides: mielies, rog, tef en ertappels is weer ten bate van die diere en leerlinge gebruik. Die leerlingtal het toegeneem van 23 seuns en 9 dogters in 1919 tot 32 seuns en 25 dogters in 1922 nadat 21 seuns en 17 dogters intussen by progressiewe boere uitgeplaas is. In 1922 is aan 22 seuns en 12 dogters wat die driejarige opleidingskursus voltooi het sertifikate oorhandig.[6]

Die personeel het geleidelik toegeneem en het daar benewens die hoof, meneer Bierman, nege personeellede met die opleiding gehelp. Onder hulle was daar ŉ plaasvoorman en instrukteurs in Smedery en Timmerwerk; instruktrises in Huishoudkunde, Was-en-Stryk, Naaldwerk en Kleremakery en klasonderwysers en onderwyseresse. Die huishouding was in die hande van ŉ matrone en ŉ kooksterr.[7]

---

1. Jaarrapport, mevr. Van Gent, 1918.
2. O.D., O.V.S.: Jaarverslag van D.v.O., 1921, 13.
3. Jaarrapport van Supt. Bierman, 1918 - 1919.
4. Ibid.
5. Ibid., 1920.
6. Ibid., 1922
7. Ibid., 1920.

(e) Die Politegniese Kollege te Bloemfontein

Kort nadat die inrigting van die Huisnywerheidsraad van die O.V.S. oorgeneem is, het die Departement van Onderwys dit ingespan om die aspirant-onderwysers voor te berei in die een of ander tegniese of handwerkvak. In 1917 rapporteer die Rektor van die Normaalkollege:

> "Ook is er 'n begin gemaakt met het geven van speciaal onderwijs in Hande-arbeid aan studente van het mannelik geslacht."[1]

Slegs 1 kandidaat het in 1918 die "Tegnies Professioneel" sertifikaat behaal, terwyl 6 dames in Huishoudkunde, 3 in handelsvakke en 1 in Kuns geslaag het.[2]

(I) Onderwyskursusse

Met die oog op die feit dat die studente vir die praktiese vakke wat die tegniese sertifikaat in die onderwysrigting wil verwerf, nie voldoende geskool is op akademiese gebied nie, het die Rektor van die Normaalkollege aanbeveel dat die kursus gestaak of die peil in die gewone vakke aansienlik verhoog moet word.[3] Daar is in die Voorbereidende Tegniese skole dus voorsiening gemaak vir 'n volledige kursus in Handel of in die ambagte. In 1919 pleit die Rektor van die Normaalkollege dat die toelatingsvereiste vir die tegniese onderwysers ook tot Matriek opgeskuif moet word aangesien hul salarisse in die nuwe skale hoër gemaak is as die van die gewone onderwysers.[4]

Die vakke wat deur die Politegniese Kollege vir onderwysdoeleindes aan die Normaalkollegestudente aangebied word, dek nie alleen die opleiding van die leerkragte vir die handearbeidvakke in die gewone skole nie, maar ook die van die leerkragte in spesiale beroepskole. Die onderwyserskursusse het Huishoudkunde, handelsvakke, Musiek, Kuns en tegniese vakke ingesluit.

---

1. Jaarrapport van Rektor van die Normaal en Politegniese Kollege Bloemfontein, 1917.
2. Ibid., 1918.
3. Ibid.
4. Ibid.

Na 1920 moes die leerkragte vir tegniese en beroepsvakke ook 'n hoër akademiese sertifikaat besit, aangesien

> "deze Speciale techniese onderwyzers kursussen daarom opgeheven zijn."[1]

(II) Gewone tegniese opleiding

Benewens die onderwysorskursusse van die Politegniese Kollege het talle studente klasse in verskillende beroepsvakke bygewoon. Die volgende is o.m. voorsien en die verskillende eksamens waarin die leerlinge geslaag het, wys dat die kursusse heel breed opgestel moes gewees het.

(i) Vir die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel se eksamen is kandidate voorberei in: Handelsgebruike (laer en hoër), Hollands (laer en hoër), Handskrif, Engels (laer en hoër), Boekhou (laer en hoër), Tikskrif (laer en hoër), Teorie van Snelskrif en Junior Snelskrif (Engels en Afrikaans).

(ii) Vir die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop: Musiekteorie, Klavier, Viool en Sang in al die grade.

Origens is Huishoudkinde en ambagsvakke vir gevorderde werk voorsien.[2] Die Politegniese Kollege het later die Tegniese Kollege van Bloemfontein geword.

(f) Voortsettingsonderwys

In 1916 het daar in Bloemfontein geleenthede vir aandklasse bestaan vir die voorbereidende en tegniese kursusse. Hierdie klasse het veral betrekking gehad op die leerlinge wat bedags werk en vrystelling van skool ontvang het op voorwaarde dat hulle verdere opleiding sal ontvang tot hul sestiende jaar of totdat hulle in st. 6 geslaag het. Die handelsvakke het besonder baie aandag geniet, maar die tegniese kursusse het veel te wense oorgelaat omdat sowel die Spoorweë as die Poswese as staatsinstellings nie die seuns vir die geleenthede gebied het nie.[3]

---

1. Jaarrapport van hoof van Normaal en Politegniese Kollege, 1920.
2. Jaarrapport van Mac Donald vir 1917 en 1923.
3. Jaarrapport van die hoof van die Brebnerskool, 1917.

Die kursusse wat die leerlinge in die skool kon voltooi, het o.m. die verskillende grade vir die Pitmans-eksamen en die S.A. Kamers van Koophandel ingesluit asook die Junior Tegniese Sertifikaat van die Nasionale Adviesraad van Tegniese Onderwys. In 1916 is ook die st. 7 werk in die klasse aangepak[1] en hieruit is die later middelbare afdeling van die skool gebore in ooreenstemming met die versoek van inspekteur Wessels wat dit in 1923 aanbeveel het.

(I) Dagvoortsettingsklasse in Brebnerskool

Nadat die verslag van die "Komitee oor Tegniese Onderwys" in 1917 bekend geword het, het leerlinge hulle stadigaan begin aanmeld vir voortsettingsonderwys gedurende die dag, sodat die hoof van die Bloemfonteinse Aandskool ook 'n Dagskool moes instel. Daar is verklaar:

> "The movement which is at present afoot to provide apprentices, clerks etc., with special instruction, bearing on their work during the daytime, i.e. during their working hours, is an excellent one."[2]

Die volgende kursusse is in 1919 aangebied:

(i) Voorbereidend: Engels en Rekene vir st. 6.

(ii) Handel: Snelskrif, Boekhou, Tikskrif en Kantoorwerk.

(iii) Tegnies: Masjienkonstruksie en Tekene: Ontwerping van Spoor rytuie en -waens, Tegniese Tekene, Matesis, Toegepaste Wiskunde, Werktuigkunde, Stoommasjien, Natuurkunde (toegepas) Engels en Burgerkunde.[3]

Verder is in 1919 besluit om die voorbereidende kursus af te skaf, aangesien die klasse weens beter opleiding in gewone skole te klein geword het. Ten einde die eksamenresultate te verbeter, is vir die toekoms periodieke toetse in die vooruitsig gestel.[4]

(II) Voorbereidende Tegniese Skool

Hierdie skool was 'n dagskool en het die leerlinge voorberei vir

---

1. Jaarrapport van die hoof van die Brebnerskool, 1917.
2. Ibid., 1918.
3. Ibid., 1919.
4. Jaarrapport van hoof Peacock oor die aandklasse 1919.

tegniese kursusse in aanvulling tot die Politegniese Instituut wat later eers ontstaan het. Die kursus is daarop gemik om die leerlinge vir die Voorbereidende Handelsertifikaat van die Nasionale Raad van Advies vir Tegnies Onderwys af te rig. Ook is kandidate vir die Pitmans Intermediêre eksamen voorberei. Die vakke wat aangebied is, het veral handelsopleiding in die oog gehad.[1]

In 1919 het die kursus wat gedurende die dag aangebied is, ook Huishoudkunde, Houtwerk en Tegniese Tekene ingesluit.[2] In 1920 moes die gebou vergroot word om ruimte aan die groot aantal leerlinge te bied,[3] terwyl in 1923 verdere ruimte benodig is. In 1924 is die skool tot n middelbare skool gepromoveer.[4]

(g) Die Huisnywerheidsraad vir die O.V.S.

Daar is nog steeds met die Spin- en Weefwerk voortgegaan. Die nuwe Raad in 1917 het bestaan uit: C.J. Reitz (voorsitter), R.G. Vorster (ondervoorsitter), I. Haarburger, F.W.P. Colborne, A.W. Hardy en mevv. J. MC. Kinly, O. Krause, P.U. Fischer en H.F.D. Papenfus.[5] Die Raad het nog oor die volgende skole beskik: Bloemfontein, Thaba' Nchu, Ladybrand, Ficksburg, Bethlehem, Petrusburg, Fauresmith, Philippolis, Parys, Bultfontein en Roodepoort, terwyl n nuwe skool op Soutpan, naby Brandfort gestig is. Elkeen van die skole het n opgeleide onderwyseres tot hul beskikking gehad en in Bloemfontein se skool is selfs meer onderwyseresse opgelei.[6]

(I) Kant- en Breiskole

Behalwe Spin- en Weefwerk het die Raad ook nog die Naaldwerksentrum in Bloemfontein beheer waar die geweefde materiaal dikwels in nuttige artikels verwerk is.

---

1. Jaarrapport van hoof Blok oor Voorbereidende Tegniese Skool, 1918.
2. Ibid., 1919.
3. Jaarrapport van inspekteur Bowie 1920.
4. D.O., O.V.S.: Jaarrapport Direkteur van Onderwys 1924, 7.
5. Jaarverslag van die Raad oor Huisnywerheidskole, 1916.
6. Jaarrapport van Huisvlytraad 1917.

Met die fabriekstelsel het die Raad in 1918 voortgegaan en is die omset bykans R1,000.00 meer as wat die werkerslone was. Behalwe dat ʼn breiskool op Kopjes op versoek van die Departement oorgeneem is, het daar geen wesenlike verandering in die werksaamhede plaasgevind nie.[1)]

In 1919 was daar behalwe die werksters 95 leerlinge op die verskillende skole. In Kopjes alleen het die aantal werksters 100 beloop. Die totale inkomstes vir die jaar was R5,232.00 en die lone R3,232.00.[2)]

Vir 1922 was die verkope R5,672 en die lone aan die werksters R4,252.00, teenoor R4,742.00 se verkope in 1923 en R4,388.00 se werklone. In 1924 het die aantal Spin- en Weefskole tot 9 gedaal maar die Naaldwerkdepot het net soos die Kant- en Breiskool goeie werk gelewer.[3)]

(h) <u>Samevatting</u>

Tegniese en beroepsonderwys was vir die Provinsiale Administrasie van die O.V.S. die enigste oplossing van die armblankevraagstuk, maar tog het dit nie die nodige finansiële middele gehad om die planne uit te voer nie. Verskeie skole moes deur gebruikmaking van die seunsarbeid die koste van sogenoemde "Ambagskole" laag hou.

As gevolg van die geldelike skaarste het die skole dan ook die fabriekstelsel van opleiding verskaf deur die leerlinge nuttige artikels te laat maak in die proses van onderrig en die is dan verkoop om sowel die materiaal as die opleidingskoste te dek. Die werksbonusse van die leerlinge was wel ʼn inspirasie, maar by verre nie voldoende om die arbeid te vergoed nie. Daar was dus nie ʼn behoorlike uitgewerkte skema wat stap vir stap die leerling vir sy beroep bekwaam nie en daarteen het opvoedkundiges ook beswaar aangeteken. Tog is verskeie van die leerlinge op doeltreffende wyse voorberei, sodat hulle ʼn goeie lewensbestaan gevind het. Landbou-opleiding, wat wel ʼn behoefte in die provinsie was omdat die grootste gedeelte van die inwoners plaas-

---

1. Jaarrapport van Huisvlytraad 1918.
2. Ibid., 1919.
3. Jaarrapporte van die Huisvlytraad 1923 en 1924.

bewoners is, het nie die nodige aandag gekry nie, bloot omdat so 'n opleidingstelsel te duur was. Landbou is wel ook in die gewone skoolleerplan ingevoeg, maar die leerkragte was nie voorhande om die opleiding te verskaf nie. Glen het in samewerking met die Normaalkollege gepoog om leerkragte in Landbou op te lei maar nadat die skema drie jaar aangebied is, het nie 'n enkele student hom daarvoor aangemeld nie.[1)]

In 'n ietwat teleurgestelde luim behandel die Direkteur van die O.V.S. die besluite te Durban i.v.m. die oorname van tegniese en beroepskole deur die Unie-Onderwysdepartement en miskien juis omdat die soort skool aan die provinsie redelike bedrae vir die opleiding kon terugbetaal en party skole meer as selfonderhoudend was. Die verwyt wat hy dan maak is dat die gekommitteerde kinders van die Unie-Onderwysdepartement in aanraking met die Vrystaatse kinders gebring sal word en

> "die ouers van die Vrystaat, hoe arm ook, weier om hul moreelgesonde kinders in so 'n noue aanraking met sodanige kinders te bring."[2)]

---

1. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1924, 21.

2. Ibid., 13.

## 5. DIE ONTWIKKELING VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN NATAL VAN 1916 TOT 1924

### Inleiding

Met die oog op die feit dat Natal nes in die geval van die ander provinsies die Tegniese Konferensies bygewoon het,[1] het hul beleid t.o.v. tegniese en beroepsonderwys in sekere opsigte ooreengekom, maar in andere het dit weer radikaal verskil. So het die handwerkvakke van die gewone skool 'n rol in die ontwikkeling gespeel nes in die ander provinsies, maar die nywerheidskole ter opheffing van die armblankedom het geheel en al ontbreek sowel as die ambagskoolidee wat in die Transvaal so pertinent in 'n diep gevoelde behoefte voorsien het.[2]

Die Weston-Landbou-ambagskool het die tuiste geword vir die armblanke seuns, nieteenstaande die kritiek van die organiseerder van tegniese onderwys in Natal. Daar is na gestreef om 'n dergelike skool vir dogters in die lewe te roep, terwyl die twee tegniese skole geleidelik hul kinderskoene ontgroei en tegniese kolleges geword het met studente wat selfs opleiding vir die professionele beroepe gevolg het.

#### (a) Beroepsonderwys in die gewone skole

Sonder die toesig van die Organiserende Instrukteur wat by die leër aangesluit het, het die handwerkvakke in die gewone skole so agteruitgegaan dat inspekteur Bryan verklaar het:

> "it is hoped to see it on the upward grade again next year."[3]

Baie van die leerkragte het die soort onderrig as 'n gril van die inspekteurs of van 'n verbygaande aard en het dit dan ook uit die roosters van party skole verdwyn.

> "In this connection a plea for the revival of the work at Ladysmith .. the larges boys' school but one in the district .. is respectfully urged."[4]

---

1. Die Tegniese Konferensie te Pretoria en die een te Bloemfontein in 1911 en 1916 onderskeidelik.
2. U.G. 19 - 1924, par. 148.
3. Rapport van inspekteur Hugh Bryan vir 1916.
4. Ibid.

Wat Huishoudkunde en Kookkuns betref, het die werk sy gang gegaan en is daar telkens skole bygevoeg om die vakke te onderrig. Die "Bilingual Ordinance" van 1916 het vir Natal groot probleme geskep, maar aan duisende Afrikaanssprekende leerlinge die reg verleen om deur medium van hul moedertaal hul opleiding te ontvang. Die ouer kon die medium van onderrig kies en moes die owerheid onmiddellik aandag skenk aan die opleiding van Afrikaanssprekende leerkragte waarvan agt in 1917 sonder die vereiste toelatingskwalifikasies aan die Opleidingskollege in Pietermaritzburg opgeneem is.[1)]

In 1917 het die Organiserende Instrukteur egter nog nie teruggekeer nie en is daar weinig lig op die werk in die vaardigheidsvakke gewerp. Die gewone inspekteurs het egter so hier en daar 'n uitlating gemaak wat daarop gedui het dat die insinking van die vorige jaar nog steeds voortgeduur het.

> "In connection with Manual Training and Domestic Science, little advance has been made this year, though one should see the needs for these subjects widely catered for."[2)]

Die tegniese beurse van R100.00 elke waarvan daar 20 in 1917 beskikbaar gestel is, het 14 kandidate in staat gestel om in Durban en Pietermaritzburg hul studies aan die Tegniese Instituut voort te sit. Hierdie leerlinge uit die gewone skole moes egter behalwe vaardigheid ook nog welslae behaal in die gewone kulturele vakke en het selfs 'n soort verstandmetingstoets moes aflê voordat die beurse aan hulle toegeken is.[3)]

(1) <u>Herlewing van handwerkvakke vir seuns sedert 1918</u>

Met die terugkeer van organiserende instrukteur Tait het die klagtes oor materiaaltekorte aandag geniet en is in die plek van Kartonwerk Vlegwerk ingevoer.

---

1. N.O.D.: Jaarrapport van Superintendent van Onderwys 1916, 10.
2. Inspeksierapport van Macleod vir 1917.
3. N.O.D.: Ibid., 1917 en ook Inspeksierapport van Hugh Bryan vir 1918.

> "Stickwork, either round sticks such as osiers, or flat strips, would make a suitable substitute at a moderate cost for Standard 3 boys, or for higher standards in schools where no Woodwork exists."[1)]

Gedurende die jaar het Mayville, Hattingh Spruit en Havelock Road (Pietermaritzburg), met houtwerkkamers en die nodige gereedskap uitgerus, ŉ begin met Houtwerk gemaak. Altesaam veertig goewernmentskole was in 1918 uitgerus met lokale vir Houtwerk, hoewel

> "the work is carried on spasmodically, or not al all, for want of teachers."[2)]

Waar die werk voorsien is, kon nie vereistes aan die gehalte gestel word nie vanweë die groot aantal onopgeleide leerkragte wat die vak moes onderrig.

> "The subject of Manual Training is generally considered to be subsidiary to other branches of study, and is first to suffer if anything happens to disturb the even working of the routine."[3)]

Voorts het Tait gepleit dat daar deur voorskrifte ŉ vasgestelde standaard gestel word vir al die skole en dat dit deur eksamens gekontroleer moet word. Veels te veel tyd word aan die herstel van meubels en die maak van sekere uitrusting gegee sodat die leerlinge nooit ŉ deeglike grondslag vir verdere ontwikkeling kry nie.[4)]

(2) Houtwerk in skole

Gedurende 1918 is in drie voorstedelike skole ŉ houtwerkinstrukteur aangestel om die hoofde wat die werk gedoen het vir hul administrasiedoeleindes vry te stel,[5)] terwyl in 1920 die aantal skole, wat Houtwerk aangebied het, met nog tien toegeneem het en ŉ verdere vier instrukteurs aangestel is om drie of vier skole elk te bedien. Die seuns wat Houtwerk ontvang, is ongeveer 12 tot 13 jaar oud en het in 1920 ŉ totaal van 2,780 beloop, terwyl daar in 1924 soveel as 3,558 was waarvan 83 seuns die vak bokant st. 6 geneem het.

---

1. Jaarverslag van Tait vir 1918.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.

Die aantal leerkragte wat die vak onderrig het, het uit 24 hoofde waarvan 14 voltydse instrukteurs, 6 assistent-onderwysers en 3 rondreisende instrukteurs bestaan. Na ŉ proefperiode is die manne teen ŉ salaris van tussen R480.00 en R900.00 aangestel. Daar was nog steeds ŉ toenemende tekort aan opgeleide houtwerkonderwysers en Tait het aan die hand gedoen dat die Opleidingskollege ook die soort leerkrag moet oplei.[1)]

(3) Naaldwerk en Huishoudkune in gewone skole

Waar Naaldwerk aan al die dogters in die gewone laerskole gegee is, het Vlegwerk op die modelleerkleistadium in die klas gevolg, terwyl Huishoudkunde en Kookkuns aan die groter dogters in die laerskole en die "Gekroonde" skole asook die hoërskole voorsien is. Soos in die ander provinsies was die lokale vir die twee vakke asook die uitrusting baie duur en daarom het maar min skole die geleentheid gehad om aan die groter dogters Huishoudkunde en Kookkuns te doseer.

> "Domestic Science, as far as masculinity may appraise, is satisfactorily taught at four centres,"[2)]

terwyl daar ŉ groot behoefte aan die Paulpietersburgse skool bestaan het. Die kurrikulum soos vir die dogters en seuns voorgeskrewe is egter t.o.v. die handwerkvakke baie afgeskepp sodat inspekteur Lawlor in 1916 verklaar het:

> "In comparatively few schools does simple Handwork find a place, in spite of its reaction upon the intelligence."[3)]

Die Departement het dan ook ŉ spesiale kursus in die Opleidingskollege ingestel vir die voorbereiding van agt studente in Huishoudkunde en in 1919 kon die Hoofinspekteur melding maak van die aanstelling van ŉ Organiseerder van Huishoudkunde en ŉ Kunsadviseur.[4)]

Na ŉ kort tydjie in die diens het mej. Cresswell in haar verslag

---

1. Jaarverslag van Tait vir 1924.
2. N.O.D.: Jaarverslag van inspekteur Hugh Bryan vir 1916.
3. Ibid., Lawlor vir 1916.
4. Jaarverslag van hoofinspekteur Hugh Bryan vir 1919.

vermeld dat Naaldwerk nie meer die Aspoestertjie van die skoolvakke is nie, hoewel

> "the instruction given in this subject is still given in a very haphazard manner in many schools.."[1]

Sy het baie sterk beswaar daarteen gemaak dat Naaldwerk die vak is wat moet plek maak vir enige saak wat ṅ afwyking van die skoolroetine vereis. Ook is beswaar gemaak teen die verouderde metodes.

> "I still find teachers working according to the old syllabus of 1910."[2]

Ten einde die tekortkominge uit die weg te ruim, is ṅ vakansiekursus vir sowel die ongekwalifiseerde leerkragte as vir studente van die Opleidingskollege gehou.[3]

Geleidelike vordering het ingetree nadat die opsienster gereeld ṅ ogie in die opleiding bly hou het deur skoolbesoeke, maar sy het ruiterlik erken

> "There is much progress to be made before it reaches a thoroughly satisfactory standard."[4]

(4) Huishoudkunde

In 1924 was daar 23 skole waaraan huishoudkundesentrums verbonde was insluitende die twee nuwe sentrums te Port Shepstone en Pinetown.

Die Organiseerder het dan ook dadelik aangedring dat op die verskeie plekke sentrums dringend benodig word.[5]

Die behoefte aan Huishoudkunde in Natal was so groot dat met die eerste kursus wat in 1924 vir die volwasse publiek gereël is, al die klasse vol bespreek was. Hierdie kursus is in die Greenwoodparkskool gereël.

> "The classes were held independently twice a week during the winter terms and proved remarkably successful both as regards attendance and results."[6]

---

1. Jaarverslag van mej. Cresswell, organiseerster van handwerkvakke vir dogters 1920.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid., 1924.
5. Jaarrapport van mej. Cresswell vir die jaar 1924.
6. Ibid.

Die Departement het egter die kursusse nie finansieel ondersteun nie. Dis egter aan die hand gedoen dat soortgelyke klasse oor die hele Natal in belang van die gemeenskap gehou word en veral in die dorpe en twee groot stede.[1)]

Daar was ɱ herlewing van die handwerkvakke in al die skole net toe die opsieners die teuels in die hande begin neem het, maar die moontlikheid vir grootskaalse uitbreiding het nog bestaan.

(b) Voortsettingsonderwys

Die vernaamste voorsettingsklasse het in die handelsrigting voorsiening gemaak. In die Superintendent se verslag vir 1917 is verwys na Durban waar 170 meisies die handelsklasse bygewoon het ter vervulling van die "Preliminêre Handelsertifikaat". Die dogters het van R10.00 tot R30.00 per maand verdien toe die opname gemaak is.[2)]

In 1918 is twee Jeugrade saamgestel naamlik in Durban en in Pietermaritzburg. Hierdie Rade het die skoolverlaters dopgehou en sterk geagiteer vir die voorbereiding van elk van hulle vir die een of ander beroep. Hierdeur het die Departement van Onderwys in Natal ɱ organiseerder aangestel om die aandklasse vir die jong werkers te reël.[3)]

Die vernaamste vraagstuk om op te los, was die neiging van die werknemers om nie die jeugdiges toe te laat om hul opleidingsklasse bedags by te woon nie. Daartoe is O.K. Winterton te Durban aangestel om die klasse te reël. Sy verslag vir die jaar 1918 meld dat die vernaamste vakke wat vir die jeugdige werkers in die sentrale kantoor van die Munisipale Tremweë aangebied is, uit Handelsrekene, Handelsaardrykskunde, Geskiedenis en Burgerkunde, Handelsengels en korrespondensie sowel as Engelse Letterkunde en Handskrif bestaan het. Daar is steeds aandag gegee aan die idee dat die werkgewers die jeugdiges moet toelaat om in die dag klasse by te woon.[4)]

---

1. Jaarrapport van mej. Cresswell vir die jaar 1924.
2. N.O.D.: Jaarrapport van die S.O. vir 1917.
3. N.O.D.: Jaarrapport van die S.O. vir 1918, 3.
4. Halfjaarlikse rapport van O.K. Winterton, 1918.

> "The Juvenile Advisory Board has continued to take a very keen interest in the Class and is satisfied that it is doing the work for which it was intended. The Board is now desirous of starting a parallel series of classes for girls."[1)]

Die Provinsiale Administrasie het die kostes van al hierdie organisasies gedra en die reg van inspeksie gehad.[2)]

Hoewel die jeugraadklasse in Durban goed gevorder het, het inspekteur Ballance aanbeveel dat werkgewers deur wetgewing verplig moet word om jeugdige werkers af te gee vir die verkryging van hul st. 6-sertifikaat of ꞌn gelykstaande sertifikaat. Van 1919 af het die jeugdiges dan ook die voortsettingsklasse moes bywoon ter aflegging van die Junior Sertifikaatseksamen.[3)]

(1) Plattelandse voorsettingsonderwys

Oor die platteland hoen het in die groter sentra verskillende naprimêre klasse bestaan vir leerlinge wat reeds in st. 6 geslaag het. Die leerlinge het dan ꞌn handelseksamen afgelê onder toesig van die Unie-Onderwysdepartement.

> "Apart altogether from the examination considerations, the classes appear to meet the immediate needs of young people who have passed standard VI and wish to prepare in a general manner for their future employment in trade or commerce."[4)]

Ongelukkig het daar dikwels oorvleueling van kursusse plaasgevind, en is daar in 1921 pogings aangewend om die toelating van leerlinge sowel by die Durbanse Tegniese Kollege as die Pietermaritzburgse Tegniese Instituut op te skuif, sodat die toelatingsvereiste die "Junior Klerklike Sertifikaat" of die "Preliminêre Handelsertifikaat" sal wees.[5)] So ꞌn stap sou dan ꞌn eenheid in die leerplanne van die tegniese en handelsopleiding bewerkstellig wat net heilsame vrugte kan afwerp.[6)]

---

1. Halfjaarlikse rapport van O.K. Winterton, 1918.
2. N.O.D. Ibid.
3. Inspeksieverslag van Ballance vir 1920.
4. Rapport van die Tegniese Adviseur, mnr. Gardham vir 1921.
5. Ibid.
6. Ibid.

In Ladysmith is voortsettingsonderwys voorsien aan die spoorwegseuns wat nog vakleerlingskap moes voltooi. So 'n kursus is ook in Dundee vir die jeugdige mynwerkers ingestel, maar na enige weke is dit gestaak omdat die myne nie bereid was om saam te werk en die seuns van werk vry te stel nie. Die moeilikheid wat vooropgestel is, naamlik dat die tegniese klasse moeilik aan al die vereistes kan voldoen, is deur die Tegniese Adviseur in twyfel getrek en verklaar hy verder:

> "but to be perfectly frank I think the main reason is apathy in such matters."

Te Greenwoodpark, naby Durban, is egter ook voortsettingsklasse in 1921 vir die leerlinge gestig wat dit te lastig gevind het om saans vir die klasse na Durban te gaan. Die dogters het dan ook meestal belang gestel in handelsvakke wat makliker gereël kon word as tegniese vakke in die ambagsrigting.[1]

(2) Teenkanting van Openbare Mening

In die geheel beskou die Adviseur die ontwikkeling van die soort onderwys besonder onbevredigend. Hy skryf dit toe aan die openbare mening wat nog nie ten volle die waarde en betekenis van die soort opleiding as 'n onontbeerlike vereiste besef van diegene wat in die ambagte en die handel 'n bestaan gaan soek nie. Die geleenthede wat die werkgewers aan hul werkers bied, word bestempel as geheel en al ontoereikend, maar ook die jong werkers stel nie die geringste belang in beter bevoegdhede in die spesifieke beroep wat hy beoefen nie.

> "Employers, parents and young people should look ahead in these matters, and should try to realise the very serious industrial problems with which they will shortly be faced."[2]

In die rapport van 1922-23[3] het die Adviseur sterk te velde getrek teen die onderwysstelsel van Natal in die geheel. Sekondêre onderwys behoort aan die behoeftes van die gemeenskap te voldoen.

---

1. Rapport van die Tegniese Adviseur vir 1921.

2. Ibid.

3. Daar is net een Rapport uitgegee vir die twee jare.

> "We should be far closer in touch than we are with the commercial, professional, technical and agricultural needs of the Province."[1]

Daar word op gewys dat talryke leerlinge van die akademiese na die tegniese afdelings gestuur word nes hulle te swak is vir die werk

> "to try their luck. This action on the part of parents is to be condemmed; it is tantamount to an insult to our technical schools, where brains are wanted as much as in any other type of school."[2]

(3) Voortsettingsklasse in 1924

In 1924 was die aantal voortsettingsklasse behalwe vir die in die twee groot stede nog steeds net die drie te Ladysmith, Dundee en Greenwoodpark, maar handelsklasse het toe bestaan in die volgende skole: Meisieshoër, Durban; Mansfieldwegskool, Durban; Meisieskool, Bergstraat; Havelockwegskool vir Seuns; Malvernskool, Ladysmith; Holy Rosary Convent, Dundee; en die Dominikaanse Klooster, Newcastle.[3]

(c) Landbou- en Ambagsonderwys in Weston

In die skool te Weston het die seuns hulle veral toegelê op Landbou en die aanverwante ambagswerk soos Smedery en Timmerwerk. Die seuns het deur plaaswerk hulle bekwaam om as toekomstige boere op hul ouers se plase 'n goeie bestaan te maak. Kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1916 het die Departement behoeftige leerlinge verplig om die Landbou- en Ambagskool te Weston by te woon van hul vyftiende tot hul agtiende jaar. Tot 1918 is altesaam 32 seuns onder die Ordonnansie verplig en slegs 3 het die skool om die een of ander rede kon verlaat.[4]

Hierdie behoeftige kinders is van klere, voeding en herberg en opleiding vir die een of ander beroep voorsien. Hulle kon dan op Weston een van die volgende vyf rigtings kies:

(i) 'n Landboukursus met plaastimmerwerk en -smedery.

(ii) Vakleerlingskap in Timmermans- of Houtwerk.

(iii) Vakleerlingskap in Smidswinkelwerk.

---

1. Jaarrapport van Tegniese Adviseur, 1922-23.
2. Ibid. (Sien ook kommentaar in slothoofstuk).
3. Rapport van Gardham vir 1924.
4. N.O.D.: Jaarrapport van S.O. vir 1918, 7.

(iv) 'n Moontlike vakleerlingskap in Wamakery.

(v) Kursusse in Kleremakery en Soldeerwerk.[1]

Vir behoeftige dogters is daar in 1918 ook gedink aan 'n spesiale Landbou- en Huishoudskool, maar die dogters is uiteindelik by die bestaande voortsettingsklasse, Huishoudkundesentrum en die tegniese inrigtings in Pietermaritzburg en Durban geplaas om handels- of huishoudkunde opleiding te ontvang.[2]

(I) Opleiding van behoeftige seuns

Van die 73 seuns wat in Weston as behoeftiges toegelaat is, is blykens 'n mediese ondersoek in 1918 ses onder operasies geplaas, vier vir rooiwater behandel,

> "five had lateral curvature of the spine, there was one case of hernia, one of varicose veins and one of dilated heart, and three were so delicate to be unfit for anything approaching hard labour."[3]

In die toekoms het die soort toestand nie weer voorgekom nie, omdat elke leerling voor toelating eers medies ondersoek is. Fisies was die seuns wel geskik vir d e opleiding in Landbou, maar verstandelik was hulle nie in staat om danige prestasies te behaal nie en daarom het die beleid van die Departement geleidelik verander.[4]

Betalende studente is na die Pietermaritzburgse Seunshoër oorgeplaas waar 'n Landboukursus aangebied is vir seuns wat na Cedara vir naskoolse landbouopleiding wou gaan. Daarenteen is behoeftige leerlinge wat fisies sterk genoeg is na Weston gestuur om as plaasvoormanne opgelei te word. Die Tegniese Adviseur het die stap betreur omdat die meeste van die seuns nie in staat is om landbouers in die ware sin van die woord te word nie, maar slegs in die ambagswerk belang stel. Weston is egter

> "the school of agriculture, not for trades."[5]

---

1. N.O.D.: Jaarrapport van S.O. vir 1918, 7.
2. Ibid., 8.
3. Mediese inspeksierapport van 1918.
4. Rapport van Tegniese Adviseur vir 1920.
5. Ibid.

Tog is daar deur uitskakeling van swakkelinge geleidelik in geslaag om die seuns vir die een of ander beroep op die paaie, poskantoor en spoorweë op te lei. Etlike van die seuns het selfs opleiding te Mooirivier in Telegrafie ontvang om later vakleerlinge in die rigting te word.[1] Hierdeur is die eintlike doelwit van die Westonskool, naamlik om behoorlik opgeleide plaasbestuurders vir boere te kweek, ter syde gestel en daarom sê Gardham:[2]

> "it is to be hoped that with a gradual improvement in the type of boy admitted to Weston the farmers of Natal may be more ready to avail themselves of their services."[3]

(II) Nuwe wending

Deur behoorlike mediese ondersoek en keuring het die klas seun wat Weston na 1921 besoek het op morele, verstandelike en fisiese gebied baie beter kanse gehad om in te pas by die doelwit wat vir Weston beoog is.

> "This school has been completely reorganised, and I have pleasure in stating that it is now in a thoroughly flourishing condition as regards staff, pupils and organisation."[4]

Elke kwartaal is daar ook plek aan betalende leerlinge afgestaan wat hulle in die Landbou wou bekwaam.

Om die voortsettingsklasse doeltreffend te laat funksioneer, is die leerplanne hersien en die skool, plaas en werkwinkels is gereorganiseer, sodat daar heelwat verbeterings ingetree het. Vir buiteskoolse werk is die groepe so gerangskik dat die seuns nie net uit tengerige outjies bestaan het nie - 'n praktyk wat in die guns van die instrukteurs was. Sosiale en buitemuurse aktiwiteite is selfs in skoolure georganiseer sodat spele, konserte en kompetisies tussen personeel en leerlinge op gesonde voet geplaas is.[5]

---

1. Rapport van Tegniese Adviseur vir 1920.
2. Die pasaangestelde Tegniese Adviseur vir Natal.
3. Jaarverslag van Gardham vir 1921.
4. Ibid.
5. Ibid.

In 1922-23 het die akkommodasie in die koshuise en in die skool so beperk geword dat dit die toelatings baie gestrem het. Die groot aantal aansoeke het in 1923 die keuring baie begunstig en daar is in die vooruitsig gestel om ook met vark-, hoender- en groenteboerdery 'n begin te maak om in al die behoeftes van die leerlinge te voldoen.[1]

(III) Kritiek op die skool

In die "Tweede Rapport van die Kommissie op de Administratie van Onderwys"[2] word daarop gewys dat te Weston leerlinge opgeneem word op grond van hul armoede alleen "met weinig of geen inachtname van hul aanleg voor het werk."[3]

Verder wys die Kommissie in hul rapport daarop dat die individuele leerlinge nie genoeg aandag kry met intensiewe werkgeleenthede nie. Aparte persele behoort vir elke leerling afgebaken te word waarop hy sy belangstelling onder leiding van 'n leerkrag deur praktiese doen van sake kan uitleef. Uitrusting i.v.m. suiwelboerdery is ouderwets en onvoldoende en sowel die pluimveeboerdery as varkeboerdery moet nog ontwikkel word.[4]

Die kursusse behoort in oorleg met die Landboudepartement en die naburige boere se advies uitgewerk te word. Die skema behoort die praktiese werk in te span om verstandsontwikkeling en belewing te waarborg. Die sosiale bedrywighede te Weston, t.w. kadette, sport en konserte, word aangeprys, maar die feit dat daar nie 'n plaaslike beheerkomitee vir die skool bestaan nie, ontglip nie die kritiek van die Kommissie nie.

> "Zodanig Komitee behoort aangesteld te worden met een aanmerklike beschikkingsvermogen...."[5]

Verder is daarop gewys dat die Westonskool te onekonomies bestuur word om landbou-ekonomie en die stelsels van boerdery behoorlik aan die leerlinge aan te bied.[6] Die uitgawe per leerling vir die jaar

---

1. Jaarverslag van Gardham vir 1922-23.
2. U.G. 19 - 1924.
3. Ibid., 57.
4. Ibid., 58.
5. Ibid., par. 456 (1).
6. Ibid., par. 451 (v).

1921-22 het R207.00 beloop behalwe die leningskoste op die kapitaaluitgawes wat sedert 1921 ongeveer R60,000.00 beloop het.

> "De Kommissie vindt het niet mogelik de uitgaven op deze schaal te rechtvaardigen."[1]

(IV) Oorname deur Unie-Onderwysdepartement

Hoewel daar in die jaarverslag van die Superintendent van Onderwys in 1924 verduidelikinge verstrek is op die bestaande kritiek, is kragtens die Durbanse Konferensie besluit dat die Landbouskool te Weston oorgeneem sal word, maar dat die leerlinge tot tyd en wyl net so toegelaat word en dat die inspeksie voorlopig in die hande van die provinsiale inspekteurs sal berus.[2]

> "So far as concerns the Weston Farm Training School, this Department must of necessity retain an interest in the pupils who attend in terms of the Natal Provincial Ordinance[3] relating thereto, and mention must be made of the fact that in November the annual examination of the work was made by Inspectors Lawlor and Booysen and myself."[4]

(d) Landboukursus aan die Pietermaritzburgkollege

In 1920 is in die vooruitsig gestel om die dertig akker grond in die omgewing van die Seunshoërskool in Pietermaritzbug vir proefpersele te gebruik en die seuns wat in Landbou belang stel in die kollege voor te berei. Die laboratorium is uitgebrei en die betalende leerlinge vir wie die toelating te Weston geweier is, kon dus hier 'n kursus volg wat meer wetenskaplike navorsing behels het as praktiese handwerk.

> "The course should be looked upon as a stepping stone to further study at Cedara or other of the Union Agricultural Schools."[5]

Die eerste klasse is in Februarie 1922 toegelaat nadat die proefpersele met gras- en voergewassoorte beplant is en 'n groot verskeidenheid soorte vrugteboorde aangelê is. Die kursus is voorberei en knap landboukundiges is aangestel om die vak te doseer.

---

1. Rapport van de Provinciale Financien Kommissie, U.G. 19 - 1923, bl. 30.
2. Rapport van Gardham vir 1925.
3. Ordonnansie nr. 5 van 1916.
4. Jaarverslag van Gardham vir 1925.
5. Jaarrapport van Gardham vir 1920.

> "It should be clearly understood that the work will be scientific and observational only, no manual work on the land will be required from the pupils."[1]

Die kursus sou leerlinge tussen st. 6 en Matriek betrek en sou nie met die werk bots wat aan die Landboukolleges van die Unie-Landboudepartement gelewer word nie.

Sowat 120 proefpersele was in 1923 onder bewerking saam met die aangelegde vrugteboorde. 'n Stelsel van verslaghou is ontwerp en die uitrusting vir doeltreffende navorsing is in die laboratorium van die skool aangebring. Tog is daar in 1923 gekla dat die kursus nie die nodige aandag van leerlinge en die publiek geniet nie.[2]

Die instelling van hierdie kursus was bedoel vir leerlinge wat landbou hul lewensberoep wou maak. Daar was in 1924 nog steeds die probleem dat die aantal leerlinge te gerig was om van die skema 'n behoorlike skukses te maak en daarom verwyt die Tegniese Adviseur die Natalse boeregemeenskap dat 'n Landbouhoërskool in sowel Amerika as Nieu-Seeland baie goed ondersteun word, hoewel nie een van die twee juis as groter boerderylande beskryf kan word nie.

> "The Maritzburg College courses in Agricultural Science have not even yet attracted large numbers of pupils, though many efforts have been made to add to the popularity of the work."[3]

So het die landbou-onderrig in die beginjare maar 'n sukkelbestaan gevoer en hoewel die Unieregering die Landbou-Ambagskole in 1924 oorgeneem het, het hulle nie die kursus aan die Pietermaritzburgse kollege benadeel of verander nie. Ook in verskeie laerskole is Landbou as vak in die leerplan bygevoeg om die onderneming in die hoër afdeling te stimuleer.

(e) <u>Tegniese opleiding in Durban</u>

Behalwe die Tegniese Hoërskool[4] wat onder beheer van die Raad

---

1. Jaarrapport van Gardham vir 1921.
2. Ibid., 1922-23.
3. Jaarverslag van Gardham vir 1924.
4. Rees; Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 47. "This Technical High School was the first of its kind in S.A."

van die Tegniese Instituut gestaan het, het Durban al sy suiwer tegniese opleiding in die een rigting gekonsentreer. Die Tegniese Instituut het die volgende afdelings gehad wat gedurende die dag sowel as in die aand lesings aangebied het: Sosiale Wetenskappe (insluitende Bybelstudie), Wiskunde, Wetenskap, Kuns, Tekene, Tale, Handelsvakke en praktiese Hout- en Metaalwerk.[1)]

Die kursus het die grondslag gevorm vir die naskoolse sertifikate en is daar ook gedurig geveg vir die erkenning van die Instituut as 'n Universiteitskollege onder die Universiteit van Suid-Afrika.[2)]

> "It was Coleman who first urged the Council to substitute the word 'College' for 'Institute' in its title, claiming that the existing name was a misnomer in view of the work which was being done."[3)]

Die prinsipaal Narbeth het die idee vuriglik gesteun, maar die Raad was versigtig omdat sekere seksies van die gemeenskap baie teen "Hoër onderwys" gekant was.[4)] In 1916 is die naam na "Durban Technical College" verander, hoewel eers in 1919 vaste komitees gestig is om die status van die kollege tot die van 'n universiteit te verhoog.[5)]

(I) <u>Kommissie van ondersoek</u>

In 1920 wys die pasaangestelde Tegniese Adviseur daarop dat die Durbanse Tegniese Kollege baie "Hoër onderwyswerk" verrig[6)] en derhalwe het die Provinsiale ouditeur geweier om die gelde vir die soort onderwys goed te keur sodat die Raad in 'n penarie beland het.[7)] Uit die navrae van Dukes en Coleman, wat deur die Provinsiale Raad van Natal aangestel is om die saak te ondersoek, het dit geblyk dat nie net die onderwysdiplomas hoër onderwys verg nie, maar dat verskillende kursusse naskoolse onderwys behels.

---

1. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 48.
2. Ibid., 131.
3. Ibid., 88.
4. Ibid., 89. Vermoedelik omdat dit in die hande van die Unie-Onderwys geval het.
5. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 125.
6. Jaarverslag van Gardham, Tegniese Adviseur, 1920.
7. Rees, Wyn: ibid., 135. Die U.K. het vir 1921 die bydrae met R5,200.00 verminder en die Prov. Raad het hul voorneme te kenne gegee om nie in te staan vir die kostes aan "hoër onderwys" nie.

"The work may be regarded as of University standard" maar hulle het daarby gevoeg "there is clearly a demand for it."[1]

Durban, die stad met die baie fabrieke, het werklike behoefte gehad aan die nodige hoër onderwys, maar die Provinsiale Administrasie was nie tevrede dat hulle moet betaal vir daardie werk wat eintlik onder die Unieregering val nie. Die Tegniese Hoërskool wat ook onder die Tegniese Kollege se Raad sorteer, doen uitsluitlik middelbare werk en slegs daarvoor, asook vir die deel van die voortsettingsonderwys wat as middelbaar bestempel word, voel hulle verantwoordelik. Gardham is derhalwe gevra om 'n behoorlike opgawe te maak van die werk wat binne die perke van die Provinsiale Administrasie val.[2]

(II) Ondersoek van Tegniese Adviseur

Uit die ondersoek van Gardham wat in 1920 voorgelê is, blyk dat die handelsafdeling vir 4 studente vir die Onderwysdiploma, wat deur die Unieregering erken word, voorsiening maak en dat nog 100 studente met naskoolse handelsertifikate besig is. Die kunsklasse, huishoudkundeklasse sowel as die Skeikunde, ingenieurs-sosiale afdelings bied werk aan wat bokant die hoërskoolpeil staan. Die totale aantal studente in die afdelings het op 312 te staan gekom en die kostes aan salarisse alleen was R17,340.00.[3]

(III) Universiteitstatus

Die enigste uitweg wat vir die Raad van die Tegniese Kollege oopgestaan het, was om by die Unieregering om erkenning van die naskoolse werk aan te klop. Dit het eintlik hierop neergekom dat die verdeelde beheer van die onderwys binne die kollege besig was om in botsing te kom. Vertoë tot die Universiteit van Pietermaritzburg om ingeskakel te word met 'n ingenieursafdeling as 'n tak van die inrigting het misluk, juis as gevolg van die finansiële krisis.[4] Met die besoek van die

---

1. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 120.
2. Ibid., 125.
3. Spesiale verslag van Gardham op 20 Mei 1920.
4. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 135.

Minister van Onderwys in Durban in September 1920 is die saak voor hom gelê en hy het geweier om n sewende konstituerende kollege onder die Universiteit van Suid-Afrika toe te laat en veral verwys na Natal

"which did not appear to be 'university-minded'!"[1)]

Die enigste moontlikheid wat die Minister gesien het, was dat Durban onder die vleuels van Pietermaritzburg se Universiteit moet gaan skuol en as die onderhandelings slaag, sal die Unieregering die kollege oorneem en ten volle beheer. Kaapstad se Tegniese Kollege het toe ook al aansoek gedoen om onder die Unieregering te sorteer.[2)]

In 1922 het die Finansiële Verhoudingskomitee voorsiening moes maak vir die uitgawes aan "Hoër onderwys" aan albei die Tegniese Kolleges en daarom is in die Finansiële Verhoudingswet ook voorsiening vir die oorname van die twee Tegniese Kolleges gemaak en is nou eers verklaar wat bedoel word met die woord "Hoër onderwys" in die Suid-Afrika-wet.[3)]

Op 29 September 1922 is bywyse van n kennisgewing in die Staatskoerant aangekondig dat die Tegniese Kollege te Durban voortaan as n inrigting vir "Hoër onderwys" gereken sal word en onder Uniale beheer geplaas word.[4)]

Uit onderstaande tabel blyk dit duidelik hoe die studentetal tot in 1921 toegeneem het.

Tabel nr. 14

| Jaartal | Studentetal | Dosentetal | Bydrae van Owerheid |
|---|---|---|---|
| 1916 | 1119 | 50 | R 14,401.30 |
| 1917 | 1195 | 56 | R 19,800.00 |
| 1918 | 1319 | 65 | R 24,575.00 |
| 1919 | 1445 | 80 | R 42,459.83 |
| 1920 | 1724 | 88 | R 44,500.00 |
| 1921 | 1635 | 96 | R 63,661.72 |

N.B.: Die syfers is verkry uit die Jaarrapporte van die S.O.

1. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 135.
2. Ibid., 135. Die Minister het verklaar "that he had already been urged by the authorities of the Cape Technical College to assume control of vocational education throughout the country..."
3. Finansiële Verhoudingswet van 1922.
4. Kennisgewing nr. 1601 in Staatskoerant van 29 September 1922.

(f) Die Tegniese Instituut te Pietermaritzburg

Gedurende die oorlogjare het die Tegniese Instituut met studente en personeel die oorlogspoging ten volle gesteun. Selfs die hoof, Seymour Hosley, het by die Raad aansoek gedoen om toegelaat te word om oorsee te gaan en aan te sluit, maar dit is geweier omdat dit die skool nadelig sou tref.[1]

Met goedkeuring van die universiteitsowerhede is die ingenieurs-studente toegelaat om die praktiese werk in die Tegniese Instituut by te woon. In 1917 het die dagskoliere heelwat toegeneem sodat 'n toename in die personeel gevolg het. Ekstra tikmasjiene is vir die handelsafdeling aangeskaf en twee werkbanke in die werkwinkels. In 1918 is die vermeerdering van die vorige jaar volgehou selfs onder die volwasse studente en het die Raad kreupeles van die oorlog en hul afhanklikes gratis opleiding aangebied.

> "Such classes as Dressmaking, Millinery, Cabinet-making, Chimistry, Plumbing and Drain-laying were doubled. The Day Schools were absolutely overcrowded."[2]

Die Raad van die Instituut het dan ook oormoedig geword en voorgestel om die Inrigting die grootste en voortreflikste in S.A. te maak. Veral het hulle die uitbreiding van die afdelings Kuns, Wetenskap en Huishoudkunde in die oog gehad.[3]

Die griepepidemie het die bywoning harde knoue toegedien sodat die gemiddelde inskrywings nie veel vordering aangetoon het nie. In 1919 is nuwe uitbreidings aangebring by die werkwinkels. Meer en verbeterde uitrusting is ook ingestel vir die totale bedrag van R25,500.00. In 1921 was die ruimte alweer te beperk en moes verdere uitbreiding aangebring word. Die Openbare Werkedepartement moes gevra word om 'n tweede verdieping in Langmarkstraat se gebou te beplan.[4]

(I) Kritiek op die inrigting

Uit die rapport van Dukes en Coleman wat Tegniese Onderwys in

---

1. Raadsnotule van die 53ste vergadering, 2 Mei 1916.
2. Mc. Clelland, R. The Pietermaritzburg Technical College 1910 - 1960, 36.
3. Notule van die Raad se vergadering in Junie 1918.
4. Mc Clelland, R.: A.w., 37.

Natal ondersoek het veral met die oog op "Hoër onderwys", blyk dat die aandklasse te uiteenlopende grade van sertifikate in een klas saamgegroepeer het.

> "The students used much of the class time for work that should be done at home... Students were recommended to take groups of subjects and put in not less than six hours per week instead of taking isolated subjects."1)

Origens is vasgestel dat die aandklasse baie sleg bygewoon word omdat die kursusse nie juis aan die vereistes van die moontlike studente voldoen nie. Die praktiese studente met algemene opleiding plus die praktyk sal altyd beter ambagsmanne wees as die gewone skolier en daarom moet die kursusse by die behoeftes van die studente aanpas. Tog het die Instituut nog nie die sillabusse van die Nasionale Tegniese Adviesraad gevolg nie.2)

(II) <u>Tegniese kennis en praktiese werk</u>

Gardham wat ook die skool besoek het, het in sy rapport daarop gewys dat Tegniese hoërskole beter by die nywerhede inpas as die ambagskole.

> "Now with the introduction of highgrade machinery, and the subdivision of workshop processes, it has become vitally necessary that to the manual skill of the young tradesman should be added a broad, scientific knowledge bearing on his trade."3)

Ook is dieselfde eise van toepassing op die handelsopleiding, want ook hulle moet op hoogte wees met die wêreld se vernaamste kenmerke. Die volgende stappe word deur hom aan die hand gedoen om die toestand te verbeter:

> (i) "Make attendance at Technical classes condition of service.
>
> (ii) Offer greater facilities to the youth.
>
> (iii) Grant 'time off' for attendance at afternoon technical classes, and recognise suitably, financially or otherwise, those employees who achieve success."4)

---

1. Verslag van Dukes en Coleman: Natal Provincial Gazette 18 Maart 1920.
2. Ibid.
3. Gardham se Rapport: Onderwysafdeling van die Prov. Raad se notule 1920, gedateer 26 Augustus 1921, bl. 18.
4. Ibid.

Verder is aan die hand gedoen dat die studieveld die hoër onderwysvlak moet betree sodat die studente in al hul aspirasies bevrediging kan kry. 'n Sodanige besluit is dan ook deur die Raad van die Instituut geneem toe hulle die nuwe beleid vir die Instituut neergelê het.

> "Also by the provision of more advanced classes to enable them to continue their studies with the view to the ultimate attainment of the Government Certificate of Competency."[1]

Geen wonder dat die Unieregering ook die Pietermaritzburgse Tegniese Kollege oorgeneem het nie as 'n inrigting wat hoër onderwys verskaf,[2] want op 26 November 1923 het die Raad eenparig besluit om die naam te verander na "Pietermaritzburg Technical College".[3]

Die volgende tabel toon die vordering van die Instituut aan van 1916 tot 1921:

Tabel nr. 15

| Jaartal | Studentetal | Personeel | Bydrae ontvang |
|---|---|---|---|
| 1916 | 216 | 15 | R4,000.00 |
| 1917 | 217 | 15 | R5,500.00 |
| 1918 | 222 | 16 | R6,000.00 |
| 1919 | 303 | 15 | R7,614.00 |
| 1920 | 357 | 17 | R6,479.00 |
| 1921 | 360 | 18 | R9,300.00 |

(g) Samevatting

Die beroepsonderwys in Natal het gedurende die oorlogjare maar 'n sukkelbestaan in die gewone skole gehad omdat dit sonder die nodige toesig moes geskied. Na 1918 het dit egter weer die nodige aandag geniet en met rasse skrede vordering gemaak. Nie net die toesig oor die handwerkvakke het daartoe bygedra nie, maar ook die daarstelling

1. Notule van Raadsvergadering 30 Junie 1922.
2. Hoëronderwyswet nr. 30 van 1923.
3. Notule van Raadsvergadering op 26 November 1923.

van 'n Jeugraad in Durban deur die Arbeidsdepartement en een in Pietermaritzburg deur die Provinsiale owerheid. Voortsettingsonderwys in die twee groot stede was feitlik al wat tot stand gekom het om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien.

Albei die Tegniese institute, naamlik die te Durban en Pietermaritzburg het weens finansiële onvermoë van die Provinsiale owerhede nie na vermoë gevorder nie. Veral die Natalse Tegniese Kollege wat groot ambisies gehad het, het te doen gekry met nypende finansiële tekorte wat nouliks met die grootste inspanning te bowe gekom kon word. Geen wonder dat van enige moontlike hulp gebruik gemaak is om deur die Unieregering oorgeneem te word nie, daar finansiële verantwoordelikheid ipso facto ook beheer oor die aanwending daarvan meegebring het.

## B. DIE BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN SUID-AFRIKA VAN 1916 TOT 1924

### 1. DIE ONDERSOEK VAN DIE JAGGERKOMMISSIE VAN 1915

#### Inleiding

Nadat die vyf jaar wat deur die Zuid-Afrika-wet t.o.v. onderwysbeheer aan die Provinsiale Rade gestel is, verstryk het, het die Sentrale owerheid die Jaggerkommissie in 1915 aangestel[1] om die Provinsiale Raadstelsel in sy volle omvang te ondersoek en aanbevelings vir die toekomstige optrede aan die hand te doen. Uit hierdie ondersoek sou dit vir die Unieregering duidelik word watter vorm van lokale bestuur oor die gehele land ingestel moes word. Wat vir hierdie werk van belang is, is slegs die standpunt t.o.v. die onderwys en in die besonder tegniese en beroepsonderwys. Die vrae wat die Kommissie i.v.m. onderwysbeheer gestel het, het veral te doen met wie die wetgewing[2] en die uitvoering daarvan moet waarneem en in watter mate elke owerheid t.o.v. die uitgawes aanspreeklik moet wees.[3]

#### (a) Standpunte van die Kommissie

Uit die standpunte wat deur sowel die provinsiale hoofde as onderwyshoofde aan die Kommissie gestel is, word verskeie uittreksel gemaak omdat dit meer lig werp op die uiteindelike optrede van die Unieregering in 1924 toe hulle tegniese en beroepsinstellings oorgeneem het en die horisontale beheer nog meer deur ŉ verdere vertikale verdeling verbrokkel is.

Die Administrateur van Kaapland het verklaar:

> "Wat ook de toekomst mag zijn van Provinciale Raden, kan ik niet nalaten te denken dat het uiterst onverstandig zou zijn om tans de wetgewende macht tegen te gaan, te meer omredon lager- en middelbare onderwys onder Provinciale Raden staan."[4]

---

1. Provinciale Administratie Kommissie van 1915, U.G. 8 - 1917.
2. Ibid., 10 vr. 2.
3. Ibid., 10 vr. 4 en 5.
4. Ibid., 13.

Verder is verklaar:

> "Ik geloof dat de tijd zal komen wanneer lager- en middelbaar onderwijs onder de Unie Regering behoren te zijn maar de tijd is nog niet aangebroken."[1]

Uit die verdere getuienis blyk dat De Waal sy standpunt, naamlik dat die tyd nog nie ryp is vir oorname nie, op die rassestryd en die uiteenlopende standpunte van die partye in die parlement gebaseer het waardeur die onderwys 'n politieke speelbal kan word.

In Natal het verskeie liggame en persone getuienis afgelê ten effekte dat die Provinsiale Raad-stelsel goeie dienste gelewer het en moet bly staan, behalwe in die geval van dr. Loram wat openlik verklaar het dat onderwys 'n nasionale saak is en dat die sentrale owerheid d.m.v. piramidies wyerlopende stelsels tot die skole moet deurdring in beleid en administrasie.[2] Slegs een Nataller het hom ten gunste van die verdwyning van die Provinsiale stelsel uitgespreek naamlik Griffen van Pietermaritzburg wat verklaar het dat baie inwoners die stelsel soos dit bestaan, te niet gedaan wil hê, maar dat die teenkanting behoorlik georganiseer is.

> "Het is een georganiseerde overeenkomst om een verhaal te geven."[3]

Die meeste mense met wie hy in aanraking gekom het, verkies die Kaapse stelsel van afdelingsrade.

Kolonel Green[4] het die saak in die regte perspektief gesien toe hy die aandag van die Kommissie[5] daarop gevestig het dat die Provinsiale Raad-stelsel niks te make het met die oorname van die onderwys deur die Unieregering nie.

> "Dat word uitdruklik bepaal door de Unie Wet. Het behouden van de macht om onderwys van de Provinsiale Raad heeft niets hoegenaamd te maken met de kwestie van de afschaffing van die Provinciale Raden."[6]

---

1. U.G. 8 - 1917, 13.
2. Ibid., 955.
3. Ibid., 988.
4. Afgevaardigde van Natal op Nasionale Konvensie.
5. Provinsiale Administrasie-Kommissie, 1917.
6. Ibid., par. 12300.

Met uitsondering van Mudie van Natal wat die provinsiale beheer van onderwys bokant kleiner Rade in die vorm van distriksrade verkies het, het die onderwyshoofde van die provinsies die onderwys as ꞧ nasionale saak gesien wat sentraal bepaal en vanuit een standpunt beheer moet word naamlik die van ꞧ Onderwysraad met die Minister van Onderwys as Voorsitter om te skakel met die Uitvoerende mag van die land.[1)]

(b) Aanbevelings van die Jagger-kommissie

Die aanbeveling van die Jagger-kommissie was kort en saaklik dat die Provinsiale Raad-stelsel vervang moet word met ꞧ ander stelsel van plaaslike beheer en dat

> "lager middelbaar en technies en hoger onderwijs allen behoren geregeld te worden om in elkander in een organies schema te werken."[2)]

So ꞧ skema is prakties onmoontlik onder die huidige stelsel en vandaar die aanbeveling. Plowman het egter die status quo in sy minderheidsrapport bepleit en eintlik daarmee die Provinsiale Raad-stelsel se voortbestaan verdedig sodat die regering die aanbevelings van die Jagger-kommissie links laat lê het bes moontlik as gevolg van die wanverhoudinge wat tussen die twee rasse ontstaan het met die Rebellie, die Taalordonnansie van Hertzog en die Eerste Wêreldoorlog.

Die volgende agt jaar bly die tegniese en beroepsonderwys dus nog in die hande van die Provinsiale Rade met ꞧ baie sterk neiging om al verder uitmekaar te dryf ten spyte van die waarskuwing dat die onderwys in die land as eenheid gesien en beplan moet word.[3)]

## 2. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN KAAPLAND VAN 1916 TOT 1924

### Inleiding

Hoewel daar geen wesenlike verandering in die sentrale beheer van die gewone skool met sy beroepsvakke gekom het nie (aangesien die S.G.O. deur sowel ꞧ professionele as ꞧ administratiewe personeel en na 1921

1. U.G. 8 - 1917, 1483.
2. U.G. 45 - 1919, 57 (Rapporte van Prov. Adm. Kommissie).
3. Ibid., 58.

deur drie Advieskomitees bygestaan is), het daar wel in die lokale beheer enkele wysiginge ingetree. Eerstens is Seksie 10 van die verdere Skoolraadswysigingswet nr. 25 van 1909 deur die Provinsiale Raad so verander dat leerlinge geheel of gedeeltelik van skoolgelde vrygespreek kan word deur die skoolraad of die S.G.O. selfs wanneer leerlinge reeds st. 7 geslaag, of die ouderdom van 16 jaar bereik het. Hierdeur was dit nie nodig vir ouers om hul kinders, net na skole vir "behoeftige leerlinge" te stuur nie. Nie minder nie as sewe verdere ordonnansies is in 1917 deur die Provinsiale Raad i.v.m. onderwys geproklameer. Drie van die ordonnansies het te doen gehad met ontslag, pensioene en mediese inspeksie van onderwysers. Vir die doel van hierdie werk het egter net Ordonnansie nr. 11 van 1917 waarde gehad.

Hierdie Ordonnansie het die armblanke leerlinge wat op geen manier vir hul onderwys kon betaal nie, in die koshuise saamgetrek. Hierdie koshuise is onder toesig van die kerk of aanverwante liggame tot stand gebring in gebiede waar geen fasiliteite bestaan het nie. Deur hierdie "Indigent Children Boarding House Ordinance"[1] is koshuise vir die leerlinge opgerig tussen die ouderdomme van 7 en 15 jaar. In die vooruitsig is gestel "Een-onderwyser Industriële skole" vir al die leerlinge wat st. 5 slaag of die ouderdom van 15 jaar bereik het. Geen skoolraad of private skoolkomitee kon die soort koshuise stig nie en is dit veral in die hande van kerke of aanverwante verenigings toevertrou. Die kerk met sy barmhartigheidsdiens het in enkele jare by die 5,000 leerlinge so ingesluit.[2] Die geboue is gekoop of ingerig en vir elke leerling is ŉ bydrae[3] deur die Departement aan die opsieners betaal hoewel die kerkraad verantwoordlikheid moes aanvaar. As ŉ tak van die aanverwante kerklike liggame ŉ skool gestig het, het

---

1. Ordonnansie nr. 11 van 1917.
2. Speciaal Rapport over Kosthuizen voor behoeftige Leerlingen en Industriescholen 1920 deur J.H. v.Wyk, inspekteur.
3. In 1917 was die staatsbydrae R36.00 en in 1920 volgens Ordonnansie 12 van 1920 kon dit selfs opgaan tot R44.00.

hulle direk verantwoordelikheid vir die instandhouding en organisasie aanvaar.[1]

(a) "Een-onderwyser Industrie Scholen"

In 1919 is die eerste van die "Een-onderwyser Industrie Scholen" gestig

> "waarvan verwacht wordt, dat ze groteliks zullen meehelpen om beroepsonderwijs binnen het bereik te brengen van de leerlingen, die naar de koshuizen voor behoeftige leerlingen worden gebracht."[2]

Die nodige vakonderwysers was nie altyd te vinde nie en was die tred waarmee die skole opgerig en voorsien is baie stadiger as die behoefte wat ontstaan het as gevolg van die oprigting van koshuise vir behoeftige leerlinge.[3]

Ordonnansie nr. 5 van 1921 het verdere voorregte vir die "Een-onderwyser Industriële Skole" ingestel en was dit moontlik vir skoolrade, skoolkomitees en enige liggaam om skole van die kaliber op te rig en staatsteun te erlang. Ook is ooreenkomstig magtiging verleen aan die owerheid,[4] enkele leerlinge wat st. 6 geslaag en aanspraak gemaak het op verdere beroepsvoorbereiding in bogenoemde skole, oorgeplaas na gewone skole om aan te gaan met algemeen vormende vakke. Stigters van die spesiale soort Industriële skole het volle verantwoordelikheid vir die onderrig en instandhouding van die skole aanvaar.[5] Dit het 'n gees van onverskilligheid by die ouers in die hand gewerk. So het talle ouers nie eens die kleding en skoeisel van die kinders voorsien nie, wat staan nog die gedeelte vir losies en onderwys.

Uit hierdie Ordonnansie[6] is daar in Kaapland verskillende liggame toegelaat om skole te stig vir die "behoeftige kind". Onder meer is

---

1. Die A.C.V.V. het Huishoudskole gestig te Wellington en George.
2. Ordonnansie nr. 5 van 1919.
3. In 1923 was daar 170 koshuise en slegs vyf skole vir hulle volgens Ordonnansie nr. 5 van 1921.
4. Seksie 292 van Ordonnansie nr. 5 van 1921.
5. Seksie 275 van Ordonnansie nr. 5 van 1921.
6. Ordonnansie nr. 5 van 1921.

ook te Willowmore deur 'n kerkraad 'n skool gestig waarin die kinders motorwerktuigkunde geleer het en lui die verslag van die S.G.O. hieromtrent:

> "Het valt te betreuren dat het departement niet, in de eerste instantie, werd geraadpleegd by de oprichting van deze school, want de geschiktheid van Willowmore als het centrum voor en industriële afdeling voor de studie van auto's is aan twijfel onderhewig."[1]

In Karreedouw is 'n skool gestig om leerlinge as timmerlui voor te berei en so ook in Knysna waar die Departement self 'n skool gestig het vir die kinders van die bosbouers. Hierdie skool het egter 'n Raad van Advies gehad met 'n baie bekwame hoof wat ook die leerlinge in plaaslike firmas se werkswinkels praktiese ervaring laat opdoen het. Die skool was goed toegerus en dit het die Departement in 1922 van R86.80 tot R95.40 per leerling gekos.[2]

(b) <u>Soorte van Tegniese en Beroepskole</u>

Teen 1924 het die volgende tegniese en beroepskole in die Kaapprovinsie bestaan:

(i) Onder beheer van die Unie-onderwysdepartement kragtens wet nr. 25 van 1913[3] twee "gesertifiseerde skole" wat deur die Gevangenisdepartement opgerig en in 1917 aan die Unie-onderwysdepartement oorgedra is, sowel as die Kaapse Tegniese Kollege wat as "verklaarde" inrigting in 1922 oorgeneem is.[4]

(ii) Onder beheer van die Provinsiale Administrasie deur adviesrade gekontroleer kragtens wet nr. 5 van 1921. (Knysna).

(iii) Industriële skole, opgerig en onderhou deur die Provinsiale Administrasie kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1919. (Karreedouw).

---

1. S.G.O.: Jaarrapport 1922, 28.
2. Spesiale Rapport van Van Wyk en Burns in 1922 oor "Industriële onderwys in Kaapland".
3. Kinderbeskermingswet van 1913 wat deur Wet nr. 31 van 1917 "gesertifiseerde" kinders kan versorg of volgens die Wysigingswet nr. 26 van 1921 die "toevertroude" kinders kan opneem. Die inrigtings is volledigheidshalwe genoem, maar val buite die bestek van hierdie verhandeling.
4. Wet op hoër onderwys nr. 30 van 1923.

(iv) Industriële skole, opgerig en onderhou deur kerkoutoriteite maar ondersteun deur die Provinsiale Administrasie kragtens die Onderwyswet van 1893. (Uitenhage en Adelaide).

(v) Huishoudskole asook Industriële skole, opgerig deur die Afrikaans Christelike Vroueverenìging en ondersteun deur die Provinsiale Administrasie kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1919 (Wellington en George).

(vi) Industriële skole, opgerig en onderhou deur die Armesorgkommissie van die N.G.-kerk en ondersteun deur die Provinsiale Administrasie kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1922. (Kakamas, Goedemoed en Olifantshoek).

(vii) Industriële skole, opgerig deur individuele predikante van die N.G.-kerk in hul gemeentes en ondersteun deur deur die Provinsiale Administrasie kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1921.

(viii) "Een-onderwyser Industriële departemente", opgerig en ondersteun deur die Provinsiale Administrasie kragtens Ordonnansie nr. 5 van 1921

(ix) Industriële skole vir die opleiding van leerkragte te Uitenhage en Adelaide vir Een-onderwyser Industriële departemente, gereël deur die Administrateur met die Bestuurskomitee kragtens artikel 121 van Ordonnansie nr. 5 van 1921.

(c) <u>Uiteenlopende Beheermaatreëls in die Industriële Skole</u>

Met die oog op die feit dat die nywerheidsonderwys deur soveel verskillende wette of ordonnansies beheer en gereël is, met so 'n groot uiteenlopendheid van doeleindes, kon daar geen uniformiteit in die beheerorde wees nie. Koördinering of selfs vereenvoudiging van die stelsel van beheer was geen geringe taak nie soos sal blyk uit die aanbevelings van die "Kommissie van Ondersoek i.v.m. Industriële Onderwys" van 1922.[1)]

Die Kommissie het bevind dat die toelatingsouderdom van leerlinge vir Industriële skole in vier kategorieë val:

---

1. Die gegewens is verkry uit : "Speciaal Repport omtrent Industriescholen en Industriedepartementen in die Kaap Provincie" vir 1922 dl. 3.

(i) kinders moet st. 4 geslaag het en 16 jaar oud wees;

(ii) leerlinge moet st. 6 geslaag het en minstens 14 jaar oud wees;

(iii) vir "Een-onderwyser"-skole moet leerlinge st. 6 geslaag het en 16 jaar oud wees;

(iv) in gesertifiseerde skole kan leerlinge van enige ouderdom tot 16 jaar toegelaat word.

Wat die duur van onderwys vir die bogenoemde leerlinge betref, is daar ook afwykings wat vermeld behoort te word:

(i) in sekere meisieskole duur die kursus drie jaar en is die skoolverlatingsouderdom 16 jaar;

(ii) in die ondersteunde kerkskole is die tydperk vir onderrig drie jaar of langer, soos deur die Administrateur goedgekeur, maar in alle geval nie voor die agtiende jaar bereik is nie;

(iii) in "Een-onderwyser Industriële Skole" stel die regulasies vas dat die kursus twee jaar moet duur of so lank as wat die Administrateur mag bepaal;

(iv) in Unieskole is die skoolverlatingsouderdom op 18 vasgestel, maar is die leerlinge nog tot hul 21ste verjaardag onder toesig.

Die salarisskale in die verskillende Industriële skole is eweeens wyd uiteenlopend: een Industriële skool se hoofonderwyseres trek R144.00 plus vry losies en inwoning terwyl 'n ander een R545.00 kry min R100.00 vir inwoning en losies; in die Unie-Onderwysdepartement se skole ontvang die hoof R468.00 en die assistente onderskeidelik R396.00 en R372.00 waarvan R78.00 vir losies en inwoning afgetrek word.

Wat die staatstoelaes vir die onderhoud van leerlinge in industriële skole betref, is daar ook uiteenlopendheid: die toelate in "Een-onderwyser Industriële Skole" is R36.00 per jaar; die toelae per leerling in 'n kerkopgerigte Industriële skool is R42.00 per jaar; die toelae per leerling wat onder die Unie-onderwysdepartement se sorg staan in provinsiale skole of "gesertifiseerde" inrigtings het R48.00 per jaar beloop.[1)]

1. Spesiale Rapport omtrent Industrie Scholen en Industriedepartementen in de Kaap Provincie vir 1922, dl. 3.

Die gemiddelde koste per leerling vir die verskillende industriële skole beloop per jaar: in Unie-onderwysdepartement se skole van R120.00 tot R280.00; in "Een-onderwyser Industriële Skole" R69.60 tot R185.00; in skole direk onder die Provinsiale Administrasie R86.40 tot R94.90; in Kerk-Industriële skole R70.00 tot R86.00; in A.C.V.V.-Industriële skole R49.20 en Armesorg skole soos Goedemoed en Olifantshoek R56.00 tot R59.00.[1]

Leerlinge word dus deur dieselfde soort skool vir dieselfde doel voorberei en die toelae van die owerheid verskil van skool tot skool. Die Spesiale Kommissie oor Industriële skole in Kaapland het drastiese aanbevelings gemaak om die ongerymdhede uit die weg te ruim.

### (d) Aanbevelings van Spesiale Kommissie oor Industriële Onderwys in Kaapland

Die S.G.O. verklaar in sy rapport:

> "Een nauwkeurige lezing van het rapport maakt het meer dan volkomen duidelik, dat er spoedig gehandeld moet worden, als men waarde wenst te verkrijgen voor de betrekkkelik hoge uitgaven voor de verstrekte industriële opleiding."[2]

Ten volle is besef om hervorminge op hierdie gebied in Kaapland aan te bring indien daardie kritieke finansiële toestand nie nog groter somme sou verg nie. Tog meld die S.G.O.

> "dat de tijd aangebroken is, waarop de land het ganse vraagstuk dient te overwegen en waarop het Departement stappen dient te doen in de aangeduide richting."[3]

Die volgende is van die dringende hervorminge wat deur die Spesiale Kommissie aanbeveel is:[4]

(i) Alle industriële onderwys moet onder beheer van een Staatsoutoriteit geplaas word.

(ii) St. 6 moet die toelatingskwalifikasie vir alle industriële onderwys wees.

---

1. Spesiale Rapport omtrent Industrie Scholen en Industriedepartementen in de Kaap Provincie vir 1922, dl. 3, 32.
2. S.G.O.: Jaarrapport 1922, 31.
3. Ibid., 32.
4. K.P. 2-1923, 174 - 177.

(iii) Duidelik omskrewe leerplanne vir sowel praktiese as teoretiese opleiding in handboeke moet deur alle afdelings vir ambagsopleiding gevolg word.

(iv) ṇ Vasgestelde tydperk van arbeid in ṇ werkswinkel moet beskou word as ṇ natuurlike beëindiging van die industriële opleiding van elke leerling.

(v) Behoorlik opgeleide instrukteurs moet vir alle ambagte en nywerhede aangestel word.

(vi) Dit moet voorkom word dat verskeie skole dieselfde ambagte gee en vir elke gebied moet ṇ geskikte en passende soort Industriële skool bestaan.

(vii) Landboukundige opleiding moet deur die hele land as ṇ voorbereiding vir ṇ beroep erken word.[1]

Die Spesiale Kommissie maak in hulle addendum daarvan melding dat

> "uit een plaatselik ingesteld onderzoek blijkt dat de bestuurders van de betrokken scholen hun gewilligheid uitdrukten om mede te werken."[2]

Ook beveel die "Kommissie op die Administratie van Onderwys" aan "dat de gedragslijn behoort te zijn in de richting van hun afschaffing."[3] Die vernaamste gebrek van die "Een-onderwyser Industriële Skole" is die feit dat die leerlinge nie van een skool na ṇ ander oorgeplaas kan word om ṇ sekere soort beroepsrigting te kies nie.

Die Hofmeyerkommissie beveel dan ṇ Sentrale Raad van Onderwys aan wat die tegniese en beroepsonderwys ook as ṇ eenheidstelsel kan beheer.

> "Om in het geheel een stelsel te zijn, moet het een eenheid zijn, en dat is onmogelik zolang als verdelingen, die slechts onderscheidingen van uitzicht en poging binnen een enkel geheel behoren te zijn, behandelt worden als helemaal afgescheiden eenheden en stuksgewijze toegedeeld worden aan autoriteiten die grotendeels afhanklik van elkander zijn."[4]

Die Hofmeyerkommissie het aanbeveel dat die vraagstuk "op een Unie basis" aangepak moet word

---

1. K.P. 2 - 1923, 177.
2. Ibid., 161 (Engelse teks).
3. U.G. 19 - 1924, par. 490.
4. Die Tweede Rapport van die Kommissie op die Administrasie van Onderwys 1924, par. 523.

"ten einde een maximum van uitwerking met behoorlike spaarsaamheid van poging en uitgaven te verzekeren."[1)]

(e) Samevatting

Wat die sentrale beheer van tegniese en beroepsonderwys in Kaapland betref, het daar slegs Organiserende Instrukteurs i.p.v. Inspekteurs van Onderwys bestaan om toesig oor die ontwikkeling en gehalte van die werk te hou. Op die gebied van die plaaslike beheer het daar uiteenlopende toestande geheers. In party skole het die skoolraad ook seggenskap gehad terwyl in die meeste gevalle slegs die Stigterskomitee die skool beheer het. Toestande was egter so heterogeen dat dit die indruk skep dat die Provinsiale Administrasie nie meer behoorlike beheer kan uitoefen nie.

Dat die barmhartigheidsdiens van die Ned. Ger. Kerk swaar laste op die gemeentes gelê het en dat hulle baie bly sou wees om uit die toestande te kom, blyk uit die ondersoek van ds. J.H. van Wyk. Hierdie toestande moet deels verantwoordelik gehou word vir die oorname van die tegniese en beroepsonderwys deur die Unie-Onderwysdepartement

3. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN TRANSVAAL VAN 1916 TOT 1924

Inleiding

In Transvaal het daar in teenstelling met die Kaapprovinsie besonder min verandering in die onderwysstelsel van 1916 af ingetree. Die vernaamste verandering was Ordonnansie nr. 16 van 1916 wat 'n hele paar onderwysaangeleenthede in behandeling geneem het en wat saaklik weergegee kan word as: die opening van geleenthede vir openbare skole met minstens 20 leerlinge; die verpligte skoolbesoek buite die driemylstraal deur die instelling van vervoer- en losiesbeurse; die verhoging van die vereistes vir skoolplig en verpligte bywoning van voortsettingsklasse. Op aanbeveling van skoolrade of beheerrade kon die Administrateur laerskoolleerlinge wat om die een of ander rede van skool vrygestel is, verplig om voortsettingsklasse by te woon vir minstens twee

---

1. Die Tweede Rapport van die Kommissie op die Administrasie van Onderwys 1924, par. 522.

jaar of totdat die ouderdom van agtien jaar bereik is. Sowel ouers as werkgewers kan beboet word indien die hof bevind dat die leerling deur hul toedoen nie aan die vereistes van die Wet voldoen nie.

Hierdie Ordonnansie het verreikende gevolge gehad wat die voortsettingsonderwys in Transvaal betref en het die algemene skoolvlak van die volk help verhoog.

> "This will secure one postprimary year and if the school life is made attractive, and the work vocational, there is no reason why one should not be prolonged to two, at any rate, in the case of a considerable proportion of pupils."[1]

Die beheerstelsel het egter feitlik geen verandering ondergaan nie, hoewel daar verskeie Kommissies van Ondersoek na sekere aangeleenthede in die onderwys was waarvan die aanbevelings feitlik op niks uitgeloop het nie.[2] Die beheer van die handearbeid in die gewone skole asook die beheer van die tegniese en beroepsonderwys in spesifieke skole word ooreenkomstig die vorige skema behandel.

(a) Sentrale Beheer

In 1915 het A.G. Robertson administrateur van Transvaal geword en daarmee die hoogste gesag op onderwysgebied, terwyl Adamson nog steeds direkteur gebly het met Scott as sekretaris en Austin as eksaminator van 1917 af. Die inspektoraat het heelwat gely as gevolg van die oorlog[3] en die griepepidemie van 1918, maar aan wetlike gesag i.v.m. die poste van beheer is niks verander nie.

Die verslag van die Onderwyskommissie van 1917[4] het wel aanbeveel dat 'n Onderwysraad aangestel word[5] om die Direkteur te adviseer oor beleidsake, begroting van uitgawe, toewysing van bydrae aan skoolrade,

---

1. Ordonnansie 16 van 1916.
2. T.O.D.: Jaarrapport van D.v.O. 1916, 37.
3. Horne het in Oos-Afrika gaan veg, Robinson het bedank weens swak gesondheid en Clarke het hoof geword van King Edward-skool in Johannesburg.
4. Die Kommissie is aangestel kragtens Adm. Kennisgewing 416 van 21 Des. 1917 en die verslag is eers in 1920 openbaar gemaak.
5. T.P.1- '20, par. 437 - 439.

toelaes aan ondersteunde privaatskole, ontslag van leerkragte, regulasies, en ander sake waarvoor die Administrateur die Raad wens te raadpleeg. Hierdie Raad moet gereeld konferensies met openbare en semi-openbare liggame (soos Vakunies, Kamers van Koophandel en Landbou-organisasies) hou met die doel om hul belangstelling in die onderwys op te wek. Die Kommissie het in sy getuienis bevind dat

> "de grote mate van centralisatie die in de administratie heerst, bij vele mensen, vooral in de meer afgelegen gedeelten van het Provinsie het gevoelen heeft laten ontstaan dat er aan de kant van het Departement gebrek aan simpathie bestaat met hun verlangens."1)

Die Kommissie het aanbeveel dat die Onderwysraad uit 'n voorsitter in die persoon van die Direkteur as uitvoerende amptenaar moet bestaan. Verder moet die Raad uit 'n verteenwoordiger van die laerskole, een van die middelbare skole, een van die normaalkolleges, en universiteitskolleges en vier verteenwoordigers uit die openbare lewe (twee Afrikaans- en twee Engelssprekend) bestaan.2) Van hierdie voorgestelde verandering in die sentrale beheer het egter niks gekom nie.

(I) <u>Koördinasie</u>

In 1924 verklaar die Kommissie oor die Administrasie van Onderwys in hul tweede rapport:

> "de vrywillige pogingen van de Provinciale Administraties om een zekere mate van koördonasie te bewerkstelligen, zijn met weinig sukses bekroond geworden."3)

Die Kommissie besef egter dat dit feitlik 'n uitgemaakte saak is dat die Provinsies nie op eie houtjie 'n groter eenheid in die stelsel van onderwys kan bewerk nie en beveel derhalwe aan dat die

> "funkties van de tegenwoordige Provinciale Administraties, onder bestaande omstandighede, behoren te blijven bestaan."4)

Die Kommissie beveel aan dat 'n onmiddellike behoefte aan organisasie en kontrole deur een enkele liggaam bestaan. Die aanbeveling

---

1. T.P.1- '20, par. 436.
2. Ibid., par. 339.
3. U.G. 19 - 1924, par. 538.
4. Ibid., par. 541.

gaan verder en verklaar:

> "dat de Provinciale Administraties onmiddellike kontrole zal aanvaarden van alle onderwys werk dat voortgezet wordt in inrichtingen door de staat verschaft of door de staat ondersteunt, binnen hunne respektieve gebieden, met uitzondering van Landbouw Kolleges en inrichtingen van Universiteitsrang."[1]

Voorts word aanbeveel:

> "Dat een Unie Raad van Onderwijs ingesteld worde, met gezag om de onderwijs bedrijvighede van die vier Provinciale Administraties te koördineren beide met elkander en met die van de Universiteiten en Landbouw Kolleges. Het Sekretariaat van de Raad te zijn het Unie Departement van Onderwijs."[2]

Ook hier aanbeveling is nie aangeneem nie en het dit begin lyk of die vyf jaar van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika slegs 'n visioen geword het. Die sentrale beheer het dus onveranderd gebly selfs ook wat die tegniese en beroepsonderwys betref tot in 1924 en in sekere gevalle tot in 1928[3] toe dit eers finaal oorgeneem is.

(b) Plaaslike Beheer

Die skoolrade en skoolkomitees asook beheerrade van sekere skole het nog steeds bestaan soos dit in die lewe geroep is en hoewel daar telkemale botsings gekom het, het die funksies van die onderskeie liggame onveranderd bly voortbestaan. Die skoolraadsverkiesings het in Junie 1916 plaasgevind en hoewel 'n ontwerpordonnansie voor die Provinsiale Raad gedien het om die stemming deur die pos te verander, is dit met 'n meerderheid verwerp. Die Skoolraad van Pretoria is egter in 1916 in twee gesplits: die een het beheer gehad oor die distrik en die ander oor die stad en sy voorstede.

> "This is the only change in the constitution of school boards which occured."[4]

Nadat middelbare onderwys in 1914 ook in Transvaal gratis geword het, het die getalle vir hierdie soort onderrig baie toegeneem. Laer-

---

1. U.G. 19 - 1924, par. 544(1).
2. Ibid., par. 544(2).
3. Wet nr. 29 van 1928: Wet op Beroepsonderwys en Spesiale skole.
4. T.O.D.: Jaarrapport van 1916, 34.

skole het bokant st. 6 uitgebrei en sodoende het die aantal skole wat uitsluitlik 100 leerlinge en meer bokant st. 6 gehad het, snel toegeneem en die status van hoërskole verkry.[1] Die skoolkomitees het egter nog dieselfde status behou. In 1918 egter het die skoolrade en skoolbesture (beheerrade) nog steeds op 29 en tien onderskeidelik gestaan. Die twee ambagskole het in 1912 ook beheerrade gekry en dus apart van die skoolrade gestaan en direk onder die Departement. In 1919 het die Beheerraad van Potchefstroom oor die skool vir meisies en seuns toesig gehad en dit was ook die geval in Pretoria en Jeppe.[2] In 1918 het die aantal intermediêre skole wat hoërskole geword het, op tien te staan gekom en is verwag dat hulle beheerrade sou kry, maar die Departement het besluit om die aanstelling agterweë te hou totdat die Kommissie van Ondersoek van 1917 verslag gedoen het. Die skoolrade het dus die aanbevelings vir die geadverteerde hoofposte gedoen. Die Hoër Handelskool van Johannesburg se hoof is egter op versoek van petisionarisse deur 'n bevel van die Hooggeregshof van sy pos onthef in 'n geding wat gevolg het.[3]

(I) Aanbevelings van Malherbe-kommissie

Aanbevelings van die Malherbe-kommissie[4] wat in 1920 openbaar gemaak is, het heelwat veranderinge in die beheerstelsel van die onderwys behels. So is beweer dat die beheer te gesentraliseerd is en dat 'n stelsel uitgewerk moet word

> "waarby de kontrole van onze scholen voor een gedeelte aan andere lichamen zal worden opgedragen."[5]

Vir so 'n doel moet die provinsie in distrikte opgedeel word met 'n Onderwysraad om die beleid in die distrik te bepaal en die onderwys te kontroleer. Die Raad moet skoolgelde, ter stywing van die bydrae uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die afgebakende distrik kan in.

---

1. T.O.D.: Jaarrapport van 1919, 23.
2. Ibid., 1918, 15.
3. Ibid., 1918, 18 - 19.
4. Die Transvaalse Onderwyskommissie van 1917.
5. T.P.1 - 1920, par. 415.

Meer verantwoordelikhede aan Rade kan alleen toegeken word as hul medeverantwoordelik is vir die insameling van die skoolgelde wat uitgegee word. Beheerrade sowel as skoolrade moet egter voorlopig bestaan totdat die evolusie van die Rade gefinaliseer is.[1] Alle Beheerrade moet direk onder die skoolrade sorteer, aangesien hulle nes die skoolkomitees die ouers deur die skoolrade, wat weer die belastingbetalers verteenwoordig, inskakel by die Departement.[2]

Volgens die verslag van die Malherbe-kommissie moet die magte van ouerkomitees aansienlik uitgebrei word. Die ouers wat met die leerkragte in belang van die skool moet saamwerk, behoort die onderwysers uit te soek en die skoolrade behoort die twee aanbevelings deur te stuur na die Departement wat die reg van aanstelling behou, maar in geval van verskil, moet die Administrateur beslis.[3]

Bestaande stelsel van beheer wat in belang van die gewone onderwys aanbeveel is, sou die bestaande stelsel dan ook aansienlik verander het en is behandel omdat dit direk te doen het met die volgende soorte tegniese en beroepskole: die Johannesburgse Tegniese Hoërskool, die voortsettingsklasse, behalwe op die Witwatersrand en Pretoria, die handwerksentra aan die gewone laer- en middelbare skole, die Industriële skole te Belfast en DeLagersdrift, die drie handelskole en die ambagskool op Boksburg wat nog nie 'n spesiale bestuurkomitee gehad het nie.

(II) <u>Beheer van Industriële Skool Potchefstroom</u>

Die Spesiale Bestuurskomitee wat in 1905 tot stand gekom het en in 1912 by Administrateurskennisgewing nr. 20 verander is,[4] het nog steeds kontrole en toesig oor die skool gehad. Die Bestuurskomitee het in subkomitees verdeel wat toesig oor verskillende afdelings van die werk gehad het. Die verskillende komitees kan as volg opgesom word: Toe-

---

1. T.P.1 - 1920, 73.
2. Ibid., par. 419.
3. Ibid., par. 360.
4. Sien hoofstuk III 3(e)(iv).

latingskomitee; Finansiële komitee; Algemene Sake-komitee; Advieskomitee en die Besoekkomitee.[1] Die verskillende komitees het tot in 1924 bly funksioneer. Die een Bestuurskomitee het die seuns- en die dogtersafdeling beheer.

Hierdie Bestuurskomitee het direk met die Departement en selfs met die Administrateur geskakel[2] en is beskryf as die doeltreffendste vorm van beheer vir die soort skole.[3]

(III) Beheer van Ambagskole

Kragtens Administrateurskennisgewing nr. 91 van 1912 is die aantal lede van die Beherende Raad van die ambagskole tussen 6 en 12 vasgestel, met dien verstande dat die verskillende soorte openbare organisasies wat werk aan vakleerlinge verskaf, verteenwoordiging op die Raad sal hê. Hoewel die eerste twee Rade vir Pretoria en Johannesburg uit 12 lede elk bestaan het,[4] het die Administrateur van tyd tot tyd vermeerdering van die ledetal gewettig namate die nywerhede in die stede toegeneem het.

Ongelukkig het die aantal lede op die Beheerrade soms reperkussies opgelewer omdat lede wegbly as hulle nie hul sin kry nie en dan is die aantal weer verminder.[5] Op versoek van die Administrateur en Uitvoerende Komitee dat mnr. J.R. Louw van die Langlaagte Weeshuis op die Johannesburgse Raad moet dien omdat hy te doen het met die verskaffing van werk aan die wese en dus belangstel in die metodes en moontlikhede,[6] het die Beheerraad in 1918 geweier omdat dit reeds al uit 21 lede bestaan en dus te groot is. In November 1918 het die Administrateur by wyse van Kennisgewing nr. 1364 besluit om die aantal tot twaalf te verminder. Hierteenoor het Pretoria se Raad net na oorname deur die Unie-

---

1. Notuleboeke van betrokke jare.
2. Adm. Kennisgewing nr. 91 van 1912.
3. U.G. 19 -1924, par. 500.
4. Ibid., nr. 216 van 1917 en nr. 591 van 1914.
5. T.A. 9 / 8150.
6. Brief Prov. Sekr. aan Sekr. Beheerraad 27 Februarie 1918.

Onderwysdepartement uit 27 lede bestaan.

(c) Samevatting

Wat die handwerkvakke betref, het dit onder dieselfde beheer geval as die gewone skolastiese vakke behalwe dat die Opsiener wat die toesig gehou het 'n deskundige op sy eie gebied was. Op sy aanbeveling is sentra deur die skoolrade in die lewe geroep. Hy het egter ook die toesig gehou oor die ambagskole, behalwe dat hy hier met Beherende Komitees moes saamwerk wat direk onder die Direkteur gestaan het. Die Nywerheidskole het direk onder die Opsieners van Handewerk sorteer behalwe die Potchefstroomse Industriële skool wat nes die ambagskole 'n Beheerkomitee besit het met uitgebreide seggenskap en magte, sodat die Hofmeyer-kommissie van Ondersoek dit as die beste liggaam vir die soort inrigtings beskryf het.

Ook hier was die neiging om ter wille van die hoë koste liefs handwerksentra uit te brei tot aparte afdelings met nywerheidspotensiaal. Dit is in die geval van sowel De Lagerdrift as Belfast gedoen, maar in die geheel het die beroepsrigting nog baie te wense oorgelaat toe dit deur die Unie-Onderwysdepartement in 1924 oorgeneem is. Die oorname is wel in 1924 bekend gemaak, maar die inrigtings is een vir een oorgeneem soos die toestande hulle daartoe geleen het, en die oorname van skole het tot 1928 voortgeduur.

## 4. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE O.V.S. VAN 1916 TOT 1924

### Inleiding

Geen noemenswaardige verandering het in die beheerstelsel van die O.V.S. tot 1920 ingetree nie. Die aantal beroepskole het toegeneem as gevolg van die druk[1] van die Unie-Onderwysdepartement en is deur spesiale regulasies onder beheer van kuratoria geplaas wat weer direk onder die Direkteur gestaan het. Al hierdie plaaslike bestuursliggame het min of meer dieselfde pligte en magte gehad selfs nadat die Administrateur in 1920 sy Gekonsolideerde Onderwysordonnansie deur die Provinsiale Raad geloods het. Hierdie Ordonnasie het al die vorige ordonnansies herroep en die onderwysbeheer deur wysigings en aanvullings op n gesonder voet geplaas.

Die beheer wat in die Administrateur gevestig is, het piramiedsgewyse deur die Direkteur, Inspekteurs, Skoolrade, Skoolkommissies en Beheerrade oor die onderrig in die provinsie gesag uitgeoefen. Behalwe dat die skole met die Industriële afdelings soos Goedemoed, Kopjes en Jacobsdal wat die beheer betref weer onder die gewone skole geplaas is, het die Tegniese en Beroepskole Beheerrade (kuratoria) gehad wat direk onder die Direkteur van Onderwys gestaan het.[2]

### (a) Sentrale Beheer

Die Administrateur en Uitvoerende Komitee het nog steeds alle uitvoerende mag van die Provinsie kragtens die Zuid-Afrika-wet in hulle gekonsentreer gehad. Die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1920 het wel die vorige wette en ordonnansies met nuwe aanvullings herroep en vervang, maar in wese het die onderwysbeheer geen noemenswaardige veranderinge ondergaan nie. Die proses van administrasie is vereenvoudig en die rangskikking van skole gewysig om aan die behoeftes van die land te voldoen, maar die beheer is nog steeds in die hande van die Administrateur gelaat wat die Direkteur as hoof van die Onderwysdepartement aanstel sodat hy op sy beurt weer beheer saam met n Administratiewe

---

1. U.G. 9 - 1917, 28.
2. Ordonnansie nr. 9 van 1920.

klerklike personeel uitoefen. In 1918 het C.F. Schmidt dr. W.J. Viljoen vervang as Direkteur in die O.V.S., maar eers in 1920 het hy die pos in 'n vaste hoedanigheid beklee.[1)]

Daar was egter nog geen inspekteur vir die handearbeidsvakke of die Industriële skole nie en moes Burt van die Normaalkollege die Handwerkvakke in 1917 inspekteer en 'n inspektrise van die Unie-Onderwysdepartement die Huishoudkundige vakke in 1919.[2)] Spesiale regulasies is deur die Departement vir die inspekteur opgestel waarin hul werksaamhede beliggaam is. Al die skoolvakke moet deur elke inspekteur in al die skole in sy rondgang geïnspekteer word. Dit het ipso facto meegebring dat die tegniese en beroepsvakke baie agtertuigegaan het en dat die gehalte werk besonder laag was. Die inspekteursrapporte is egter aan die Skoolrade vir oorweging gestuur en kon dié weer voorstelle aan die Departement i.v.m. die werk van die verskillende skole voorlê.[3)]

(b) <u>Plaaslike Beheer</u>

Die hoogste liggaam in die plaaslike beheerstelsel is die Skoolraad, wat al die korrespondensie en aanbevelings van die Skoolkommissie en die onmiddellike omgewing van die gewone skole en die Beheerrade van die Skedule 3-skole ontvang en oorweeg. Hoewel die Beheerrade verskeie aangeleenthede deur die Skoolraad aan die Departement moes stuur,[4)] het hulle ook direkte skakeling met die Departement sonder oorleg met die Skoolrade gehad. Die Skoolrade het egter beheer gehad oor die gewone skole wat bestaan het uit: laerskole, voortsettingskole, middelbare skole en aandklasse. In hierdie skole is verskeie beroepsvakke soos handelsvakke, handearbeid en Huishoudkunde vir die Skooleindsertifikaat of die Matrikulasie-eksamen van die Gesamentlike Matrikulasieraad voorsien.

---

1. Coetzee: Onderwys in Suid-Afrika, 162.
2. O.D., O.V.S.: Jaarrapport van D.v.O. 1919.
3. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 24 (1)(c).
4. Ibid., art. 24 (7)

(I) Die Skoolrade

Die provinsie is opgedeel in 'n sodanige aantal distrikte as wat die Administrateur van tyd tot tyd by wyse van proklamasie mag bepaal nadat van veranderinge in die Offisiële Koerant drie maande vantevore kennis gegee is. So 'n distrik se grense word bepaal en kan verander word sodat daar nie meer as vyf skole binne die grense is nie. Distrikte kan selfs deur die Administrateur op voormelde wyse saamgegroepeer of van mekaar geskei word.[1]

'n Skoolraad bestaan hoogstens uit nege lede wat deur die Skoolkommissies in die distrikte onder beheer van die Skoolraad op 'n voorgeskrewe prosedure gekies word.[2]

Die Administrateur stel vir elke skoolraad 'n sekretaris aan wat drie ampte in een vervul, naamlik om notule van Raadsvergaderings te hou en sake te reël, skoolgelde te in, en skoolbesoek van leerlinge te beheer en op te tree waar stappe gedoen moet word.[3] Die Administrateur behou die reg om skole, klasse en inrigtinge wat bestaan of wat nog opgerig sal word aan die Raad se jurisdiksie te onttrek by wyse van proklamasie na 'n drie maande kennisgewing in die Staatskoerant, of om sodanige instellinge wat buite die beheer staan, onder die beheer van skoolrade te plaas op die voormelde wyse.[4] Hierdeur kon Beherende Liggame van Skedule 3 skole onder die beheer van die skoolraad van die distrik geplaas word.

(II) Pligte en Magte van Skoolrade

Skoolrade het toesig uitgeoefen oor alle openbare skole, kosinrigtings, klasse en inrigtings binne die distrik wat kragtens die Onderwysordonnansie gestig of in stand gehou is. Hulle het die reg van aanbeveling by die Direkteur oor enige aangeleentheid voortspruitende uit inspeksierapporte, akkommodasie, skoolterreine, personeellede en

---

1. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 8.
2. Ibid., art. 9.
3. Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1920, art. 19.
4. Ibid., art. 23 (1) en (2).

leerlinge in die skole in hulle gebiede. Hulle het verder volle beheer oor skoolgeboue, koshuise en onderwyserswonings.[1)]

Die finansiële verpligtinge van die skoolrade is nie net in die Ordonnansie bepaal nie,[2)] maar is ook in regulasies omskryf wat nie herroep is nie en in 1909 geproklameer is.[3)] Verder moet die skoolraad state en statistieke van die skooldistrikte aan die Departement voorsien so dikwels as wat dit opgeëis word.[4)] Die skoolraad kan met toestemming van leerkragte en skoolkommissies personeellede van skool tot skool verskuif nadat die Direkteur in die saak geken is.[5)] Sake wat aan skoolrade deur die skoolkommissies of beheerrade voorgelê word, kan deur die Raad afgehandel word sonder om die Direkteur te raadpleeg, maar die beslissing kan vir verdere oorweging aan die Direkteur voorgelê word deur die ontevrede liggaam.[6)]

Verder moes die skoolrade vrystelling verleen aan leerlinge bo st. 4 wat in diens op 'n ambag is en moes selfs vervolging instel.

(III) Skoolkommissies[7)] vir gewone skole

Behalwe waar die Ordonnansie van 1920 ander voorsiening maak, moet vir elke openbare skool 'n skoolkommissie deur die ouers van die leerlinge wat die skool besoek, gekies word, met die verstandhouding dat elke ouer, afgesien van die aantal kinders op skool, 'n gelyke stem sal hê. Skoolkommissies bestaan uit tussen 5 en 7 lede soos deur die Administrateur vir elke skool bepaal en word vir drie jaar verkies op datums wat deur die Direkteur van Onderwys bepaal word.[8)]

---

1. Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1920, art. (1) tot (4).
2. Ibid., (5)(a), (b), (c), (d).
3. Goewernmentskennisgewing nr. 229 van 1909.
4. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 24 (8).
5. Ibid., art. 24 (9).
6. Ibid., art. 24 (7).
7. Skoolkommissies is behandel omdat hulle die handwerksentra beheer het soos aanbeveel deur die Tegniese Konferensie te Bloemfontein, 1916.
8. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 25 - 26.

### (IV) Magte en Pligte van Skoolkommissies

Skoolkommissies moet aan die skoolrade alle sake voorlê wat hulle in belang en ter bevordering van die skool, die geboue en terreine goeddunk. Hulle mag skoolgeboue binnestap om enige saak of aanklag persoonlik te ondersoek mits die goeie orde in die klas nie gesteur word nie. In oorleg met die hoof kan die lesure vasgestel word, mits die skooldag nie verleng of verkort word nie. Leerlinge kan om verskeie redes deur 'n skoolkommissie uitgesit word, met dien verstande dat 'n ouer hom op die Administrateur kan beroep. Onderwysers kan na vergaderings oor sekere klagtes en sake opgeroep word, maar ontslag of skorsing kan alleen geskied nadat die Departement 'n saak wat deur die skoolraad aanbeveel word, deeglik ondersoek het. Inspeksierapporte oor die werk in die skool kan deur die skoolkommissie in behandeling geneem en aanbevelings in verband daarmee aan die skoolraad voorgelê word.[1]

### (V) Beheerrade van Skole nie onder toesig van Skoolrade nie

Artikel 34 van die onderwysordonnansie van 1920 maak voorsiening vir die daarstelling van beheerrade vir skole wat kragtens artikel 23 subseksie 2 nie onder toesig van skoolrade geplaas is nie en die regulasies en pligte kan van tyd tot tyd deur die Administrateur in die Staatskoerant aangekondig word.[2] Benewens sekere hoërskole is die volgende ambagskole buite die beheer van die skoolrade gelaat en onder toesig van kuratoria geplaas:[3] Bloemfonteinse Ambagskool; Ficksburgse Ambagskool; Goedemoed se skool; Ladybrand se Ambag- en Landbouskool; Voorbereidende Tegniese skool, Bloemfontein; Tweespruit se Landbouskool.

Vir al hierdie skole is beheerrade (kuratoria) aangestel deur Goewermentskennisgewings in die Staatskoerant[4] en die regulasies waar-

1. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 33.
2. Ibid., art. 34 (1) en (2).
3. Ibid., art. 68.
4. Sien Goewermentskennisgewing nrs. 131 en 132 van 1909.

volgens die kuratorium opgetree het, is vir elke skool in die Staatskoerant deur die Direkteur van Onderwys bekend gemaak.

(VI) Beheer van die Ambagskole

Ordonnansie nr. 7 van 1917 wat sowel die Skoolwet van 1908 as die Rangskikkingswet van 1910 gewysig het, het bepaal dat die Administrateur enige

> "onderwyser van speciale vakke wat bepaalde tegniese en kommersiële kwalifikasies besit om n deeltydse onderwyser op vaste staf te word",

permanent kan aanstel aan enige skool waar sy dienste nodig is.[1] Origens moes die Administrateur van tyd tot tyd regulasies proklameer vir die skole wat in die spesiale skedule aan die Skoolrade onttrek is.[2]

In artikel 61 van die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1920 word ambagskole[3] in nege subseksies behandel en die inhoud van die skoolwese omskryf.

> "De Ambachtschool heeft voornamelik tot taak, aan jongens, die een ambacht verkiezen als middel van toekomstig levensonderhoud de daarvoor nodige teoretiese en praktiese opleiding te verschaffen."[4]

Die opleidingskursus sluit behalwe die ambag sulke vakke in wat deur die Beheerraad in oorleg met die hoof van die skool en met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys voorgeskryf word en moet drie jaar duur of selfs langer.[5] Die ambagte wat deur die skole voorgeskryf en voorsien word, is die keuse van die Beheerraad na oorleg met die hoof met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys.[6] Die skoolweek is vyf dae[7] maar die aantal ure per dag hang van die hoof van die skool af in oorleg met die Beherende Liggaam.[8]

---

1. Ordonnansie nr. 7 van 1917, art. 6.
2. Ibid., art. 16.
3. In naam Ambagskole, maar in werklikheid Nywerheidskole.
4. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 61(1).
5. Ibid., art. 61 (2) en (3).
6. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 61(5).
7. Ibid., art. 61(6).
8. Ibid., art. 61(7).

Behalwe die instrukteurs vir die ambagte kan ook onderwysers aangestel word om die vakke te gee wat in seksie 3 beoog is.[1] Liggaamlike straf is in ooreenstemming met die voorskrifte van die gewone skole bepaal, terwyl die toelating tot en algemene leiding van ambagskole op voorwaarde geskied wat by wyse van regulasies in die Staatskoerant aangekondig is.[2]

(VII) Regulasies vir Tweespruit

Tweespruit se Landbou-Ambagskool is kragtens seksie 109 (n) van Skoolwet nr. 35 van 1908 in die lewe geroep en is die regulasies in die Staatskoerant van 16 Augustus 1918 geproklameer. Die skool het vakke vir seuns en dogters aangebied, maar aansoekvorms moes vergesel gegaan het van 'n sertifikaat van goeie gedrag, uitgereik deur 'n predikant, magistraat of prinsipaal van 'n openbare skool en moes die Beheerraad op vasgestelde datums jaarliks bereik. Die Beheerraad kon leerlinge na deeglike ondersoek ontslaan as die vordering en die gedrag onbevredigend is. Ouers kan egter 'n beroep op die Direkteur maak om die gevoelde onreg te herstel.[3]

Die leerlinge moet op die plaas inwoon en die reëls stiptelik nakom wat deur die Departement òf die Beheerraad òf die hoof neergelê is vir skooldissipline. Losies, sowel as lesgelde is nie gevorder nie, maar die leerlinge moes sonder vergoeding al die werk doen wat van hulle verwag word. Kinders wat te behoeftig was, kon deur die Beheerraad van klere voorsien word, maar al die kandidate vir inskrywing moet minstens st. 4 geslaag het en mag die skool nie verlaat voordat hulle die driejarige kursus voltooi het nie.[4]

Op finansiële gebied het die Beheerraad baie vryhede geniet, want hulle het die reg gehad om materiaal aan te koop en verslete gereed-

---

1. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 61(4).
2. Ibid., art. 61 (8) en (9).
3. Staatskoerant 16 Augustus 1918. Regulasies van Tweespruit se Landbou-Ambagskool.
4. Regulasies vir Tweespruit, art. 9 en 10.

skap te vervang ooreenkomstig die "Tenderraad Regulasies". Nuwe voorrade plaasmasjiene of aanvangs- en bykomende uitrusting vir die boerdery of die koshuise kan alleen aangeskaf word met die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys. Op aanvraag het die Provinsiale Administrasie van tyd tot tyd voorskotte aan die Beheerraad toegeken, waarvan die Superintendent die sekretaris is, ter bestryding van noodsaaklike uitgawes, maar gelde kon alleen aangewend word as die Beheerraad die uitbetaling bekragtig het. Al die inkomstes is in die Staatskis gestort en geen slegte skulde mag sonder die goedkeuring van die Administrateur afgeskryf word nie.[1)]

Al die regulasies vir die spesiale skole wat nie onder die skoolraadstelsel geval het nie, is in die Staatskoerant aangekondig nadat die Provinsiale Raad dit goedgekeur het[2)] en was van krag sewe dae na die sitting van die Provinsiale Raad. Sowel die Provinsiale Raad as die Administrateur het die reg gehad om sulke regulasies te wysig en te verander.[3)]

(VIII) Regulasies vir Ficksburg

In 1917 is die regulasies vir die Industriële Skool van Ficksburg opgestel en geproklameer.[4)]

Ooreenkomstig hierdie regulasies is slegs leerlinge toegelaat wat st. 4 geslaag het en tussen die jare 14 en 15 was. Die kursus het drie jaar geduur en kandidate wat toe 16 jaar was, kon eers in hul negentiende jaar die skool verlaat. Ten einde die ooreenkoms tussen die kind en die skool bindend te maak, moes ouers of voogde ŉ vorm van instemming met die voorwaardes onderteken.[5)]

Die Kuratore het egter die reg gehad om ŉ leerling na deeglike ondersoek te ontslaan as sy gedrag of vordering onbevredigend is. Die

---

1. Regulasies vir Tweespruit, art. 13 tot 22.
2. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 94 (1).
3. Ibid., art. 94 (2) en (3).
4. Provinsiale Gazette 1917, 1995.
5. Regulasies van Ficksburg se Industriële skool, art. 1 - 4.

Departement se goedkeuring vir ontslag is egter onontbeerlik. Verder kon die Kuratore die behoeftige leerlinge met goedkeuring van die Departement losies of klasgelde geheel en al of gedeeltelik kwytskeld.

(IX) Pligte van Kuratoria

Die Kuratorium moet toesien dat slegs die aantal leerlinge soos deur die Departement bepaal, toegelaat word en hierdeur is die ontwikkeling van die skool baie gekortwiek. Voorts moes al die materiaal vir gebruik in die koshuise en werkwinkels deur die Kuratorium aangekoop word in ooreenstemming met die regulasies van die Tenderraad en met goedkeuring van die Departement van Onderwys.[1] Die Kuratorium is verantwoordelik vir al die uitgawes en inkomstes en moes behoorlik boekhou van alle gelde wat slegs deur tjeks uit die bank getrek kan word deur die voorsitter en die sekretaris wat die Superintendent van die skool moet wees. Die uitgawes moes geneem word van die voorskotte wat die Departement van tyd tot tyd aan die skool maak en alle inkomstes moes van kwitansies voorsien wees en in die staatskis gestort word. Aan die einde van elke maand moes 'n staat van alle inkomstes aan die Provinsiale Rekenmeester voorgelê word sowel as 'n balansstaat. Vir inwoning en kos kon hoogstens R90.00 per jaar per leerling uitbetaal word, hoewel dit nie die verbruikte materiaal en gereedskap in die skool ingesluit het nie. Die kontrole van die verkoopspryse vir vervaardigde artikels is ook vir die rekening van die Kuratorium geneem. Van die regulasies kon slegs met goedkeuring van die Departement afgewyk word.[2]

Al die industriële of ambagskole het soortgelyke regulasies gehad wat deur die Provinsiale Raad goedgekeur moes word. Vir die Politegniese Kollege in Bloemfontein en die Onderwyskollege aldaar is egter aparte en uiteenlopende regulasies voorgeskryf, waarvan net diè van die Politegniese Kollege behandel sal word.[3]

---

1. Regulasies vir Ficksburg se Industriële skool, art. 15 en 16.
2. Ibid., art. 17 - 23.
3. Die Politegniese Kollege het ook aan kandidate onderrig gegee wat nie onderwysers wou word nie.

## (X) Regulasies vir die "Normaal- en Polytechniese Kollege"

Ooreenkomstig die regulasies wat deur die Administrateur vir die Normaal- of die Politegniese Kollege geproklameer is, moes kandidate die Matrikulasie- of 'n gelykstaande sertifikaat besit het, voor hulle in enige van die twee inrigtings toegelaat kan word.[1] 'n Tegniese student in Huishoudkunde, Handearbeid of Handelskennis moes die praktiese opleiding in die Politegniese Kollege geniet en die onderwysdiploma aan die Onderwyskollege neem.[2]

Kandidate is in Musiek opgelei vir die Lisensiaateksamen, Vokaal en Instrumentaal, asook in die Teken- en Skilderkuns vir 'n tweejarige diploma wat die Inrigting uitgereik het. Verder is kandidate vir die Spin- en Weefskole opgelei deur 'n kursus wat minstens 1½ jaar geduur het en daarna kon hulle regstreeks by die Huisnywerheidsraad as leerkragte in diens tree.[3]

Losieskostes het vir privaat studente R90.00 beloop en vir aspirant-onderwysers R100.00 per jaar, terwyl die lesgelde per kwartaal vir die eerste jaar R4.20, vir die tweede jaar R5.50 en vir die derde jaar R6.30 per kwartaal bedra het. Die studente kon 'n gesamentlike kursus loop met òf Huishoudkunde òf Handearbeid as praktiese vakke of hulle kon 'n handels-, musiek- of skilderkuns- of tekenrigting inslaan en is ekstra fooie daarvoor gehef. Hierdie fooie word dan voorts in die volgende afdelings behandel. Vir elke vak wat gevolg word, is 'n bydrae geëis sodat vir Huishoudkunde R1.50, vir Handearbeid R2.50 en Handelsvakke R4.00 gevorder is. Privaat leerlinge het per les betaal en moes van 20 sente tot R1.06 per vak betaal. Al die fooie moes vooruit betaal word en kon terugbetaling alleen geskied as die leerling medies onbevoeg word.[4]

---

1. Regulasies is in die Prov. Gazette van 1918 gepubliseer.
2. Ibid., 1008.
3. Regulasies vir die Normaal-Politegniese Kollege, Bloemfontein so geproklameer in die Prov. Gazette van 1918, 1009.
4. Ibid., 1010.

(XI) Beheer van Voortsettingsonderwys

Die gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1920 bekragtig aandklasse asook voortsettingsklasse in sentra wat deur die Administrateur goedgekeur is en kon leerlinge van die gewone skool vrygestel word, mits hulle na st. 4 in diens tree en hierdie klasse gereeld bywoon tot hul 18de jaar.[1] Elke ouer is deur hierdie Ordonnansie verplig om sy kinders tot die voleinding van die laerskoolkursus op skool te hou en wanneer hulle in diens tree, moet hulle n sertifikaat van die eindstanderd in naam van n inspekteur van onderwys in hul besit hê of tot hul agtiende jaar voortsettingsklasse bywoon.[2] Die voortsettingsklasse word gehou gedurende ure wat die Administrateur in die Provinsiale Gazette aankondig.[3]

Vir nalatige skoolbesoek kan n boete van R20.00 opgelê word of 30 dae gevangenisstraf en die kontrole daarvan het in die hande van die Skoolrade berus.[4]

Waar die stigting van die aandklasse voorheen in die hande van die Skoolrade was, is dit na 1920 na die Administrateur oorgeplaas.

> "De Administrateur kan van tyd tot tyd klassen stichten of onderhouding voor het geven van onderwys ter aanvulling of ter voortsetting van het onderricht in de openbare school gegeven."[5]

Leerkragte wat by die aandklasse onderrig gegee het, kon deur die Departement van Onderwys vergoed word ooreenkomstig n aangekondigde skaal maar hulle kan dit selfs sonder enige vergoeding doen.[6]

In Ordonnansie nr. 10 van 1920 het die Provinsiale Administrasie aan al die ambagskole en "scholen voor speciale doeleinden" gratis onderwys toegestaan tot die hoogste standerd vir die middelbare skool.[7]

---

1. Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 39(a).
2. Ibid., art. 39(b).
3. Ibid., art. 39(d).
4. Ibid., art. 40.
5. Ibid., art. 64(1).
6. Ibid., art. 64(3).
7. Ordonnansie nr. 10 van 1920, art. 6.

(c) Samevatting

Sedert 1916 het baie min veranderinge in die beheerstelsel i.v.m. die onderwys in die O.V.S. plaasgevind. Verskeie ambagskole is gestig maar hulle is beheer op die wyse wat vir die Skedule 3-skole voorgeskryf is in die Onderwyswet van 1908 soos gewysig in 1910 en 1913.

In 1920 het die Provinsiale Raad nes in Kaapland 'n Gekonsolideerde Onderwysordonnansie aangeneem wat al die vorige wetgewing herroep, vervang of gewysig het. Hierdie Ordonnansie het die tegniese en beroepsonderwys in die hande geplaas van kuratore wat die skole deur spesiale regulasies beheer het. In die gewone volkskole en voortsettings- of middelbare skole, is beroepsvakke aangebied in verskillende rigtings sodat daar slegs een skool behalwe die Politegniese Kollege was wat handelsvakke na skoolure aangebied het t.w. die Brebnerskool.

Die meeste van die regulasies wat by die stigting van die beroepskole geproklameer is, het in swang gebly totdat die skole deur die Unie-Onderwysdepartement in 1924 oorgeneem is.

5. BEHEER OOR TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN NATAL VAN 1916 TOT 1924

Inleiding

Waar Natal seker meer as enige ander provinsie die oorlogspoging van die Unie van Suid-Afrika en Brittanje met mannekrag en geldelike hulp gesteun het, is die onderwys nie altyd na wense beheer nie. Verskeie uitvoerende amptenare het by die leër aangesluit en daardeur leemtes gelaat wat terdeë in die onderwys gevoel is.

Daarom is die ordonnansies wat veranderinge in die stelsel aangebring het, besonder beperk. Die jaar na die oorlog het egter weer met doelstellinge begin wat goeie vrugte afgewerp het. Finansiële onvermoë het egter baie daartoe bygedra dat die planne met die grootste versigtigheid benader is en selfs onrus onder die personeel van die tegniese kolleges gebaar het, met die gevolg dat leerkragte bedank en ander poste gaan soek het.

(a) Beheer oor Tegniese en Beroepsvakke in die gewone skole

In 1916 is belangrike wysigings in die Ordonnansie van 1910[1] aan-

1. School Bezoek Wet nr. 6 van 1910.

gebring, wat skoolbesoek tot die veertiende jaar binne die driemylgrens verpligtend gemaak het. Nieteenstaande die Provinsiale Onderwysdepartement staatskoshuise in die lewe geroep het om die plattelandse kinders by staatskole te herberg, het die ouers tog nog met die privaat skole voortgegaan en selfs baie leerlinge buite die bepaalde grensreëling het geen onderwys geniet nie. Met die oog op die feit dat daar allerweë klem gelê is op die bestryding van die armblankedom, is behoeftige leerlinge kosteloos in die koshuise toegelaat.

### (I) Behoeftige leerlinge

Die Wysigingswet van 1916 bepaal dan in artikel 1 dat wanneer 'n leerling tot 'n Goewermentskoshuis toegelaat word sonder die betaling van kosgelde, of in ontvangs is van 'n toelae, daar van die ouer of voog verwag word om 'n toestemming te teken om die kind onder bepalinge van hierdie Ordonnansie te plaas vandat hy die laerskool kan verlaat tot sy agtiende jaar.[1)]

Artikel 2 verplig die ouer om die kind na enige skool of kursus wat die Superintendent in belang van sy toekoms ag, te laat gaan totdat die voorgeskrewe tydperk verstreke is.[2)]

Hierdie Ordonnansie het in die oog gehad 'n direkte poging van die Provinsiale owerheid om d.m.v. onderwys die Westonskool in 'n nywerheidskool om te skep. Dit blyk dan ook dat die leerlinge wat tot die skool toegelaat is, in so 'n mate behoeftig was dat hulle nie vir die losies of die onderrig kon betaal nie.[3)] Origens wasvan die leerlinge fisies en verstandelik ongeskik vir die soort opleiding wat Weston eintlik kon aanbied, en daarom is op aandrang van sowel die Tegniese Adviseur as die Mediese Inspekteur hoër eise aan die nuwe leerlinge gestel.[4)]

### (II) Vakleerlinge

Gedurende 1918 het twee belangrike sake die beheer van die skole

---

1. De School Bezoek Ordonnantie 1916, art. 1.
2. Ibid., art. 2 (1).
3. Rapport van Tegniese Adviseur vir 1920.
4. Ibid. en Rapport van Mediese Inspekteur van Skole, 1918.

in Natal beïnvloed. Eerstens het die instelling van die Jeugrade vir die beheer van die opleiding van leerlinge wat pas skoolverlatingsouderdomme bereik het, in Durban aanklank gevind deurdat die Departement van Mynwese daar self ŉ Jeugraad aangestel het wat die voortsettingsonderwys moes reël. Daarop het die Natalse Uitvoerende Komitee in Pietermaritzburg ŉ soort gelyke liggaam ingestel om die soort onderwys in hierdie stad te bevorder.[1] Ook in die gewone skole se handwerksentra is vakleerlinge in beroepsvakke onderrig.

(III) Geneeskundige Beheer

ŉ Tweede belangrike Ordonnansie is "ter voorsiening in het Geneeskundige Onderzoek van Scholen".[2] Kragtens hierdie Ordonnansie het die Mediese Inspekteur van Skole die reg om enige inrigting van onderwys te inspekteer.[3] Eerlang het dan ook geblyk dat een geneeskundige nie al die werk kon behartig nie en is ŉ tweede aangestel toe dr. Sharp dr. Thomson se plek ingeneem en dr. Baird assistent-geneesheer geword het.[4]

(IV) Organiseerders vir Praktiese Vakke

Net na die oorlog het Tait weer sy pos aanvaar en het die S.O. Percival Kirby as opsigter oor musiek aangestel, terwyl O.K. Winterton oor voortsettingsonderwys aangestel is. In 1919 is O.J.P. Oxley vir die Kunsonderwys en Mary Cresswell vir Huishoudkunde aangestel.[5] Hierdie instrukteurs het nou die gewone inspekteurs in die beroepsvakke vervang en met die gratis onderwys en uitrusting wat voorsien is,[6] het daar nuwe lewe in die praktiese vakke gekom, want in 1920 is ook ŉ inspekteur net vir tegniese beroepsonderwys deur die S.O. benoem.[7]

Nuwe salarisskale vir onderwysers is in 1920 deur die Departement van Onderwys aangekondig sowel as nuwe regulasies vir aanstellings

---

1. N.O.D.: Jaarrapport van Dukes vir 1918, 3.
2. Ordonnansie nr. 4 van 1918.
3. Ibid., art. 1.
4. N.O.D.: Jaarrapport van S.v.O. vir 1920.
5. Ibid.
6. Ordonnansie nr. 10 van 1918.
7. N.O.D.: Ibid., 1920, 2.

waarkragtens die Tegniese Adviseur se salaris van R1100.40 na R1300.00 geklim het. Die Huishoudkunde-instruktrise is aangestel op 'n skaal van R600-30-R900.00 en die instrukteur vir Handwerkvakke van R700-40-R1,000.00.[1] Die Tegniese Adviseur het aanbevelings by die S.O. gemaak oor tegniese en beroepsonderwys wat verskag is in die Tegniese Kolleges, die voortsettingsonderwys en die Westonse Lanbou-ambagskool.[2]

(b) Beheer oor die Weston se Landbou-ambagskool

Soos voor 1916 het hierdie skool nog steeds onder beheer van die Superintendent van Onderwys gestaan, sonder selfs 'n Advieskomitee soos baie skole gehad het in ooreenstemming met Wet nr. 5 van 1910. Hierop het Dukes in 1918 verklaar dat die Wet nutteloos is.

> "The fact that the Committees are not endowed with any executive power may be, and probably is, the reason why so little interest has been taken in their working." [3]

Behalwe dat die hoof en personeel beheer uitgeoefen het oor die leerlinge, en die mediese inspekteur die leerlinge ondersoek het of hulle fisies en verstandelik kan baat by die soort opleiding, het daar geen ander beheerliggaam vir die skool bestaan nie. In 1920 egter het die Tegniese Adviseur die skool besoek en drastiese veranderings aanbeveel omdat hy die skool in die eerste plek as 'n landbouskool en tweedens as 'n soort ambagskool beskou het.[4] Hy het dus beheer oor die skool uitgeoefen saam met die Superintendent van Onderwys en die hoof van die skool.

Deur die toedoen van die skakelbeheer tussen die hoof en die Superintendent van Onderwys het die rigting wat die onderwys in die skool ingeslaan het, na 1920 heelwat afgewyk van dit wat as gevolg van die "School Bezoek Amendament Ordonnantie" van 1916 voorsien is. Daar is weer betalende leerlinge toegelaat wat as landboukundiges opgelei kon

---

1. Prov. Kennisgewing nr. 302 van 1920 af.
2. Sien jaarverslae van Tegniese Raadgewer van 1920 af.
3. N.O.D.: Jaarrapport van S.O. vir 1918, 4.
4. Jaarverslag van Gardham vir 1920.

word en die behoeftige leerlinge is by sowel die Paaiedepartement as die Spoorweg en Poswese in diens geplaas vir verder beroepsopleiding in die ambagte.[1]

> "The new policy for the Weston School provides for the admission of only such indigent or voluntary free boys as are mentally sound and physically fit to benefit by the course of training, and for whom it may be reasonably be hoped to find an outlet on the completion of that course. The school is one of agriculture not one of trades."[2]

Die Hofmeyerkommissie het egter die skool skerp gekritiseer omdat daar geen plaaslike beheerraad bestaan het nie, en aangevoer:

> "Zodanige Komitee behoort aangesteld te worden met een aanmerkelike beschikkingsvermogen."[3]

In 1920 het die Administrateur d.m.v. ŉ Provinsiale Kennisgewing[4] ŉ nuwe stel regulasies geproklameer waarvolgens die Westonse skool beheer is. Die hoof van die skool het volle beheer gehad en het direk onder die Tegniese Adviseur gestaan, wat op sy beurt weer verantwoording aan die Superintendent van Onderwys verskuldig was.

(c) Beheer oor voortsettingsonderwys

Met die instelling van die jeugrade deur die Unie-regering is in 1918 in Durban ŉ Jeug-adviesraad deur die Departement van Mynwese benoem wat ten doel gehad het die opleiding van seuns en dogters wat nog nie ŉ laerskoolsertifikaat verkry het nie en reeds in diens van sakeondernemings of staatsdepartemente is.[5] Hoewel die Voortsettingsonderwys deur die Jeugrade gereël en georganiseer is, het die Natalse Onderwysdepartement die kostes vir uitrusting en opleiding gedra.[6] Die Jeugraad het uit sowel vooraanstaande sakemanne as verteenwoordigers van die Poswese en Spoorweë bestaan.[7]

---

1. Jaarverslag van Gardham vir 1920.
2. Ibid.
3. U.G. 19 - 1924, 58.
4. Prov. Kennisgewing nr. 298 van 1920.
5. Jaarverslag van organiseerder Winterton vir 1918.
6. Ibid.
7. Ibid.

Die Pietermaritzburgse Jeugraad is saamgestel deur die Uitvoerende Komitee van die Provinsie en het bestaan uit verskeie hoofde van skole in die stad asook uit verteenwoordigers van die Kamer van Koophandel, die Spoorweë ensomeer.[1] Hier is nie 'n spesiale organiseerder aangestel nie, maar die Jeugraad het die Voortsettingsonderwys self georganiseer. Hoewel die ondervinding geleer het dat werkgewers nie graag hul werkers gedurende die werkdag afgee om hul opleiding te verbeter nie, is die verwagting dat verpligting opgelê moet word, ten uitvoer gebring deur die Vakleerlingwet van 1922.[2]

Die Departement van Onderwys het ook in Ladysmith, Dundee en Greenwoodpark Voortsettingsklasse gereël, waarby in die behoefte van die seuns van die Spoorweë te Ladysmith voorsien is. Verder is handelsklasse te Dundee en Greenwoodpark ingestel. Die Tegniese Adviseur het egter beheer oor die inhoud en organisasie van Voortsettingsonderwys van 1920 af gehad, want hy het selfs nuwe stelsels ontwerp en deur die klasse laat toepas.[3]

### (d) <u>Beheer van "Natal Technical College" tot 1922</u>

Gedurende die oorlogsjare het die naam "Tegniese Instituut" deur 'n besluit van die Raad van die inrigting verander na "Durban Technical College",[4] op aanbeveling van Coleman wat verklaar het:

> "The scheme of technical instruction involving organised courses in accordance with the scheme of the National Advisory Board was now largely adopted throughout South Africa. This scheme was upon the same lines as those which had been adopted at Durban before the establishment of the Advisory Board."[5]

Die strewe van die Kollege was om hoër onderwys te voorsien en nadat Venner in 1915 na Pietermaritzburg deur die Departement van Onderwys oorgeplaas is, is John Adams as hoof van die Kunsskool aangestel.

Op hierdie stadium het die S.O. die Tegniese Kollege in kennis ge-

---

1. N.O.D.: Jaarrapport van S.v.O. vir 1918, 3.
2. Wet nr. 26 van 1922.
3. Jaarverslae van Gardham van 1920 af.
4. Notule van vergadering van die Raad, 5 November 1915.
5. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 89.

stel dat

> "since Mr. Adams' time is already rather fully occupied it is thought that it would be better to put the whole of Art work in the Province under the direction of a fully competent organising instructor."[1]

Vir die doel het die Departement reeds in die begroting voorsiening gemaak. Na twee jaar is die aanbod selfs aan Adams gemaak, maar hy het dit geweier. In 1920 het Adams bedank en is O. Oxley in sy plek aangestel en is die pos van Kunsorganiseerder nie weer gevul nie.[2]

(I) <u>Stelsels van Advieskomitees</u>

In die Tegniese Kollege self het Adams egter die grondslag van 'n nuwe stelsel van beheer gelê deur die eerste Advieskomitee van die Kollege te benoem om hom in die werk by te staan.

Reeds in 1917 het die prinsipaal hom sterk beywer om Advieskomitees vir die verskillende afdelings in navolging van die stelsel van Adams in te stel. In sy memorandum vra hy 'n Advieskomitee vir die Ingenieursafdeling, bestaande uit verteenwoordigers van die Natal Institute of Engineering; Amalgamated Society of Engineers (Trade Unionists); Master Engineers Association; Master Builders Association; Natal Trades Association; Borough Engineer's Department; Durban Municipal Tramways Department; Telegraph and Telephone Department en Natal Institute of Architects.[3]

So het hy gevra vir die goedkeuring van Advieskomitees vir die Handelsafdelings, vir die Skeikunde-afdelings, vir die Huishoudkunde-afdeling en die Sosiale Wetenskappe. Teen 1923, toe die Kollege sy eerste geïnkorporeerde raad ontvang het, is al veel gedoen om langs hierdie weg die Kollege in die daelikse lewe van die groeiende stad in te span. Tog het die Wet[4] voorsiening gemaak vir die instelling van die Advieskomitees om alle liggame in die sake van die Kollege te interesseer.

---

1. Skrywe van Mudie aan Narbeth, einde 1916.
2. N.O.D.: Jaarrapport van S.O. 1920, 2.
3. Memorandum van Narbeth aan Kollegeraad, 19 September 1917.
4. Hoër-onderwyswet van 1923.

(II) Finansiële nood

Met die inskakeling van die Kollege by die Universiteitskollege te Pietermaritzburg is die naam "Natal Technical College" aanvaar veral omdat die Russell- Onderwyskommissie verklaar het:

> "it is a local institution, and in the opinion of members of the Provincial Council representing the up-country districts, the institution is of no benefit to their districts."[1]

Dit was egter 'n ontnugtering vir die Kollege-owerhede om te wete te kom dat dit die rede was waarom die Uitvoerende Komitee van die Provinsie nie die nodige fondse kon stem nie.[2]

Die finansiële toestand van die Kollege het in 1922 so versleg dat Campbell 'n beroep op sowel die parlementslede van Natal as die senatore gedoen het om in die debat oor die Finansiële Verhoudingswet sterk steun aan die Kollege te verleen. Ook het Campbell aan John X. Merriman 'n telegram gestuur om sy hulp in te roep behalwe dat 'n afvaardiging die Minister in Kaapstad gaan spreek het terwyl die Wet onder behandeling was. Ten einde die Kollege te red, is in die finansiële wet die omskrywing van die term "hoër onderwys" gedoen sodat fondse onmiddellik beskikbaar gestel kon word.[3]

(III) Omskrywing van die Term "Hoër Onderwys"

Omdat die Kollege hom op die terrein van die hoër onderwys begewe het, het die Unie-Onderwysdepartement in 1922 die Inrigting oorgeneem[4] en in die Hoër-onderwyswet van 1923 voorsiening gemaak vir 'n konstitusie met 'n statutêre basis.

In die Finansiële Verhoudingswet van 1922 is dan ook 'n einde gemaak aan die dubbelsinnige betekenis van die woord "hoër onderwys" soos dit in die Suid-Afrika-wet gebruik is deur die omskrywing wat in die Wet deur die Volksraad goedgekeur is. Hoër onderwys is nou omskryf as:

---

1. Rees, Wyn: Natal Technical College 1907 - 1957, 154.
2. Ibid.
3. Ibid., 146.
4. Goewermentskennisgewing nr. 1601, 29 September 1922.

(i) "Education provided by Universities and University Colleges incorporated by law;

(ii) Education provided by the South African Native College (at Fort Hare);

(iii) Education by such tebhnical institutions (including Schools of Art, Music, Commerce, Technology, Agriculture and Domestic Science) as the Minister may declare to be places of higher education;

(iv) Such part of the education provided by other Technical Institutions as the Minister of Education may, after consultation with the Provincial Administration concerned, declare to be higher education;

(v) Any other education which, with the consent of the Provincial Administration concerned, the Minister of Education may declare to be higher education."[1]

(e) <u>Beheer van "Pietermaritzburg Technical Institute"</u>

Die regulasie en toelatingsvereistes wat vir 1914 van toepassing was, het bly voortbestaan totdat die Inrigting in 1926 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is. Die hoogste gesag was nog steeds die Raad wat die toelae sowel van die Provinsiale Raad as van die Stadsraad saam met die klasgelde in belang van die inrigting as 'n geheel aanwend. Die Raad het 'n Studiekomitee saamgestel om aanbevelings oor die kursusse in die Inrigting te doen, maar met die aanstelling van die Tegniese Adviesraad en hul organiseerder, Coleman, is daarop aangedring dat die toelatingsvereistes die Junior Tegniese Sertifikaat van die Unie-Onderwysdepartement behoort te wees. Hierdie vereistes sou volgens die Raad nadelig vir die Inrigting wees en daarom is by die vorige vereistes gebly.[2] Ook die eksamens en kursusse wat die Unie-Onderwysdepartement voorgeskryf het, is beskou as minder doeltreffend as die oorsese kursusse en eksamens en wou liefs by laasgenoemde gehou word.[3]

(I) <u>Aanbeveling oor Samestelling van nuwe Raad</u>

Weldra het die finansiële nood egter die Kollegeraad sag gemaak en toe hulle geen hulp by die Uitvoerende Komitee van die Provinsie kon vind om met hulle werksaamhede aan te gaan nie, is 'n afvaardiging

---

1. Seksie 11 van Wet nr. 5 van 1922.
2. Notule van 26ste Vergadering van Studiekomitee, 8 - 11, 1915.
3. Seymour Hosley: Pietermaritzburg Technical College, 1910 - 1931, 8.

na Pretoria gestuur. Hulle het aangeneem dat al die tegniese en beroopsonderwys in 1924 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem sou word, maar hierdie advies van die Administrateur van Natal was ietwat voorbarig. Die Raad het derhalwe op hul eerste sogenaamde "laaste vergadering" besluit om die naam "Instituut" te verander na "Pietermaritzburg Technical College" en is ŉ subkomitee benoem om aanbevelings by die Sekretaris van Onderwys te doen ten effekte dat die nuwe Raad uit die volgende liggame saamgestel moet word.[1)]

4 verteenwoordigers benoem deur die Minister
2 verteenwoordigers benoem deur die Studiekomitee
2 verteenwoordigers benoem deur die Stadsraad
1 verteenwoordiger benoem deur die Spoorweë
1 verteenwoordiger benoem deur die Poswese
2 verteenwoordigers benoem deur die Superintendent van Onderwys in Natal
1 verteenwoordiger benoem deur die Kamer van Koophandel
1 verteenwoordiger benoem deur die Tremweë
1 verteenwoordiger benoem deur die Elektriese Departement
1 verteenwoordiger benoem deur die Handelsgemeenskap
1 verteenwoordiger benoem deur die Klerklike gemeenskap
1 verteenwoordiger benoem deur die Rekenmeestersvereniging
1 verteenwoordiger benoem deur die Boumeestersvereniging
1 verteenwoordiger benoem deur die Posingenieursvereniging
1 verteenwoordiger benoem deur die Vervaardigersvereniging
1 verteenwoordiger benoem deur die Universiteitskollege
1 verteenwoordiger benoem deur die Geamalgameerde Ingenieursunie.

Die Raad het in 1925 egter nog gefunksioneer omdat die oorname deur die Unie-Onderwysdepartement nog nie plaasgevind het nie. Daar is toe besluit om met die gewone vergaderings van die Raad weer te begin aangesien daar al "twee keer vir die oorname afsluitingsvergaderings" gehou is. Eers op 12 Augustus 1926 kon die nuwe Raad konstitueer as ŉ

> "Corporated Body in which all rights and powers of the government of the College were vested."[2)]

Die eerste behoorlike vergadering van die geïnkorporeerde raad het dan op 20 Oktober 1926 plaasgevind.[3)]

(II) Finansiële Behoeftes

Aangesien Gardham, die Tegniese Adviseur vir Natal, sterk aanbe-

1. Notule van Subkomitee-vergadering, 18 Februarie 1925.
2. Notule van Konstitueringsvergadering, 20 Augustus 1926.
3. Ibid.

voel het dat onderhoofde vir die verskillende afdelings aangestel moet word, het die Raad besluit om die afdelings wat nie goeie getalle studente trek nie, te sluit. So is die Loodgieters- asook die Kleremakersafdeling gestaak. Met die toename van studente in ander afdelings en verdere uitbreiding het dit noodsaaklik geword om groter bedrae geld te bestee. Eerstens is alle onbruikbare uitrusting van die hand gesit om noodsaakliker benodigdhede aan te skaf.[1)]

Op die vergadering van Maart 1924 het die Tesourier daarop gewys dat die Inrigting ŉ baie moeilike jaar agter die rug het en dat verdere somme geld verkry moet word of dat sekere afdelings ingekort sal moet word. Dit is egter te betreur omdat

> "the work is increasing and the Institute is going ahead."[2)]

Toename van uitgawes in die Handelsafdeling alleen het ŉ verdere R500.00 geverg en

> "we are paying our staff anything from £100 to £200 a year less than the staff of Trades' Schools in other parts of the country. Yet they are doing higher work, have no pension rights nor privileges."[3)]

ŉ Nuwe salarisskaal vir onderwysers is deur die Beheerraad opgestel en het die hoofskaal tot R1500.00 opgeskuif. Verdere uitgawes aan nuwe afdelings is ook begroot. Vir hierdie ekstra begroting is die Uitvoerende Komitee gepols

> "but (the Executive) felt unable to grant the request of the Institute....."[4)]

ŉ Komitee oor Finansies[5)] het die jaar se uitgawe begroot en hulle het gevind dat

> "the estimated revenue would be £4,525 whereas the expenditure would be £6,734, leaving a deficit of £2,209, which would have to be raised either by means of fees or government grant."[6)]

---

1. Rapport van S.J. Mason die Tesourier, aangeheg by Notule van 19 Maart, 1924.
2. Rapport van Gardham vir die jaar 1923.
3. Rapport van Mason, 19 Maart 1924.
4. Notuleboek van die Pietermaritzburgse Tegniese Kollege-Raad van 1919 - 1926, 213.
5. Die Beheerraad benoem hierdie Komitees.
6. Rapport van ŉ subkomitee aanvaar deur die Raad kragtens die notule van 18 Februarie 1925.

Beroepe op die Provinsie was vrugteloos sowel as ŉ versoek aan die Kamer van Koophandel in Pietermaritzburg. Die uitkoms het egter gekom toe die Unie-Onderwysdepartement in 1926 die Kollege oorgeneem het.

(f) Samevatting

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die tegniese en beroepsonderwys in Natal gestaan, omdat daar geen toesig oor die werk was nie. So vuriglik is die oorlogspoging gesteun dat die Departement toegestem het om die Organiserende Instrukteur, Tait, toe te laat om by die leër aan te sluit en die toesig het feitlik totaal verdwyn. Hierteenoor het die Tegniese Instituut van Pietermaritzburg geweier om hul hoof af te staan aangesien die inrigting te veel sal verloor.

Nog steeds was die beheer van die tegniese en beroepsonderwys, behalwe Weston en die gewone skole, gekonsentreer in twee onafhanklike Rade vir die twee tegniese inrigtings te Pietermaritzbug en Durban. Na die toestand wat geheers het met die Jagger-kommissie se ondersoek kon verwag word dat Natal sou hervorm en die onderwys behoorlik kontroleer. Wat die voortsettingsonderwys betref, moes die Unie-owerheid die voortou neem en self in Durban ŉ Jeugraad stig om die jong werkers deur onderrig beter vir hul lewenstaak toe te rus. Verpligte voortsettingsonderwys is in 1922 deur die Unieregering toegepas om die jong vakleerlinge vir ŉ toekomsberoep voor te berei.

Nieteenstaande die Hofmeyer-verslag sterk aanbeveel het dat Weston die een of ander komitee van beheer moes verkry om plaaslike belangstelling te kweek, is tot die oorname nog aan die sentrale beheer vasgeklou. Die indruk wat die beheerstelsel van onderwys in Natal skep, is dat die Departement waar hy kan al die beheer in homself wil konsentreer en dat die privaat inrigtings teen alle inmenging van hul beheer oor hul inrigtings met ŉ afsydige jaloesie waak.

## 6. ALGEMENE SAMEVATTING

(a) Ontwikkeling

Uit die aard van die saak het al vier die provinsies dadelik voldoen aan die besluit van die konferensies en handwerkvakke soos Tekene, Karton- en Houtwerk, Naaldwerk en selfs Kookkuns verpligtend gemaak vir

die bestaande laer- en hoërskole.[1] Dat die Eerste Wêreldoorlog sake ietwat in die war gestuur het, val nie aan te twyfel nie. Tog is die vakke in al vier die provinsies ingevoer. Omdat die voortsettingsonderwys met trae hande aangepak is, is orals in magistraatsdistrikte Jeug-Adviesrade in die lewe geroep om die soort van onderwys te bevorder. In Durban is dit deur die Departement van Mynwese gedoen wat ook sy eie skool georganiseer het, aangesien die provinsiale outoriteite te traag was.

In bykans elke skool het die voorgeskrewe kursus vir ambagte soos voorgeskryf deur die Tegniese Organiseerder van die Tegniese Adviesraad byval gevind, behalwe in Pietermaritzburg waar aan die skema en eksamen uit London geglo is. Die Tegniese Junior Sertifikaat is in Ambag- en Industriële skole afgelê sowel as die Senior Sertifikaat in Tegniese skole. Vir die dogters het die Tegniese Huisvrousertifikaat gegeld.

Op die gebied van die armblankevraagstuk het die skoolstelsel baie ver uitmekaar gegaan. Die Kaapse stelsel het voorsiening vir nege soorte skole gemaak wat naderhand mekaar se terreine oorvleuel het. Die O.V.S. het losstaande skole vir seuns en dogters op verskeie terreine van die lewe geskep en elke skool het sy eie bestuurskomitee gehas wat op bekwame wyse die skole se belange behartig het. In Transvaal het 'n soortgelyke stelsel bestaan wat ook baie sukses gehad het. In Natal het die leerlinge groot bedrae geverg, maar die resultate was teleurstellend, miskien te wyte aan die feit dat daar nie plaaslike Beheerkomitees was nie.

Waar die ambagskoolstelsel enig in Transvaal was, was die fabriekstelsel weer eie aan die O.V.S. waar dit skitterende resultate gehad het. Landbou-opleiding het in elke provinsie in die lug bly hang, behalwe vir die bietjie wat in die gewone skole gedoen is. Daarenteen het voortsettingsonderwys in verskillende vorme in al vier provinsies die aandag geniet.

---

1. U.G. 9 - 1917, 18.

(b) Beleid

Deur beïnvloeding van die besprekings en besluite van die Tegniese en Beroepskonferensies te Pretoria en Bloemfontein, het die Provinsiale Onderwysdepartement hierdie afdeling van die volkstoerusting in min of meer dieselfde rigting probeer stuur. Uit die aard van die saak het die metodes en wyse van uitvoering by die reeds bestaande stelsels aangepas en daarom het dit van provinsie tot provinsie verskil.

Ten eerste het die konferensie uniformiteit in die opleidingskursus en die daaropvolgende eksamen bepleit. Daar het verder 'n sterk gevoel bestaan dat elke leerling in die skole 'n sekere mate van handvaardigheid moet opdoen deur doelgerigte praktiese handwerkvakke. Die armblankevraagstuk is in die besonder oorweeg en daarom moes elke skool die leerlinge van die omgewing herberg ên oplei sonder enige vergoeding van die ouer se kant. Sodoende het die beursstelsel in swang gekom.

Die direkte tegniese en beroepskursusse moes die hele volkshuishouding dek. Waar daar nie beroepskole bestaan het nie, moes voortsettingsonderwys ingevoer word. Landbou-opleiding was veral 'n noodsaaklikheid op die platteland, aangesien die groot volksverskuiwing gestuit moes word. Skoliere moes deur wetgewing verplig word om ingeskrewe vakleerlinge te word. Bywoning van klasse in Ambag- en Tegniese skole is beskou as 'n inkorting van die verpligte tydperk van inskrywing. Daar sou ook Adviesrade aangestel word om jong werkers te plaas en toe te sien dat hulle nie uitgebuit word nie.

Ten einde aan die gedagte van eenheidstrewe in die onderwys gehoor te gee, het die Jagger-kommissie getuienis te dien effekte aangehoor en aanbeveel dat die Unie alle onderwys moet oorneem en dat die Provinsiale Raad-stelsel opgehef moet word omdat die provinsies al verder uitmekaar dryf.

(c) Beheer

(I) Punte van Ooreenkoms en Verskil in die Provinsies

In die geval van Transvaal, Natal en die O.V.S. het die Departement van Onderwys dit gerade geag om liefs werklokale aan gewone skole te verbind as om nuwe tegniese en beroepskole op te rig. Uit sommige

van hierdie afdelings is dan later nuwe beroepskole gestig.[1]

Die tegniese en beroepsinrigtings het oor die algemeen hul eie bestuurslede gehad wat direk onder die Direkteurs van Onderwys gestaan het. Die enkele uitsonderings het egter in Kaapland en Natal voorgekom waar die Industriële skole ooreenkomstig Ordonnansies[2] selfs sonder die wete van die S.G.O. van Kaapland opgerig is en die Westonse Landbou-vakskool glad nie oor 'n Bestuurskomitee beskik het nie. Sulke afwykings is egter deur ondersoekkomitees onder die aandag van die regering gebring wat dit probeer regstel het.

In Transvaal en O.V.S. het die verskillende Ambag- en Industriële skole onder Administrateurskennisgewings[3] hul beheerregulasies gewettig gevind en daarsonder kon die Bestuurskomitees nie handel nie, maar in Natal het die Bestuurskomitees hul eie regulasies opgestel en hulle eie vakkombinasies bepaal sonder dat die provinsiale owerheid daar iets aan gedoen het. Die Superintendent van Onderwys het slegs vier van die Bestuurslede benoem. Hierdie losse voet het egter beslis sy grondslag daarin dat die bestuurslede van die twee tegniese inrigtings nie graag onder Uniebeheer wou staan nie. Hulle wou graag outonome liggame gebly het en dit sou waarskynlik ook gebeur het as die inrigtings se geldsake gunstiger was.[4]

## (II) Finansiële Sake

Wat die geldsake van die vier provinsies betref, veral t.o.v. die tegniese en beroepsopleiding, val daar veel te sê. Eerstens is die soort opleiding se uitgawes en inkomstes nie los gehou van die gewone onderwys nie en is dit dus moeilik om gevolgtrekkings te maak. Tog

---

1. O.a. het Pietersburg, De Lagersdrift, Goedemoed en Ficksburg uit die handwerksentrum van die gewone skool ontstaan.
2. Sien Ordonnansie nr. 5 van 1919 (Willowmore se Industriële skool).
3. Sien Administrateurskennisgewings nrs. 91 van 1912 in Transvaal en 9 van 1920 in O.V.S.
4. Sien Rees: Natal Technical College, 1907 - 1957, 154.

wys die Hofmeyer-kommissie[1] daarop dat dit nie ŉ geringe taak was om syfers te bekom vir die vergelyking van uitgawes en inkomstes van die tegniese en beroepsuitgawes nie. Deur bemoeiing van die tesourie in elke provinsie is uiteindelik syfers verkry wat weer nie al die uitgawes kon dek nie, maar vorm die vergelykende syfers tog min of meer ŉ basis. In Kaapland is aan plaaslike komitees per kapita toekennings van R34.00 óf R36.00 gemaak sonder dat die kerk se uitgawes bygereken is. Die gemiddelde uitgawe per leerling vir 1923 vir die Knysna Industriële Skool was R82.90 waar dit in Natal vir Weston se Landbouvakskool, wat sonder ŉ bestuurskomitee funksioneer het, R162.00 beloop het. Natal het sy behoeftige koshuise sonder meer per leerling in stand gehou teen soveel as R122.00 waar die O.V.S. R20.00 beurse aan leerlinge toegeken het en Transvaal hoogstens R15.00. Natal is dan ook beskuldig dat sy uitgawes

> "buitensporig was en dat die Provinsiale autoriteiten echter veel kwistiger geweest zijn".[2]

Die gemiddelde uitgawe per leerling vir die O.V.S. en Transvaal was R197.00 en R166.00 onderskeidelik. Daar moet egter op gewys word dat die inkomstes van die skole nie in berekening gebring is nie. Die gemiddelde uitgawe per leerling vir staatsondersteunde skole was R51.00

In al vier die provinsies het die Hofmeyer-kommissie gevind dat

> "naauwlettender kontrole behoort uitgeoefent te worde over de toewijzing van toelagen voor logies van behoeftige leerlingen."[3]

Hierdie leerlinge is bykans in elke provinsie van nywerheidsopleiding in die een of ander skool voorsien.

(III) Houding van Outoriteite oor Oorname

Nieteenstaande die Hofmeyer-kommissie nie van die provinsiale administrasie van "Vak"-onderwys wou afsien nie, beveel hy tog aan:

---

1. Tweede Rapport van die Kommissie op die Administrasie van Onderwys.
2. Hofmeyer-kommissie, par. 199.
3. U.G. 19 - 1924, 46.

> "de instelling van een centraal lichaam met toereikend gezag om de verspilling en verkeerde plannen en gebrek aan doeltreffende aansluiting te voorkomen, die ontstaan uit de onnatuurlike verdeling van de bestaande orde."[1]

Verder is 'n Raad van Onderwys voorgestel wat oor al die onderwys magte en regte het. Die pligte van die Raad is omskryf.[2]

Met die oorname van die tegniese en beroepsonderwys waardeur die ondeelbare verder verdeel is soos alreeds etlike kere vantevore plaasgevind het, het die provinsiale outoriteite dan ook verskillend gereageer. Die Uitvoerende Komitee van Transvaal sien nie kans om die soort onderwys behoorlik te finansier met die hulp wat dit ontvang nie en verwys na die Federale Owerheid in die V.S.A. se bydrae aan die onderskeie state. Die O.V.S. spreek duidelik sy misnoeë uit, terwyl Natal se Superintendent ook op opvoedkundige gronde bedenkinge gehad het. Hy verklaar:

> "The desire of the Union Department of Education to obtain a footing in spheres debarred to them by the Act of Union is not apparent; but that it has obtained that footing is undeniable."[3]

Kaapland het aangegaan deur sy volle aandag aan die handwerkvakke in die gewone skole te gee en dit op 'n doeltreffender grondslag te bring. Die proses van oorname het egter geleidelik en langsaam geskied en is eintlik eers in 1928 afgehandel, terwyl sekere skole wat landbou-onderrig gegee het, weer in die dertiger jare aan die provinsiale outoriteite terug besorg is.

---

1. U.G. 19 - 1924, 46.
2. Ibid., par. 548 - 557.
3. N.O.D.: Jaarrapport van S.v.O. 1924, 10.